

Die Etiek van Emigrasie. 'n Christelik-etiese besinning oor
die teenswoordige Suid-Afrikaanse emigrasie.

L. Viljoen

Verhandeling voorgelê vir die Magister-graad in Etiek
aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof SJM van der Merwe

Medestudieleier: Prof JM Vorster

November 2010

Voorwoord

Nadat ek my Honneurs-graad afgehandel en Prof Vorster aan my voorgestel het om 'n Meestersgraad aan te pak met die Etiek van Emigrasie as tema, was ek baie opgewonde en het ek verwag dat dit 'n eenvoudige studie gaan wees. Dit was egter glad nie so eenvoudig soos ek geglo het dit gaan wees nie. Siende dat ek uit 'n agtergrond kom waar 'n geliefde en sy gesin ook geëmigreer het, was dit moeilik om objektief te bly en nie toe te laat dat emosies my op akademiese gebied inperk of kelder nie. Dit gesê, het hierdie studie my verryk en ek glo dit het my ook bemagtig om meer oopkop te dink oor etiese situasies en nie toe te laat dat voorveronderstellings in die pad staan van gesprekvoering nie. Nadat ek hierdie studie voltooi het is ek van mening dat geen probleem onoplosbaar is nie en dat die antwoorde selde te vinde is in ekstreme stappe of idees. Die beste kans wat 'n mens het om probleme op te los, in gesinne, gemeenskappe en lande, is om in gesprek te wees met mekaar, om mekaar se regte en opinies te respekteer en om individuele verantwoordelikhede na te kom. Dit bid ek ook toe vir elkeen in ons land en wêreld sodat ons 'n lewe van diens kan lei.

Ek betuig graag my dank aan elkeen wat my ondersteun het in die voltooiing van hierdie studie, elkeen wat vir my krag toegebid het en elkeen wat vertrouwe gehad het in my vermoëns, en selfs my hondjies wat nagte saam met my deurgesit het. Meer spesifiek wil ek my dank uitspreek aan Prof van der Merwe wat, ten spyte daarvan dat dit nie sy spesialiteitsveld is nie, as studieleier my gelei het en die nodige kritiek gelewer het. Ek dank God vir die voorreg dat ek mag studeer en ek bid dat ek tot die beste van my vermoëns in Sy diens mag funksioneer.

Opsomming

Die Etiek van Emigrasie. 'n Christelik-etiese besinning oor die teenswoordige Suid-Afrikaanse emigrasie.

Hierdie studie behandel die etiek van die teenswoordige Suid-Afrikaanse emigrasie vanuit 'n Christelik-etiese perspektief. In die eerste plek word die tersaaklike Christelik-etiese norme, basiese etiese sisteme en menseregte wat 'n rol speel in die onderwerp onder bespreking, uiteengesit en verduidelik. Tweedens word die mees algemene redes en motiverings vir emigrasie uiteengesit en geëvalueer aan die hand van die Christelik-etiese norme, etiese sisteme en menseregte. Die gevolgtrekking is dat die stap tot emigrasie nie geneem mag word sonder deeglike besinning oor individuele verantwoordelikheid in die land van geboorte en die moontlikheid dat realiteite in 'n vreemde land nie sal voldoen aan verwagtinge nie. Christene is geroep tot 'n lewe van diens in die naam van die Drie-Enige God en vir solank as wat dit moontlik is in die geboorteland en die reg op lewe nie bedreig word nie, behoort die stap tot emigrasie nie ligtelik geneem te word nie.

[Sleutelsterme: Emigrasie, etiek, globalisering]

Abstract

The Ethic of Emigration. A Christian-ethical contemplation on the current South-African emigration.

This study addresses the ethics of the South African emigration at present from a Christian ethical perspective. In the first place it evaluates the Christian ethical principles, different ethical systems as well as the human rights relevant to the subject under discussion. Secondly, the most commonly used reasons and motivations for emigration are discussed and further evaluated in the light of the relevant principles, systems and human rights. It concludes that emigration should not be considered without taking into account the important individual responsibilities in the country of birth and the possibility that reality in a foreign country may turn out to be different than expected. As Christians we are called to a life of service in the name of the Triune God and for as long as that is possible in our country of birth and our right to life is not in danger, we should not make the decision to emigrate lightly.

[Key terms: Emigration, ethics, globalization]

Inhoud

| | |
|---|-----------|
| Hoofstuk 1: Inleiding | 6 |
| Hoofstuk 2: Menseregte en die Christelik-etiese norme ter sprake | 10 |
| 2.1 Basiese etiese sisteme | 14 |
| 2.2 Menseregte | 24 |
| 2.3 Christelik-etiese norme | 30 |
| Hoofstuk 3: Argumente in die emigrasie-debat | 43 |
| Historiese oorsig | 43 |
| 3.1 Ekonomiese faktore | 45 |
| 3.2 “Laaste druppel” | 46 |
| 3.3 Misdaad en geweld | 47 |
| 3.4 Rassisme | 50 |
| 3.5 Xenofobie | 53 |
| 3.6 Individualisme | 55 |
| 3.7 Kulturele en beskawingsverskille | 57 |
| 3.8 Verlies aan ‘n etniese droom | 59 |
| 3.9 Sekuriteit van eiendom | 60 |
| 3.10 Toekomsmoontlikhede van kinders | 61 |
| 3.11 Loopbaanbevorderingsmoontlikhede | 62 |
| 3.12 Sosiale identiteit | 63 |
| 3.13 Vaderlandstrots | 64 |
| Hoofstuk 4: Beoordeling van argumente oor emigrasie | 66 |
| 4.1 Ekonomiese faktore | 66 |
| 4.2 “Laaste druppel” | 69 |
| 4.3 Misdaad en geweld | 71 |
| 4.4 Rassisme | 75 |
| 4.5 Xenofobie | 78 |
| 4.6 Individualisme | 81 |
| 4.7 Kulturele en beskawingsverskille | 84 |
| 4.8 Verlies aan ‘n etniese droom | 85 |

| | | |
|--|----------------------------------|------------|
| 4.9 | Sekuriteit van eiendom | 87 |
| 4.10 | Toekomsmoontlikhede van kinders | 89 |
| 4.11 | Loopbaanbevorderingsmoontlikhede | 91 |
| 4.12 | Sosiale identiteit | 93 |
| 4.13 | Vaderlandstrots | 94 |
| Hoofstuk 5: Gevolgtrekkings en aanbevelings | | 97 |
| Bibliografie | | 106 |

HOOFSTUK 1

Inleiding

1. PROBLEEMSTELLING

1.1 Oriëntering

Die oorkoepelende tema van hierdie verhandeling is emigrasie. Emigrasie is 'n algemene fenomeen regoor die wêreld. Hierdie fenomeen kan daartoe lei dat kulture en verhoudings skipbreuk lei. Meilaender (2007:10) sê dat gesprekke oor emigrasie dikwels die morele sake op die spel vereenvoudig of skeeftrek. Emigrasie het in elke nasionaliteit ingekruip en niemand is onaangeraak gelaat daardeur nie. Die effek van emigrasie is nie altyd te wyte aan geliefdes wat emigreer nie, maar ieder en elk (ten minste in Suid-Afrika) word geraak deur die sogenaamde “brein-kwyn”-effek.

Die “brein-kwyn”-effek verwys na die verskynsel waar opgeleide, gekwalifiseerde mense die land verlaat op soek na veiligheid of beter betaling en dies meer, terwyl baie ongekwalifiseerde mense agterbly. “South Africa is experiencing a general skills crisis, especially pertaining to the retention of its top talent or ‘knowledge workers’” (Kerr-Phillips & Thomas, 2009:1). Dit versteur die balans in die land en gespesialiseerdheid word al skaarser. Hierdie navorsing bestudeer dus die verskynsel van emigrasie om antwoorde te kan gee op die vrae oor hoe gelowiges emigrasie uit 'n Christelike etiese oogpunt moet beoordeel. Elkeen wat wil emigreer het 'n verantwoordelikheid om ook die medemens in ag te neem. Dit word verwoord deur Kapur en McHale (2006:306) as hulle sê dat emigrasie van bekwame en geskoolde mense dalk vir hulleself voordele en geleenthede kan inhou, maar dit beteken slegte nuus vir 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika.

Diegene wat emigreer as gevolg van beter finansiële vooruitsigte en die individu vooropstel, kan beskryf word as kapitaliste, terwyl diegene wat in Suid-Afrika agterbly en die geheel van die samelewing vooropstel, beskryf kan word as sosialiste. “Op ekonomiese gebied tree hierdie twee lewensvorme as Kapitalisme en (ekonomiese) Sosialisme na vore. Eersgenoemde glo dat solank die individu die absolute beskikkingsmag oor sy ekonomiese middele het en deur middel van die vrye mark (waar die ‘wet’ van vraag en aanbod geld) outonoom daarmee kan handel, geregtigheid in die

samelewing gewaarborg sal wees. Laasgenoemde staan presies die teenoorgestelde voor: die samelewing moet die absolute beskikkingsmag oor die ekonomiese middele hê. Gevolglik sien die Kapitalisme die Sosialisme as die groot sondaar as dit ekonomies nie goed gaan nie, en die Sosialisme beskuldig weer die Kapitalisme” (Van der Walt, 1988:52). Van der Walt gaan verder deur te stel dat albei hierdie lewensvorme uit die selfde wortel groei: die oortuiging dat die mens absoluut outonoom is en beskikkingsmag oor ekonomiese middele het, maar dat hierdie oortuiging foutief is, siende dat die mens slegs rentmeesters van God is.

Globalisering het in die onlangse verlede groot opslae begin maak. Goldin & Reinert (2007:2) omskryf globalisering soos volg: “Globalization is an often-discussed but seldom-defined phenomenon. At a broad level, globalization is an increase in the impact on human activities of forces that span national boundaries. These activities can be economic, social, cultural, political, technological, or even biological...”. Hierdie aktiwiteite gee outomaties aanleiding tot die beweging van data, tegnologie en mense teen ‘n ongekende tempo tussen lande. Een van die uitvloeisels is ‘n toename in migrasie en emigrasie. Ter wille van die globale ekonomie emigreer mense sonder om dieper oor die gevolge na te dink. Bittermin mense bly onaangeraak deur emigrasie en dit wil blyk asof emigrasie die universele kultuur geword het van die eeu. Dit blyk uit die emigrasie-syfers aangetoon deur Simelane (1999:6-7) as hy noem dat die jaarlikse gemiddelde Suid-Afrikaanse emigrante tussen 1989 en 1992 4500 was en dat hierdie getal verdubbel het tussen 1993 en 1999. Statssa (2003) lewer verslag dat daar in 2002 10 890, en in 2003 16 165, mense gedokumenteer is wat geëmigreer het uit Suid-Afrika. ‘n Logiese uitvloeisel van hierdie situasie is die feit dat dit die land ontnem van kundigheid wat ontwikkeling kortwiek.

1.2 Probleemstelling

Na aanleiding van die probleme wat geskep word deur grootskaalse emigrasie, is daar ‘n soeke na antwoorde op die vraag na etiese, geldige redes vir emigrasie. Mense kan in hoofsaaklik twee groepe verdeel word op grond van hulle oortuigings betreffende emigrasie. Hierdie twee groepe kom duidelik na vore wanneer geluister word na gesprekke betreffende emigrasie. Daar is die groep wat van oortuiging is dat emigrasie ‘n sonde is en dat ‘n emigrant sy/haar rug op sy/haar land, herkoms en roeping van God (en dus ook op God se wil) keer. Dan is daar die tweede groep, wat van oortuiging is dat

'n mens sy/haar eie veiligheid, asook die veiligheid, finansiële versorging en die toekoms van sy/haar kinders, moet verseker. As 'n mens dus hierdie verantwoordelikheid wat God aan die mens gegee het wil nakom, is dit ook sy/haar verantwoordelikheid om hul geboorteland te verlaat as gevaar dreig. Aangesien albei hierdie groepe hulle dikwels op 'n Bybelse etiek beroep om hulle oortuigings te motiveer, is die besprekings wat in kerklike tydskrifte gevind kan word van groot belang vir die studie. Hierdie ondersoek sal dus daarna strew om die volgende vraag te beantwoord: **Wanneer is Suid-Afrikaanse emigrasie die gelowige geoorloof en wanneer moet hierdie emigrasie as oneties beskou word?**

Die vrae wat hieruit voortspruit, is:

- Watter Christelike etiese argumente mag 'n rol speel by die oorweging van emigrasie?
- Watter argumente word aangebied in die emigrasie-debat?
- Hoe behoort die argumente in hoofstuk 3 beoordeel te word in die lig van die beginsels in hoofstuk 2?

2. DOELSTELLINGS

Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om vas te stel wanneer emigrasie 'n gelowige geoorloof is en wanneer dit teen die Christelike etiek indruis.

Doelwitte

Die spesifieke doelwitte van die studie is:

- Om te ondersoek wat die Christelike etiek bepaal ten opsigte van emigrasie;
- Om die argumente vir en teen emigrasie te ondersoek;
- Om die argumente te beoordeel volgens die Reformatoriese tradisie;
- Om sinvolle gevolgtrekkings en aanbevelings te maak.

3. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Daar is tans argumente vir en teen emigrasie wat aangebied word in die emigrasie-debat. In die lig hiervan word die mees algemene redes in hierdie studie uiteengesit en bespreek. Die sentrale teoretiese argument van die studie is dat die emigrasie van

gelowiges uit Suid-Afrika bevraagteken kan word in die lig van deontologiese Christelik-etiese argumente.

4. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Hierdie teologies-etiese studie word gedoen vanuit die Reformatoriese tradisie.

In die beantwoording van die verskillende navorsingsvrae, word die volgende metodes gebruik:

- 'n Vergelykende literatuurstudie om die Christelik-etiese beginsels te identifiseer en om Bybelse beginsels te ontgin vir die vrae rondom emigrasie.
- 'n Literatuurstudie om die argumente in die emigrasie-debat te ondersoek en om standpunte in die verlede en die hede op te som en uiteen te sit.
- Die beoordeling van die argumente vir en teen emigrasie, word gedoen teen die agtergrond van die Christelik-etiese argumente, soos opgesom sal word in hoofstuk twee van hierdie studie.
- Bogenoemde metodologie sal noukeurig toegepas word om sinvolle gevolgtrekkings te maak oor die onderwerp van emigrasie, en die studie sal gebruik word om Christelik-etiese aanbevelings te maak.

HOOFSTUK 2 – Menseregte en die Christelik-etiese norme ter sprake

Inleiding

Emigrasie verwys na die verlating van jou eie land om in 'n ander land te gaan woon (Odendaal & Gouws, 2000:204). Emigrasie is al van die vroegste tye af 'n algemene verskynsel in die wêreld. Dit het in die geskiedenis selfs 'n keer of wat op groot skaal plaasgevind. Die geval waarna daar in hierdie konteks verwys word is die emigrasie van die Franse Hugenote (sien Historiese oorsig) in die laat 1600's, waar duisende gevlug het na Switserland, Duitsland, Engeland, Amerika, Nederland, Pole en Suid-Afrika. Die duisende mense wat nou uit Suid-Afrika emigreer (en in die laaste dekade of twee geëmigreer het), kan moontlik dink dat hulle voor dieselfde probleme te staan gekom het as die wat aanleiding gegee het tot die emigrasie van die Franse Hugenote. Dit word meer volledig bespreek in Hoofstuk 3 van hierdie studie.

Emigrasie het in die laaste dekade of twee besonder aktueel geword in Suid-Afrika. Nie juis omdat dit 'n nuwe verskynsel is nie, ook nie dat dit nooit in Suid-Afrika voorgekom het nie. Kerr-Phillips & Thomas (2009:1) verwys na drie piektye in emigrasie uit Suid-Afrika, waarvan die eerste voorgekom het in 1977, na die Soweto-opstande. Die tweede groot uittoeg was in 1986 en die derde piektyd het begin in 1994, nadat die ANC aan bewind gekom het. Hulle sê dat die laaste tien jaar getuig van 'n drastiese toename in emigrasie uit Suid-Afrika. Hierdie emigrasie uit Suid-Afrika vind nou op so 'n groot skaal plaas en teen so 'n vinnige tempo, dat geen inwoner van hierdie land homself as onaangeraak deur emigrasie kan beskou nie. Die teenswoordige emigrasie lei tot groot verliese in terme van kundigheid wat die land verlaat. Verder word die getalle van emigrante vervang met immigrante (dikwels onwettig) wat die land instroom, veral vanaf Suid-Afrika se buurstate, op soek na werk. Voor 1994 was emigrasie dikwels die gevolg van die Apartheidsregering en burgers se teenkanting teen daardie beleid. In 1994 het 'n draaipunt in die situasie voorgekom. Die Apartheid van die verlede is tot niet gemaak en die idee van 'n "Reënboognasie" waar almal gelyke regte het, het verskyn. Saam met hierdie verwikkelinge is Regstellende Aksie ingestel.

In Suid-Afrika is die beleid en proses van regstellende aksie ingestel om die wanbalanse wat in die vorige bedeling tussen witmense en swartmense en tussen mans en vrouens tot stand gekom het, te herstel. Die wanbalanse is veroorsaak deur die stelsel van

apartheid en seksisme in die werkplek (Vorster, 2006:226). Dus is die onreg van die verlede die regverdiging vir Regstellende aksie. Regstellende aksie word behandel in die grondwet (hoofstuk 2), die reg tot gelykheid lui nou soos volg:

Gelykheid sluit die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in. Ten einde die bereiking van gelykheid te bevorder, kan wetgewende en ander maatreëls getref word wat ontwerp is vir die beskerming of ontwikkeling van persone, of kategorieë persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is (Sentrum vir Grondwetlike regte, 1996:3). Hieruit blyk dit duidelik dat die bedoeling van hierdie beleid 'n eerbare een was/is. Ongelukkig lyk dit nie of regstellende aksie suksesvol toegepas is nie. “Die manier hoe die huidige regering die beleid toegepas het, was hoegenaamd nie reg nie, aangesien hulle blankes summier afgedank het en hulle plekke gevul het met nie-blankes. Soms of in die meeste gevalle was daardie nie-blankes nie eers in die besit van 'n erkende kwalifikasie nie, maar is net daar geplaas om die arbeidsmag in middel- en hoë-vlak beroepe in te kleur” (Fransman, 2002:33).

Fransman maak sterk aantygings, maar die kruk van die saak bly egter dieselfde. Die toepassing van regstellende aksie word uit baie oorde bevestig. Vorster (2007:27) noem die volgende kritiese vrae wat gevra word oor die toepassing van regstellende aksie in Suid-Afrika:

“Is dit nie maar net 'n uitdrukking van omgekeerde rassisme nie? Word die jongmense van vandag, wat niks met die onregte van die verlede te doen gehad het nie, nie nou onregverdig benadeel nie? Is dit werklik in die belang van die land gesien die nypende tekort van kundigheid wat ons tans ervaar? Voed so 'n beleid nie anti-wit rassisme en benadeel dit nie eintlik versoening nie? En dan kan met reg gevra word of dit werklik daarin slaag om die lewenspeil van swart Suid-Afrikaners te verbeter en of dit nie maar net 'n swart ekonomiese elite skep wat die rug keer op hulle behoeftige landgenote nie.”

Onsekerhede en vrae soos bogenoemde speel 'n groot rol in die teenswoordige emigrasie uit Suid-Afrika, siende dat die vrae meestal onbeantwoord bly en lei tot moedeloosheid en wantroue in die regering van die dag.

Emigrasie raak nie net individue nie, maar ook sisteme. Die effek van emigrasie blyk uit die agteruitgang van beskikbare dienste en kundigheid in Suid-Afrika. Die sogenaamde “brein-kwyn”-effek word al duideliker. Du Plessis (2009:4) verwys na 'n omvattende

verlies van kundigheid en vaardigheid in die publieke diens. Du Plooy (2008:10) noem dat swak regering op die verskillende vlakke van regering, soos dit in dorpe/stede, provinsies/streke en in nasionale verband op verskillende wyses beleef word, een van die grootste motiewe vir emigrasie is.

Van bogenoemde feit kan afgelei word dat emigrasie nie 'n saak is wat maar ligtelik opgeneem kan word nie. Wat hierby aansluit is die wêreldwye globalisering wat tans plaasvind en verbind kan word met emigrasie. “Ekonomies het dit byvoorbeeld die gevolg dat lande nie meer alleen hulle eie ekonomieë kan beplan en reguleer nie. Ook op politieke gebied verloor regerings mag, omdat multinasionale ondernemings geweldige invloed verkry het. Globalisering kan ook tot die sosiale en kulturele disintegrasie van tradisionele, lokale gemeenskappe lei.” (Van der Walt, 2004:265).

Emigrasie is eenvoudig 'n saak wat almal in Suid-Afrika persoonlik raak. Ongelukkig is dit ook 'n saak waarvan die probleme en implikasies, wat daarmee gepaard gaan, glad nie so duidelik sigbaar is vir buitelanders nie. Talle kundiges is van mening dat emigrasie slegs 'n goeie beweging is wat ondersteun moet word, aangesien dit beteken dat mense soek na beter lewensomstandighede en waarskynlik sal bydra tot die ekonomie van die land waarheen hulle emigreer. Moses (2006:x) stel emigrasie in 'n baie positiewe lig met die volgende woorde: “I believe that free migration offers the potential and hope to better an unjust world. If this potential is not immediately obvious, it may be because so much of it is hidden beneath layers of political rhetoric, xenophobia and historical amnesia.” Hierdie stelling is tot 'n groot mate geldig, veral as dit beskou word vanuit 'n situasie buite Suid-Afrika se grense. Dit moet ook genoem word dat sy boek “International Migration” geskryf is teen die agtergrond dat hy van mening is dat juis diegene wat ontnem word van voordele en voorregte (of hul menseregte) oor die keuse en vryheid moet beskik om na 'n ander land te gaan waar hulle beter toegang tot hierdie dinge het. Dit geld solank die emigrasie op 'n wettige wyse geskied. Die probleem lê egter by die moreel-etiese sake wat nie leefruimte het by hierdie standpunt nie. Met moreel-etiese sake word daar verwys na daardie sake wat gaan oor die gelowige se verantwoordelikheid tot sy/haar medemens en God. Bogenoemde standpunt van Moses maak sin as migrasie en emigrasie soos die oplossing op 'n wiskunde-probleem benader word. Daar is egter soveel meer aan die kwessie as die prentjie wat van buite af gesien word. Byvoorbeeld die komplekse verhouding tussen die

owerheid en inwoner van die land, dit sluit die kwessie van mag en persepsies in. Verkeerde persepsies en te veel mag lei dikwels tot ongebalanseerdhede.

Suid-Afrika verkeer in 'n penarie vanweë 'n uitvloei van geskoolde mense en kundiges in verskeie velde. Snymans Incorporated (s.a.) berig dat Suid-Afrika in 2002 reeds een derde van sy geskoolde kundiges afgestaan het aan die buiteland en dat 70% van die wat nog oor is, ook emigrasie oorweeg. Du Plooy (2008:34) sê dat onsekerhede oor belangrike sake soos die grondkwessies (bv. nuwe wetgewing oor onteiening), kragvoorsiening, onbeheersde toestroming vanuit buurlande en elders uit Afrika, en onrustighede op die gebied van onderwys een van die groot redes is waarom mense die land verlaat. Hierdie uitvloei word egter gebalanseer deur 'n invloei. Daar is 'n sterk invloei van ongeskoolde inwoners van die buurstate soos Zimbabwe en Mosambiek wat na Suid-Afrika stroom met die hoop op werksgeleenthede. Die probleem is dat die invloei ongeskoolde groepe is, wat swaarder steun op die ekonomie van die land en geensins bydra tot die verligting of verbetering van die tekort aan kundigheid wat in die gesig gestaar word nie. Onkunde en vrees oor hierdie situasie kan lei tot vlae van xenofobiese aanvalle of haataanvalle soos die wat in 2008 plaasgevind het. Dit is die realiteit wat die gelowige mens moet aanspoor tot 'n morele benadering tot die probleem, aangesien die pragmatiese benadering (wat vir sommiges in die wêreld 'n oplossing was) nie suksesvol was in Suid-Afrika nie.

'n Verdere, en veel dieper probleem, wat hierdie studie uit 'n moreel-etiese perspektief noodsaak, is die frustrasie en aggressie wat met emigrasie verband hou. Diegene wat in Suid-Afrika agterbly voel gefrustreerd aangesien daar niks is wat een persoon kan doen om die uitvloei te stop nie. Saam met frustrasie kom dikwels aggressie, nie noodwendig aggressie wat manifesteer in fisiese skade nie, maar opstandigheid. 'n Opstand teen die omstandighede wat emigrasie laat voortduur. Die oorsprong van hierdie frustrasie en opstand kan opgesom word in die feit dat mense wat agterbly figuurlik gesproke voel dat hul hande afgekap is. Die mens in sy gevallenheid blameer maklik ander mense of God vir die probleem. Ons sien dit al in die heel eerste boek in die Bybel. In Genesis 3 blameer Adam vir Eva, moeder van die mensdom, vir sy sonde en op haar beurt blameer sy die slang vir haar sonde. Die mens is in sy gebrokenheid geneig om altyd iemand anders te soek om te blameer vir sy pyn, swaarkry, foute en ook swak besluite. As daar oor emigrasie gepraat word, is dit dikwels die geval dat die gesprek eindig in 'n

politiese debat. Debattering opsigself is nie skadelik nie, maar wanneer dit egter die Christen laat optree op 'n aggressiewe en opstandige wyse, los dit niks op nie.

Suid-Afrikaners regverdig dikwels hul oortuigings rakende emigrasie deur die regering te beskuldig daarvan dat hulle die lewe in Suid-Afrika ondraaglik maak. Emigrante na die buiteland word soms as lafaards uitgekryt. Beskuldigings en aantygings soos hierdie lei nie tot 'n beter verstaan van, of oplossing vir, die probleem van emigrasie nie. Inteendeel, dit veroorsaak wrywing en negatiwiteit. Nadenke en introspeksie oor die hantering van hierdie situasie is ieder en elk se verantwoordelikheid teenoor sy/haar medemens. Suid-Afrika mag in geen opsig verafgod word deur oordrewe patriotisme nie. Volgens die negende gebod moet gelowiges mekaar se eer beskerm en nie ondeurdagte beskuldigings en oordele fel nie. Daar is dus 'n veel dieper aspek aan emigrasie en dit het dalk 'n groter effek op die mens se verhouding met God as wat besef word. Daarom is hierdie studie uiters noodsaaklik, sodat daar gepoog kan word om 'n idee te kry van watter oorwegings in ag geneem behoort te word en watter optrede moreel-eties in lyn met God se Woord is.

2.1 Basiese etiese sisteme

Omdat hierdie 'n Christelik-etiese studie is, sal dit sinvol wees om eers te kyk na die ses basiese etiese sisteme. Die plek van die etiese sisteme in hierdie studie is om duidelikheid te verleen rakende die eienskappe van 'n Christelike etiese perspektief. Dit kan ook sinvol wees indien die verskillende argumente vir emigrasie in die konteks van hierdie sisteme geplaas word. Sodoende kan 'n beter begrip van, en oordeelsvermoë betreffende, emigrasie gevorm word. Die ses basiese etiese sisteme word verkort en selektief vanuit Geisler (2005) bespreek, aangesien hierdie studie vanuit 'n moreel-etiese perspektief is, en dit ook die perspektief is wat deur Geisler gebruik word in die bespreking en beoordeling van die ses basiese etiese sisteme. Hierdie sisteme word weergegee voordat daar in die volgende hoofstuk aandag gegee word aan die norme van 'n Christelike etiek vir emigrasie.

1. Antinomianisme (Geisler, 2005:29-42)

Die basiese oortuigings van die antinomianiste is dat daar geen God-gegewe, objektiewe of tydlose morele wette is om morele gedrag te bepaal nie. Verder is daar geen wette teen wette nie. Dit beteken dat hulle nie teen wette opsigself is nie, maar bloot sonder enige wette. Die Christelike etiek, en dus ook die

reformatoriese benadering, kan homself nie versoen met hierdie etiese sisteem nie, siende dat hierdie sisteem geen wette of respek vir God as wetgewer het nie en Christene die Wet van God as altyd-geldend en vas bely. D'Assonville (2009:732) bespeek die wyse waarop Calvin die Skrifgesag beskou het: "Deur te verwys na dit wat "vasstaan uit die Woord", lig hy die Skrif se primaat in die gesagsvraag uit. Die hele Skrif word as die Woord van God geag en geld vir die (hele) kerk as sodanig."

Die kerkorde speel 'n belangrike rol in die ordelike bestaan van die kerk volgens die reformatoriese tradisie. Ook die kerkorde is onderworpe aan die gesag van die Skrif. "Die kerkorde bevat die *quod* (die Skrifbeginsels) en is sodoende die *modus quo* (die wyse) waardeur die kerk op Skrifgronde opgebou moet word... 'n oortreding van die kerkorde moet dus slegs as 'n oortreding geag word in soverre dit 'n oortreding van die Skrif is" (Smit, 2008:605).

Die antinomianistiese sisteem, wat in stryd is met Skrifgesag, sluit die volgende oortuiginge in:

- Hedonisme: Die oortuiging dat wat plesier verskaf goed is en wat pyn verskaf verkeerd of sleg is. Hierdie oortuiging hou nie stand nie, siende dat alle pyn nie sleg is nie (bv. waarskuwingspyn) en dat alle plesier of genot nie goed is nie (bv. Sadisme).
- Skeptisisme: Niks is ooit absoluut reg of verkeerd nie. Hierdie beskouing maak nie sin nie, siende dat sommige dinge nie onseker is nie, dit is byvoorbeeld altyd reg om getrou te wees aan 'n verkose lewensmaat.
- Intensionalisme: 'n Goeie intensie maak 'n daad reg en 'n slegte intensie maak 'n daad verkeerd. Die geskiedenis staan as bewys dat 'n goeie intensie nie genoeg is om 'n daad reg te maak nie, Hitler het duisende mense vermoor met die goeie intensie om 'n suiwer ras te voorskyn te bring.
- Voluntarisme: 'n Daad is slegs reg omdat God dit wil, maar Hy wil dit nie omdat dit reg is nie, dus kan dit verander. Hierdie oortuiging maak God arbitrêr en nie inherent goed nie, dit stel God se wil bo Sy eie natuur en laat dit onafhanklik funksioneer. Dit maak dus nie sin nie, en kan nie deur die Christen aanvaar word nie.

- Evolusionisme: Wat ook al bydra tot die evolusionêre proses is goed en reg, wat ook al in die pad daarvan staan is verkeerd. Hierdie stelling is heeltemal te vaag om bevredigend te wees. Is die doelwit van ontwikkeling en die evolusionêre proses biologies, polities of moreel? Wie neem die besluit of 'n aksie sal bydra daartoe of in die pad daarvan staan?
- Emotivisme: Etiese stellings is slegs 'n uitdrukking van gevoel, bv. Wanneer God sê dat 'n mens nie mag moord pleeg nie, sê Hy eintlik net dat Hy nie van moord hou nie. Wanneer daar op hierdie wyse met etiese stellings omgegaan word skryf die mens eerder voor wat 'n etiese stelling behoort te beteken eerder as om te luister na wat dit wel beteken.
- Situasionisme: Alles is relatief tot die situasie waarin die individu verkeer. 'n Persoon kan nie stel dat alles relatief is, sonder dat hy/sy 'n absolute maatstaf het om hierdie relatiwiteit aan te meet nie. As hierdie etiese sisteem toegepas word op emigrasie, beteken dit dat daar geen riglyne is vir wanneer, hoe en hoekom emigrasie mag plaasvind nie, behalwe die mens se eie besluit en voorkeur. Dit sal beteken dat die besluit om te emigreer gerus ligtelik geneem mag word en dat die emigrant se verantwoordelikheid slegs strek tot by die bevrediging van sy/haar persoonlike doelwit. As 'n persoon bv. emigreer omdat hy/sy glo dat hulle meer finansiële sekuriteit elders sal geniet, dan is persoonlike baat al wat vir die persoon saak maak.

Die Christelike etiek lê groot klem op die gelowige se verantwoordelikheid teenoor die medemens. Dit word bespreek en opgesom Emmanuel Levinas, by monde van Van der Merwe & De Voss (2008:1): "He argues that we are in an asymmetrical relationship with our neighbour that pre-destines us to ethical responsibility even before consciousness or choice. In the face-to-face encounter an infinity and alterity about our neighbour is revealed, which is irreducible to our ontological grasp, and thereby compels us to respond to him. It is also through this relation that our humanity is released as our solipsistic 'all-for-myself' becomes a 'being-for-the-other'. Furthermore, the 'I' is irreplaceable, thereby making each of us ethically responsible for our neighbour, even to the point of

responsibility for his material misery.” Gesien in die lig van ‘n etiek van verantwoordelikheid, is antinomianisme nie ‘n bruikbare etiese sisteem vir die christen nie.

2. Situasionisme (Geisler, 2005:43-61)

Situasionisme het slegs een wet wat aangehang word en dit is die wet van liefde. Verder is daar baie algemene reëls van wysheid en ‘n oomblik van besluitneming. Die Christen behoort dadelik te kan sien dat een norm te algemeen is, siende dat dit amper so goed soos normloosheid is. Liefde alleen as ‘n norm word nie konkrete inhoud gegee nie. Geen norm kan suksesvol en rasideel wees sonder inhoud nie. Situasionisme gaan te werk op grond van die volgende beginsels:

- Pragmatisme: Wat werk of bevredig in die naam van liefde. Daar word geen inhoud gegee aan hierdie een norm van liefde nie, dit is essensieel sonder inhoud. Die probleem wat hier ontstaan is dat elkeen se begrip van “liefde” verskil, daarom sal daar chaos ontstaan omdat elkeen ‘n ander doel voor oë mag hê in die naam van liefde.
- Relativisme: Onveranderlik in die “hoekom” (vir die saak van liefde), maar veranderlik in die “wat” en “hoe”. As die absolute liefdesnorm sonder konkrete inhoud is behalwe vir die relatiewe situasie, dan is die spesifieke betekenis van liefde relatief en nie absoluut nie. ‘n Situasie kan ook nie bepaal wat reg of verkeerd is in die naam van liefde nie, God bepaal dit. Die situasie kan ‘n mens net wys in die rigting van watter wet van God van toepassing is in hierdie situasie.
- Positivisme: Waardes word voluntaristies afgelei, nie rasideel nie.
- Personalisme: Morele waardes is nie net wat mense uitdruk nie, maar persone is die uiteindelijke morele waarde. Dinge moet gebruik word, mense moet liefgehê word. Die mens en liefde vir die mens is al waarvoor dit alles gaan, verder mag ‘n mens maak en breek soos hy wil, solank die uiteinde die uitlewing van liefde is.

Toegepas op emigrasie beteken dit dat solank die besluit om te emigreer geneem word uit liefde, is dit die regte besluit. Dadelik word dit duidelik hoe onprakties hierdie een-norm sisteem is. Hoe besluit ‘n mens nou tussen liefde vir sy/haar huisgesin of liefde vir diegene wat agterbly in Suid-Afrika? As dit gaan oor liefde aan die meeste mense op die lange duur, hoe word liefde gedefinieer? Is dit om

by mense te wees? Of is dit om hulle te versorg? Is dit liefde vir mense in die land waarheen moontlik geëmigreer word of liefde vir die inwoners van die land waaruit geëmigreer? Dit blyk duidelik dat hierdie sisteem geen duidelike riglyn gee vir die hantering van 'n behoefte om te emigreer nie.

3. Algemensisme (Geisler, 2005:63-78)

Die voorveronderstelling hier is dat daar by die algemene reëls gehou moet word, nie omdat dit intrinsiek verkeerd sal wees om die verbode daad te doen nie, maar slegs omdat uitsonderings op enige etiese wet 'n praktyk is wat geneig is om meer kwaad as goed tot gevolg te hê. Met ander woorde, die daad word nie beoordeel op grond van sy intrinsieke en universele waarde nie, maar op grond van die resultaat. Hierdie beskouing is 'n voorbeeld van teleologiese etiek, dit beteken dat die doel die middele heilig of dat die resultaat bepaal of 'n daad reg of verkeerd is. 'n Christelike etiek is nie in ooreenstemming hiermee nie. Christelike etiek is hoofsaaklik deontologies van aard. Dit beteken dat die daad vir homself moet spreek en die reël bepaal die resultaat en die reël moet goed wees ten spyte van wat die resultaat mag wees. Die volgende is beginsels wat onder hierdie sisteem val:

- Kwantitatiewe utilitarianisme: Die plesier-calculus. Die grootste goed vir die grootste hoeveelheid op die lang duur. Die plesier-calculus kan nie standhou nie, want wie bepaal wat die grootste goed is en hoe lank is die langtermyn? Christelike etiek kan dus nie saamstem met kwantitatiewe utilitarianisme nie.
- Kwalitatiewe utilitarianisme: Plesier word kwalitatief gedefinieer. Gekultiveerde plesier is beter as ongekultiveerde plesier, bv. 'n mens sal eerder 'n ongelukkige swaap wees as 'n gelukkige vark. Hoe kan 'n mens weet watter aksie die hoogste soort plesier sal bring vir die meeste mense? As daar nie 'n absolute standaard is nie, kan dit nie bepaal word nie.
- Plesier word normatief bepaal: Daar is geldige morele waardes, oortuiginge, ensovoorts om menslike besluite te lei na die maksimale goeie resultate in die samelewing, maar geen van hulle is universele reëls of sonder uitsondering nie. Hierdie algemene reëls mag slegs verbreek word as dit die grootste goed vir die grootste hoeveelheid op

die spel plaas, maar hierdie uitsondering lei ons slegs terug na die vraag: Hoe weet 'n mens wat die grootste goed vir die grootste hoeveelheid is?

- Reëls is slegs algemeen geldig: Dit is bruikbaar, maar nie universeel absoluut nie.

Wanneer bogenoemde sisteem toegepas word op emigrasie, is daar geen riglyn te vinde nie. Wie besluit wat die grootste goed vir die grootste hoeveelheid behels? Hoe weet een mens wat die positiewe effek van emigrasie sal wees vir watter hoeveelheid mense in watter land? Wat is die algemene wet ter sprake by emigrasie? Baie mense emigreer en baie mense emigreer nie. Hierdie sisteem skiet dus ver te kort om moreel-etiese leiding te bied vir 'n voornemende emigrant.

4. Ongekwalifiseerde absolutisme (Geisler, 2005:79-96)

Die basiese standpunt van ongekwalifiseerde absolutisme is dat alle morele konflikte net oënskynlik is, maar dit is nie 'n werklikheid nie. Sonde is altyd vermydelik.

Ongekwalifiseerde absolutisme behels die volgende beginsels:

- Sonde kan altyd vermy word, selfs 'n leuen om 'n lewe te red is verkeerd. Bybelse voorbeelde waar oneerlik opgetree is om lewens te red en dat die daad nie eksplisiet deur God as sonde veroordeel is nie, word weggeredeneer deur ongekwalifiseerde absolutisme. Josua 6, waar die prostituut Ragab die verkenners weggesteek het, is slegs een voorbeeld waar gelieg is om lewens te red, en God gee geen beoordeling of veroordeling daarvan nie.
- Ons het een universele plig en dit is om mense as die doel te behandel, en nie as 'n middel tot 'n doel nie.
- God se wet is absoluut. Hiermee is die Christelike etiek eens.
- Een belangrike kwalifikasie: Bedrieg is nie dieselfde as lieg nie. Kan ons regtig 'n onderskeid tref tussen die konsepte van lieg en bedrieg?
- Die voorsienigheid van God: Hy gee altyd 'n derde opsie, as ons Hom net vertrou. Hierdie is nie die waarheid nie. Nêrens belowe God dat 'n derde opsie sal opduik nie. Die Bybel is vol voorbeelde waar daar nie 'n derde opsie was nie.

Hierdie sisteem is bitter-moeilik om toe te pas op emigrasie. Al manier waarop hierdie sisteem en emigrasie in verhouding staan, is dat emigrasie die onbruikbaarheid van hierdie sisteem uitwys. Emigrasie is 'n lewensgrootte voorbeeld van 'n situasie waar daar nie 'n derde opsie beskikbaar is nie, dit is 'n morele konflik. Die morele konflik lê in die verantwoordelikheid wat die gelowige het teenoor sy/haar familie en geliefdes en naaste waar hy/sy hom/haar tans bevind en aan die ander kant die verantwoordelikheid wat die gelowige ervaar om hom-/haarself te vestig in 'n land waar dinge dalk beter mag gaan en dit dalk veiliger sal wees vir sy/haar gesin. Ongekwalfiseerde absolutisme verskaf dus nie 'n bevredigende riglyn nie, siende dat dit die kern van die probleem ontken.

5. Konflikruerende absolutisme (Geisler, 2005:97-111)

Die mens leef in 'n gevalle wêreld waar morele konflikte regtig voorkom en egte konflikte is. Volgens hierdie sisteem, wanneer die twee pligte in konflik is, is die mens moreel verantwoordelik om albei na te kom. Dus, die aanbeveling is om maar die kleiner kwaad te doen en vergifnis te vra vir die plig wat nie nagekom is nie. Die basiese tendense van konflikruerende absolutisme is die volgende:

- God se morele wet is absoluut. Hiermee stem 'n Christelike etiek ooreen. God se wet en sy natuur is absoluut.
- Morele konflikte is onvermydelik. Die feit dat 'n morele konflik onvermydelik is beteken nie dat 'n mens vrygestel word daarvan om albei na te kom nie. Hierdie tendens maak nie sin nie, siende dat die onvermydelike juis beteken dat 'n mens nie enigiets kon doen om die situasie te vermy nie. En as dit sonde is om net een van die pligte na te kom, beteken dit dan dat Jesus gesondig het? Of jok die Bybel wanneer dit sê dat Christus sonde was?
- Die plig om die kleiner kwaad te doen. Dit is 'n absurde idee om voor te stel dat die mens verplig is om kwaad te doen, al is dit die kleiner kwaad.
- Vergifnis is beskikbaar. Hiermee stem 'n Christelike etiek saam, maar nie dat God 'n mens kwalik neem vir 'n onvermydelike situasie nie.

Wanneer 'n gelowige dit oorweeg om te emigreer en die morele verantwoordelikhede dan in konflik is, maak dit glad nie sin om die persoon te beskuldig van sonde as hy/sy besluit om nie te emigreer nie of andersom.

Besluite gaan nie altyd oor kleiner kwaad en slegs die reg of verkeerd van die besluit opsigself nie, maar dikwels gaan dit ook oor die wyse waarop daar omgegaan word met 'n probleem of konflik. Volgens hierdie sisteem, sondig die gelowige, of hy nou emigreer of nie, deur die besluit wat hy/sy neem. Dit is tog absurd.

6. Gegradeerde absolutisme (Geisler, 2005:113-132)

Soms is morele pligte in konflik en die mens word nie verantwoordelik gehou as hy/sy die hoogste plig nakom nie. Dit is die grootste goed, en nie die kleinste kwaad nie, as die hoogste van twee konfliktuerende pligte nagekom word.

- Daar is hoër en laer morele wette. 'n Bewys hiervan kan gesien word in Mattheus 5:19; 22:36 en 23:23.
- Daar is onvermydelike morele konflikte. Byvoorbeeld die storie van Abraham en Isak (Gen. 22), waar God van Abraham vereis het om sy seun Isak te offer.
- Geen skuld is in die onvermydelike nie, want dit is onmoontlik om twee verskillende dinge terselfdertyd te doen.
- Liefde vir God bo liefde vir jou naaste (Matt. 22:36-38; Luk. 14:26).
- Gehoorzaam God bo die regering (Dan. 3). 'n Mens moet egter gehoorzaam wees aan die regering, al doen hulle kwaad, slegs wanneer hulle die gelowige dwing om kwaad te doen of dwing om self iets te doen wat in stryd met God se bevel is mag die christen ongehoorsaam wees.
- Genade is 'n hoër plig as eerlikheid (Jos. 6:17). Christus se kruisdood self is 'n voorbeeld hiervan. God se genade was so groot, dat Hy die mens van sy sondes verlos het, al moes die mens inderwaarheid self daarvoor betaal.

Toegepas op emigrasie kan gegradeerde absolutisme vir die gelowige sinvolle leiding gee, siende dat dit hier gaan om die keuse van die beter van twee besluite. In 'n morele konflik is dit noodwendig so dat iemand seerkry, dit is wat van die konflik 'n morele konflik maak. Die seerkry of teleurstelling is egter nie die doelwit of mikpunt van die besluit nie, maar 'n ongelukkige gevolg van die besluit, maak nie saak wat besluit word nie. Die gelowige se taak is om op 'n verantwoordelike wyse om te gaan met so 'n besluit, sodat hy/sy later kan

terugkyk op die besluit en weet dat hy/sy God se wil in ag geneem, en dat dit in gehoorsaamheid aan God geneem is. Hierdie besluite wat 'n mens moet neem impliseer verantwoordelikheid in vryheid. Alle vryheid bly beperkte vryheid en moet met verantwoordelikheid verbind word ten einde te verhinder dat die vryheid misbruik word en baie skade aan individue en samelewings aangerig word. In 'n kultuur van regte en eise mag die belangrikheid van verantwoordelikhede en pligte nooit uit die oog verloor word nie (De Beer, 2009:7).

Mense, wat oortuig is daarvan dat hulle 'n beter heenkome in 'n ander deel van die wêreld moet gaan vind, worstel dikwels met skuldgevoelens en twyfelagtigheid. Skuldgevoelens word deur Pretorius (2008:278) beskryf: "Guilt is an affective state in which a person experiences conflict about having done something that they believe they should not have done". Hierdie gevoelens van skuld is gewoonlik te wyte aan familie en vriende se kritiek asook 'n persoonlike skuldgevoel omdat die rug gekeer word op soveel dinge waaraan die mens geheg was. Die twyfelagtigheid kom dikwels voor omdat 'n mens twee weersprekende boodskappe hoor vanaf die mense wat al reeds die stap van emigrasie geneem het. Party getuig van 'n tipe euforiese bestaan wat gevoer kan word in die buiteland, met baie veiligheid en finansiële sekuriteit. Party ander emigrante wil weer net terugkom en getuig dat daar geen kultuur is nie en dat ander lande te sekulêr is en nie 'n benul het van wie God is nie. Dus is die worsteling vir diegene wat beplan om te emigreer nie 'n maklike saak nie. Wijnbeek (2008:34) beskryf hierdie worsteling as volg: "Om jou land permanent te verlaat, is 'n diep, ingrypende ervaring. Die effek daarvan raak alle aspekte van die lewe. In die agterkoppe van gelowiges woel daarby die vraag: Wat wil die Here van my lewe hier of daar? Mag ek weggaan, emigreer? Op hierdie vrae is daar geen algemene antwoorde of reëls nie. Wat nou?"

Elkeen moet moreel etiese norme aanlê vir die land van hulle keuse. Dit beteken dat elkeen moet besluit wat is vir hom/haar van meer belang, dat 'n land minder misdaad sal hê, maar dat daar 'n beperking geplaas word op die uitlewing van geloof of dat hy/sy in 'n land woon waar misdaad hoog is, maar waar hy/sy die reg het om godsdienstvryheid te beoefen.

Wanneer die saak van emigrasie vanuit 'n etiese, sowel as 'n mensregtelike perspektief beskou word, kom dit aan die lig dat die saak kompleks is en verantwoordelike

besluitneming vereis. Vir die christen beteken verantwoordelike besluitneming noodwendig dat die Woord van God bestudeer moet word. Die Bybel gee egter nie 'n klinklare duidelike antwoord oor emigrasie, en die reg of verkeerd daarvan, nie. Dit beskryf wel die emigrasie vanuit Egipte, waar die volk slawe was, na Kanaän as 'n God-gewilde opdrag (Eks. 5 – 15). Dit beskryf die ballingskap as straf van God op hulle sonde. Nou kan gevra word of hierdie 'n eenmalige God-gewilde emigrasie was en of dit beskou moet word as die wil van God te alle tye? Was dit slawerny in Egipte waar God sy volk geplaas het om te woon en werk of was dit bloot hulle straf vir hulle ongehoorsaamheid aan God? Die volk het daar geen seggenskap gehad in die regering nie en hulle was slawe. God het vir Moses en Aäron beveel om die hele volk daar uit te lei. Die openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament speel 'n belangrike rol in die verstaan van hierdie gebeure. God was besig om Homself te openbaar aan 'n volk wat Hy uitgekies het, dit het nie oor die volk se swaarkry gegaan nie, maar die klem was op God se bekendmaking van Homself en Sy almag. “God skeep self hierdie nuwe volk om die draer van sy openbaring in die Ou-Testamentiese bedeling te wees. Hierdie volk is egter nie nét die draer van die Godsopenbaring nie, maar is óók die volk waaruit die Messias gebore gaan word” (Krüger, 2008:18).

Dit is tog nie vergelykbaar met die emigrasie wat tans plaasvind uit Suid-Afrika nie. Dit is juis op grond hiervan dat eerder gesoek moet word na wat eties korrek is in 'n bepaalde situasie of nie, in plaas van 'n rigiede reg of verkeerd. Die christen het 'n verantwoordelikheid teenoor die mense rondom hom/haar. De Beer (2009:15) verduidelik dat daar 'n tydsgees heers waarin 'n kultuur van regte omhels word as al wat saak maak in menslike samelewings, en dat sake soos pligvervulling en verantwoordelikhedsbeoefening heeltemal op die agtergrond geskuiwe word of selfs geheel en al geïgnoreer word. “Met die begrip van verantwoordelikheid is dit duidelik dat eienskappe soos integriteit, waardigheid, getrouheid en betrokkenheid nie net deel uitmaak van 'verantwoordelikheid' nie, maar van kritiese belang is vir die transformasie van gebroke, moreel vervalde en misdadige gemeenskappe” (Katz, 2009:399).

Die beginsel van menseregte kan van waarde wees ten opsigte van die christen se verantwoordelikheid teenoor sy/haar medemens. Om 'n antwoord te vind oor wat eties korrek of aanvaarbaar is vir die christen, kan deeglike riglyne ontgin word as die studie gedoen word aan die hand van die Bybel en in noue verband met die Handves van

Menseregte in die Suid-Afrikaanse konstitusie (soos gebaseer op die Universele Verklaring van Menseregte).

2.2 Menseregte

Die idee van “menseregte” het ontstaan as gevolg van die onderdrukking van bepaalde groepe, op grond van ras, geslag, gestremdhede ensovoorts. Menseregte speel dus ‘n belangrike rol in die regstelling van onderdrukking en marginalisering. Die rede waarom dit so belangrik is om menseregte te betrek in hierdie studie is omdat dit die riglyne is wat neergelê is met die oog op ‘n vreedsame saambestaan van mense in dieselfde samelewing, waar elkeen gelykwaardig geag word.

Die Handves van Menseregte het in 1996 deel geword van die Suid-Afrikaanse Grondwet. Die doelwit van die Handves van Menseregte, soos tans vervat in die Grondwet, is om gelykwaardigheid daar te stel, en om onregte van die verlede reg te stel (McGreggor, 2007:103). Mense wat in so ‘n samelewing leef waar menseregte toegepas word, behoort selde of nooit te na gekom te voel en om hierdie rede te voel hulle moet emigreer nie. Wanneer daar gekyk word na die menseregte, moet dit beskou word as ‘n muntstuk, waarvan die een kant “verantwoordelikheid” verteenwoordig, en die ander kant “reg”. As dit so beskou word, behoort die werking daarvan ook begryp te word. Reg en verantwoordelikheid funksioneer nie los van mekaar nie, maar aktiveer mekaar. Met ander woorde, slegs wanneer verantwoordelikhede nagekom word, kan aangedring word op regte, en slegs wanneer daar op regte aangedring word, behels dit ‘n verantwoordelikheid. Tog kom so baie van die redes, wat aangevoer word vir emigrasie, neer op ‘n ervaring van te nakoming. Hierdie is ‘n aanduiding dat daar ‘n wanbalans is in die werking tussen verantwoordelikhede en regte. Dus speel menseregte ‘n belangrike rol in die emigrasie-debat. Die Handves van Menseregte in Suid-Afrika is afgelei van die Universele Verklaring van Menseregte en maak die tweede hoofstuk uit van die Suid-Afrikaanse Grondwet. Die Universele Verklaring van Menseregte word hier uiteengesit, siende dat dit die duideliker een van die twee is en voldoende vir hierdie onderwerp is.

Universele Verklaring van Menseregte:

Artikel 1

Alle menslike wesens word vry, met gelyke waardigheid en regte, gebore. Hulle het rede en gewete en behoort in die gees van broederskap teenoor mekaar op te tree.

Artikel 2

Elke persoon het die reg tot al die regte en vryhede soos in die Verklaring vervat is, sonder uitsondering van enige aard soos op grond van ras, geslag, kleur, taal, godsdiens, geboorte of enige ander status.

Daarbenewens sal geen onderskeid op grond van politieke, geregtelike of internasionale status van die land of gebied waartoe 'n persoon behoort gemaak word nie, hetsy dit 'n onafhanklike trust, nie-selfregerend of onder enige ander beperking van soewereiniteit is.

Artikel 3

Elkeen het die reg tot lewe, vryheid en sekuriteit van persoon.

Artikel 4

Niemand sal in slawerny of knegskap gehou word nie; alle vorms van slawerny en handel in slawe sal verbied word.

Artikel 5

Niemand sal gemartel word of aan wrede, onmenslike of vernederende behandeling of straf blootgestel word nie.

Artikel 6

Elkeen het oral die reg tot erkenning as 'n persoon voor die reg.

Artikel 7

Almal is gelyk voor die reg en het die reg tot gelyke beskerming van die wet. Almal het die reg tot gelyke beskerming teen enige diskriminasie ter skending van hierdie Verklaring en teen enige aanmoediging tot sulke diskriminasie.

Artikel 8

Elkeen het die reg tot effektiewe kompensasie deur bevoegde nasionale tribunale vir dade wat hul fundamentele reg skaad wat deur die wet of grondwet aan hulle gegee is.

Artikel 9

Niemand sal aan arbitrêre arrestasie, aanhouding of bannelingskap onderworpe wees nie.

Artikel 10

Elkeen het, in volle gelykheid, die reg tot 'n regverdige en openbare verhoor deur 'n onafhanklike en objektiewe tribunaal, in die bepaling van sy regte en verpligtinge en die ondersoek van enige kriminele saak teen hom.

Artikel 11

1. Elkeen beskuldig van 'n strafbare oortreding het die reg om as onskuldig beskou te word tot skuldig bevind volgens die wet, in 'n openbare saak waarin hy verseker is van die nodige verdediging.
2. Niemand sal beskuldig word van 'n strafbare oortreding as gevolg van enige daad of nalatigheid wat volgens nasionale of internasionale wet nie 'n misdad ten tye van die pleeg daarvan was nie. 'n Swaarder straf sal ook nie opgelê word as die straf wat toepaslik was ten tye van die oortreding nie.

Artikel 12

Niemand sal onderworpe wees aan arbitrêre inmenging met sy privaatheid, familie, woning of korrespondensie nie, of aan aanvalle op sy eer en reputasie nie. Elkeen het die reg tot beskerming deur die wet teen sulke inmenging of aanvalle.

Artikel 13

1. Elkeen het die reg tot vryheid van beweging en verblyf binne die grense van elke staat.
2. Elkeen het die reg om enige land te verlaat, insluitende sy eie, en na sy land terug te keer.

Artikel 14

1. Elkeen het die reg tot asiel in ander lande.
2. Daar mag nie op hierdie reg aanspraak gemaak word tydens vervolging vir nie-politieke oortredings of dade wat strydig is met die doelwitte en beginsels van die Verenigde Volke nie.

Artikel 15

1. Elkeen het die reg tot burgerskap.
2. Niemand se burgerskap sal arbitrêr afgeneem word nie en niemand sal van die reg ontnem word om afstand te doen van burgerskap nie.

Artikel 16

1. Volwasse mans en vrouens, sonder enige beperking as gevolg van ras, nasionaliteit of godsdiens, het die reg om te trou en met 'n familie te begin. Hulle kan aanspraak maak op gelyke regte ten opsigte van die huwelik, tydens die huwelik en tydens ontbinding van die huwelik.
2. Die huwelik sal plaasvind slegs met die vrywillige en volle toestemming van die voornemende huweliksmats.

3. Die familie is die natuurlike en fundamentele groepseenheid van die gemeenskap en kan aanspraak maak op beskerming deur die gemeenskap en die Staat.

Artikel 17

1. Elkeen het die reg om individueel en in assosiasie met ander eiendom te besit.
2. Niemand se eiendom sal arbitrêr afgeneem word nie.

Artikel 18

Elkeen het die reg tot vryheid van denke, gewete en godsdiens; hierdie reg sluit in die reg om van godsdiens of geloof te verander en die vryheid om, hetsy alleen of in 'n gemeenskap, hierdie godsdiens of geloof te beoefen deur verkondiging, aanbidding of heiliging.

Artikel 19

Elkeen het die reg tot vryheid van opinie en uitdrukking; hierdie reg sluit die vryheid in om opinies sonder inmenging te lug en om inligting en idees te vra, te ontvang en te deel deur middel van enige medium ten spyte van grense.

Artikel 20

1. Elkeen het die reg tot vryheid van vreedsame vergadering en assosiasie.
2. Niemand sal gedwing word om aan 'n assosiasie te behoort nie.

Artikel 21

1. Elkeen het die reg om aan die regering van sy land deel te neem, hetsy direk of deur vrylik verkose verteenwoordigers.
2. Elkeen het die reg tot gelyke toegang tot die openbare dienste in sy land.
3. Die wil van die mense sal die basis vorm van die owerheid of regering, en hierdie wil sal uitgedruk word deur middel van egte tussenverkiesings.

Artikel 22

Elkeen, as 'n lid van die gemeenskap, het die reg tot bestaan-sekerheid en kan aanspraak maak op die verwesenliking van die ekonomiese, sosiale en kulturele regte wat noodsaaklik is vir sy waardigheid en die vrye ontwikkeling van sy persoonlikheid, deur middel van nasionale pogings en internasionale samewerking en volgens die organisasie en hulpbronne van elke staat.

Artikel 23

1. Elkeen het die reg om te werk, tot die vrye keuse van arbeid, tot regverdige en gunstige werksomstandighede en tot beskerming teen werkloosheid.
2. Elkeen, sonder diskriminasie, het die reg tot gelyke betaling vir gelyke werk.

3. Elkeen wat werk kan aanspraak maak op regverdig vergoeding wat aan hom en sy familie 'n menswaardige bestaan verseker en wat aangevul kan word deur ander vorms van sosiale sekerheid, indien nodig.

4. Elkeen het die reg, ter beskerming van sy belange, om vakbonde te stig en daarby aan te sluit

Artikel 24

Elkeen het die reg tot rus en vrye tyd, insluitend redelike beperkings op werksure en periodieke betaalde verlof.

Artikel 25

1. Elkeen het die reg tot 'n lewenspeil wat voldoende is vir gesondheid, welsyn vir homself en sy familie, insluitende kos, klere, behuising, mediese sorg en noodsaaklike bestaanssekerheid, en die reg tot voordele of onderstandsgeld tydens werkloosheid, siekte, ongeskiktheid, weduweenskap, ouderdom of 'n tekort aan lewensmiddele tydens omstandighede buite sy beheer.

2. Moeders en kinders kan aanspraak maak op spesiale sorg en hulp. Alle kinders, hetsy binne- of buite-egtelik, sal dieselfde sosiale beskerming geniet.

Artikel 26

1. Elkeen het die reg tot opvoeding. Opvoeding sal gratis wees, ten minste in die elementêre en fundamentele stadiums. Elementêre opvoeding sal verpligtend wees. Tegniese en professionele opvoeding sal geredelik beskikbaar wees en hoër opvoeding sal net so geredelik op meriete beskikbaar wees.

2. Opvoeding sal gemik wees op die volle ontwikkeling van die menslike persoonlikheid en op die bevordering van respek vir menseregte en fundamentele vryheid. Dit sal begrip, verdraagsaamheid en vriendskap tussen alle nasies, rasse of etniese groepe bevorder, asook die aktiwiteite van die Verenigde Volke in die handhawing van vrede.

3. Ouers het die reg om te kies watter tipe opvoeding hulle kinders ontvang.

Artikel 27

1. Almal het die reg om vrylik aan die kulturele lewe van hul gemeenskap deel te neem, om die kunste te geniet en in wetenskaplike vooruitgang en voordele te deel.

2. Elkeen het die reg tot die beskerming van die morele en materiële belange wat spruit uit enige wetenskaplike, letterkundige of kunswerk deur hom geproduseer.

Artikel 28

Elkeen is geregtig op 'n sosiale en internasionale orde waarin die regte en vryhede beskryf in hierdie Verklaring ten volle verwesenlik kan word.

Artikel 29

1. Elkeen het verpligtinge teenoor die gemeenskap waar alleenlik die vrye en volle ontwikkeling van sy persoonlikheid moontlik is.
2. In die uitoefening van regte en vryhede, sal elke mens slegs onderworpe wees aan die wetlike beperkinge ingestel om deeglike erkenning en respek vir die regte en vryhede van ander te verseker en om die redelike vereistes na te kom vir sedelikheid, openbare orde en die algemene welsyn van 'n demokratiese gemeenskap.
3. Hierdie regte en vryhede mag in geen geval strydig met die doelwitte en beginsels van die Verenigde Volke uitgeoefen word nie.

Artikel 30

Niks in hierdie Verklaring mag interpreteer word as impliserend dat enige Staat, groep of persoon die reg het om deel te neem aan enige aktiwiteit of enige daad wat gerig is op die beskadiging van enige regte en vryhede hierin beskryf nie. (United Nations, 2009)

Die volgende Artkels is baie relevant tot hierdie studie: Artikel 1, Artikel 2, Artikel 3, Artikel 5, Artikel 13, Artikel 14, Artikel 21, Artikel 23, Artikel 26.

Die handves van menseregte gebied niemand om te emigreer nie, maar dit verbied ook niemand om te emigreer nie. Die handves van menseregte bied wel die geleentheid vir mense wat voel dat hulle lewens bedreig word, om te emigreer. Dit stel die klimaat wat nagestreef sal word asook die menseregte wat, deur die lande hierby aangesluit, toegepas sal word. In die bestudering van die handves van menseregte moet onderskeid getref word tussen regte as etiese beginsels en regte as fundamentele regte sodat die verantwoordelikheid van die staat duidelik is.

Vorster (2004:101) dui hierdie onderskeid aan. Die staat kan nie al die regte in die Handves regtig toepas en afdwing nie. Al die regte wat deur die staat of die regering toegepas kan word en waarvoor die staat verantwoordelik is, is fundamentele regte. Dit sluit Artikel 2 tot 13, 16 tot 21 en Artikel 24 in (Vorster, 2004:102). Die regte wat geklassifiseer kan word as etiese beginsels is daardie regte wat nie afdwingbaar is deur regering of staat nie, maar waarvan die verantwoordelikheid by elke individu lê. Malan (2009:92) sê hoe hierdie regte veronderstel is om te lyk: "Rights make demands on non-State actors, and the character of non-State actors should reflect the needs of society, the requirements of democracy, and the progressive development of human

capabilities". Hierdie regte sluit in Artikel 1, 14, 15, 22, 23 en 25 tot 27 (Vorster, 2004:201).

Emigrasie op grond van regte as etiese beginsels sal dus nie volgens menseregte die beste stap wees nie. Wanneer die staat sy verantwoordelikheid teenoor burgers en die beskerming van fundamentele regte nalaat, kan die burgers begin voel dat die staat nie meer hulle veilige voortbestaan op die hart dra nie. Volgens ons Grondwet lê die staat se grootste verantwoordelikheid daarin dat hy die regte wat in ons Handves van Menseregte verskans is, sal respekteer, beskerm, uitbou en verweselik (Zille, 2009). Dit is die fundamentele regte soos die reg om nie teen gediskrimineer te word nie, die reg op lewe, reg op veiligheid, die reg om nie in slawerny gehou te word nie, die reg teen mishandeling, beskerming van die wet, kompensasie van die tribunale as regte aangetas word, die reg teen aanhouding, tot 'n regverdigte verhoor, om as onskuldig beskou te word tot skuldig bewys, die beskerming van privaatheid, die reg tot vryheid van beweging, vrye huwelikskeuse, die reg tot eiendom, vryheid van godsdiens en gewete, vryheid van spraak, vrye assosiasie, die reg tot demokratiese deelname aan die regering en die reg tot werk en redelike werksure.

Die staat moet dit vir die inwoners moontlik maak om goed en vry te kan lewe. Dit is wanneer hierdie fundamentele regte nie meer beskerm word nie, wat wat burgers genoodsaak is om 'n ander heenkome te vind in 'n land waar dié regte beskerm word. Dit is juis dan wanneer die inwoner genoodsaak mag voel om te emigreer omdat die staat nie meer sy verantwoordelikheid nakom nie en die inwoner se voortbestaan of lewensmoontlikheid dus op die spel geplaas word.

2.3 Christelik-etiese norme

Die handves van menseregte, soos hierbo bespreek, beklemtoon die regte van die individu. Vanuit 'n reformatoriese oogpunt beskou is die menseregte, as riglyn vir etiese gedrag, nie voldoende nie. Hierdie regte moet toegepas word, maar in onderworpenheid aan die Woord van God. In die bestudering van geldige menseregte (vanuit 'n reformatoriese perspektief) kan nie probeer word om rigiede 'reg'- of 'verkeerd'-uitsprake te vind in die Bybel nie, maar daar moet eerder gepoog word om, soos Douma (1990:46) dit stel, begroning vir menseregte te vind in bepaalde Bybelse temas eerder as in spesifieke tekste. Dus kan daar wel in die Woord van God bepaalde temas of norme

ontgin word om vir ons riglyne te verskaf waarvolgens ons die besluit, om te emigreer of te bly, kan neem. Vervolgens word 'n aantal Christelik-etiese norme ter sake vir die emigrasie-debat bespreek.

Roeping

Elke gelowige word geroep deur God. Uit die Bybel word bevestig dat God die gelowiges oproep om die aarde te bewerk en te bewaak (Gen 1:28-30) en tot Hom te bid (Gen 4:26; Rom 10:13). Hy roep 'n gelowige ook om aan Hom te behoort (Jes 43:1). Pretorius (2009:1631) sê dat God die mens roep tot Christelike leierskap. Wanneer 'n mens geroep is as uitverkorene van die Here impliseer dit 'n aantal verantwoordelikhede. Hierdie roeping moet bevestig word deur die mens se lewe en sy omgang met God se Woord, sy medemens en die natuur.

Bogenoemde beteken dat elkeen 'n bepaalde funksie het om te vervul op aarde. En nie net op die aarde nie, maar waar God hom/haar geplaas het. God is die Beplanner van alles wat geskape is. So ook is Hy die Beplanner van mense se lewens en die bepaalde plek waar Hy mense geplaas het. Handeling 17:25-26: "Mensehande kan nie na sy behoeftes omsien nie, want Hy het aan niks behoefte nie. Inteendeel, dit is Hý wat aan almal lewe en asem en álles gee. Uit een mens het Hy elke nasie van die mensdom gemaak, om oor die hele aarde te woon. Hy het die tye van hulle bestaan bepaal, en die grense van hulle blyplek." Hy het dus nie sommer ligweg mense op aarde geplaas sodat hulle maar self moes besluit waar hulle hulle funksie gaan verrig nie. God se bemoeienis met, en liefde vir, die mensdom is te groot om hulle aan hulle eie genade oor te laat. Hierdie liefde en bemoeienis van God blyk duidelik uit die wyse waarop Hy Sy volk gelei het in die Ou Testament. Hieruit kan afgelei word dat God christene dus nie sonder rede juis in Suid-Afrika geplaas het nie. Daar moet tog 'n rol wees om te vervul in Suid-Afrika.

Vorster (2006:233) sê in hierdie verband die volgende: "In die Christelike arbeidsetiek word beroepsarbeid gesien as roepingsvervulling. Roeping word nie net beperk tot diens binne die gemeente as verbondsgemeenskap nie, maar het te doen met die mens se doen en late in die koninkryk van God. Uitgaande van die beginsel van Kolossense 3:23 en 24, kan arbeid gesien word as die mens se lewens-in-diens-stelling aan God as deel van die dankbaarheidslewe vir die verlossing in Christus. Hierdie dankbaarheidslewe bestryk alle samelewingsverbande. Daarom het God sy wet as beginsel van die

dankbaarheidslewe gegee. Die primêre motief van arbeid is dus om God te dien en om volgens die kultuurmandaat die skepping te bewaar, te bou en te herstel. Hierin staan die daaglikse arbeid sentraal. Roeping in die Bybel word onskeibaar aan toerusting gekoppel. God gee talente en gawes vir die verrigting van arbeid. Die gawes van die Gees moet nie slegs kerksentrië gedefinieer en toegepas word nie, maar is soos roeping, ook (en veral) vir werk binne die koninkryk van God bestem. Gegewe gawes en talente moet ontwikkel word ten einde die Godgegewe roeping as rentmeester in die samelewing te vervul.”

Pretorius (2009:1631) beantwoord die vraag oor hoe die mens weet of God hom/haar roep:

“Biddende selfondersoek is hier onmisbaar. Die blote feit dat jy ’n oog het vir leemtes, kan beteken dat God jou roep om op daardie gebied voor te loop. As ’n saak jou na aan die hart lê, of telkens in jou gewete na vore tree, kan dit ook beteken dat God jou roep om daarin die inisiatief te neem. Terselfdetyd is roeping tot leierskap nie net ’n innerlike gevoel of oortuiging nie. God gee ook saam met die roeping aan jou die nodige gawes en toerusting om ’n leier te kan wees. Mede-Christene se erkenning van hierdie gawes speel ’n belangrike rol om sekerheid te kry oor die egtheid van jou roeping. Onthou ook: God lei jou nie net van vandag af nie. Hy het waarskynlik reeds jou lewe só geposisioneer dat jy tot Sy eer die leiding kan neem in die dinge wat sommer op jou voorstoep is.”

Hierdie siening mag egter nie veroorsaak dat God onderskat of ingeperk word nie. Al het Hy die meeste van die mensdom spesifiek op ’n bepaalde stukkie aarde geplaas om ’n rol te vervul, beteken dit tog nie dat Hy ’n mens nie somtyds na ’n ander deel van die wêreld roep nie. God plaas dalk sekere persone op ’n bepaalde plek om hulle voor te berei op ’n ander roeping. Baie sendelinge getuig daarvan, asook sommige predikante en dokters wat oorsee praktiseer. Alhoewel dit geldig is en sin maak, maak dit tog Nuwe Testamenties beskou, geensins sin dat God, in Sy voorsienigheid ’n hele groep (spesifiek hoofsaaklik wit of hoofsaaklik swart) slegs vir voorbereiding in ’n bepaalde land sal vestig net om hulle almal te roep na ’n vreemde land nie.

Soms sit mense wel met die dilemma dat hulle hul roeping wil uitleef, maar oortuig is daarvan dat dit nie vir hulle moontlik is as die land sus of so bestuur word nie. Helberg (1990:135) plaas die verhouding tussen die persone en land in perspektief wanneer hy verduidelik dat 'n volk wat die verkryging van 'n land sien as voorwaarde voor hy sy godsdienstige roeping vervul, die besit van 'n land verabsoluteer. 'n Land is wel belangrik om die roeping na behore te kan uitleef, maar die wesenlike aspek van die roeping gaan tog die land vooraf: om God volgens sy gebooie te dien. Die manier waarop die land verkry word en besit word en die roeping uitgeleef word, moet juis voldoen aan die vereistes van die gebooie. Dit is saamgevat in Jesus se woorde: jy moet jou naaste liefhê soos jouself, en jy moet aan ander doen soos jy wil hê dat ander aan jou moet doen (Helberg, 1990:36).

Daar is 'n aantal menseregte wat aansluit by hierdie beginsel om 'n roeping uit te leef. Artikel 18 is die reg tot godsdienstvryheid. Elkeen wat daarna strew om 'n roeping uit te leef waarvoor God hom/haar geroep het, sal outomaties 'n verhouding met God nastreef. Daarom is dit belangrik dat godsdienstvryheid toegepas word as 'n mensereg.

Artikel 23 stel dit dat elkeen die reg het tot werk. Gewoonlik sluit roeping een of ander vorm van werk in waarvoor die mens geroepe voel, daarom is dit belangrik vir roeping dat burgers die reg het om daardie roeping in hulle daaglikse werk te kan uitleef.

Artikel 26 verwys na die reg tot onderrig en opleiding. Alhoewel opleiding nie 'n voorvereiste is vir die uitlewing van 'n roeping nie, is dit dikwels 'n voorvereiste vir bepaalde beroepe. As 'n inwoner van Suid-Afrika geroepe voel vir sodanige beroep, is dit dus noodsaaklik dat hy/sy die reg en toegang tot daardie bepaalde onderrig en opleiding het.

As daar 'n situasie in Suid-Afrika heers wat gelowiges daarvan weerhou om hulle roeping te kan uitleef, behoort die roeping eerste prioriteit te geniet en mag 'n gelowige emigreer om hulle Godgegewe roeping elders te gaan uitleef. Gelowiges se roeping is onlosmaaklik verbind aan rentmeesterskap, siende dat rentmeesterskap juis die uitlewing van roeping is.

Rentmeesterskap

In die skeppingsverhaal en die gebeure in Genesis sien ons dat God die mens aangestel het as rentmeester oor die aarde. Die mens is beveel om die wêreld te bewoon, te bewerk en te bewaar (Gen 1:28-30). Vorster (2006) skryf dat alles aan die Here behoort (Ps.24:1) en dat die naam Here (Kurios) letterlik Eienaar beteken. Hy het die aarde en alles daarin aan die mens toevertrou om daarna om te sien. Dit impliseer dat die mens vir die aarde moet omgee. Hieruit blyk duidelik dat die mens 'n verantwoordelikheid het teenoor die aarde en die omgewing. Coetzee (2009:24) beklemtoon die regte motivering om die skepping te versorg: "Ons moet nie minder energie gebruik omdat Eskom nie genoeg kan voorsien of omdat die elektrisiteitstariewe so hoog is nie, maar omdat daar net soveel energie beskikbaar is en omdat ons God se skepping vervuil met die verbranding van soveel steenkool. Ons moet nie water spaar of vullis hersirkuleer of besoedeling teengaan omdat die landswette dit vereis nie, maar omdat ons respek het vir die Skepper wat aan ons lewegewende water voorsien."

Die christen moet homself en sy medemens herinner aan die verantwoordelikheid wat hom opgelê is en dat 'n mens nie ligtelik die besluit mag neem om 'n stukkie aarde (wat aan hom toevertrou is) eenvoudig te los, om te vergaan, omdat dit te veel moeite geword het, of hy/sy dalk met 'n span moet saamwerk wat hom/haar nie aanstaan nie. Coetzee (2009:24) gee die volgende riglyne oor hoe elkeen 'n verskil kan maak:

- Juis omdat die groep uit individue bestaan moet elkeen doen wat hy moet doen. Indien elkeen sy deel doen maak dit 'n groot verskil. Ons moet nie wegkruip agter die verskoning dat almal dit doen en daarom kan ek dit ook doen, nie.
- Ons moet elkeen kyk na ons verbruik van krag en water en na die onnodige rommel wat ons skep.
- Ons moet ons kinders met die nodige respek vir die skepping van God grootmaak.
- Ons moet as kerk en Christelike gemeenskap opstaan teen die misbruik en verwaarlosing van die skepping in ons eie omgewing.
- Ons moet begin om ons woorde van protes op skrif te stel.
- Ons moet bereid wees om daad by die woord te voeg en iets te doen.

Vorster (2006) stel dit baie eenvoudig: “Ons moet die aarde bewerk en kultiveer, sodat die aarde die glorie en heerlijkheid van God kan verkondig.” Die begrip rentmeesterskap impliseer ook dat rekenskap gegee sal moet word oor die wyse waarop omgegaan is met die geleenthede, mense, diere en aarde wat God aan elkeen toevertrou het. Die mens is tog nie geskape om sy eie ontwil nie, maar juis vir God om Hom te verteenwoordig. As in die lig hiervan na emigrasie gekyk word, dwing dit elkeen tot die besef dat daar nie geëmigreer mag word om persoonlike selfsug, rykdom of gemak te bevredig nie. Die Christen moet nog steeds met ‘n rein gewete kan rekenskap gee aan sy Skepper. As hierdie beginsel toegepas word op emigrasie beteken dit dat elke burger van die land ‘n rentmeester is en ‘n taak in Suid-Afrika het, behalwe as hy/sy oortuig is van ‘n roeping na ‘n ander land. Dit is deel van elkeen se roeping as gelowiges. Indien ‘n gelowige ernstig daaroor voel dat sy/haar roeping tot rentmeesterskap in die buiteland lê, kan en mag so ‘n persoon emigreer. Die kombinasie van roeping, die reg tot vrye beweging (Artikel 13) en die reg tot die vryheid van denke, gewete en godsdiens (Artikel 18) regverdig dan so ‘n besluit.

Diensbaarheid

‘n Belangrike beginsel wat regdeur die Nuwe Testament beklemtoon word is diensbaarheid aan God en ook aan mekaar. “Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees. So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense” (Matteus 20:28).

Diensbaarheid veronderstel ‘n “ons”-benadering, in plaas van ‘n “ek”-benadering. De Beer (2009:17) verduidelik die implikasie: “Gemeenskap, tussenmenslikheid en medemenslikheid is altyd ‘n saak van ‘ons. Hierdie ‘ons’ is geen vanselfsprekendheid nie. Om ‘ons’ te sê, veronderstel bepaalde verbintenisse en verhoudinge. Enige massa mense wat saamgegooi word, konstitueer nog nie ‘n ‘ons’ nie. Die woordjie ‘ons’ spel samehorigheid en toewyding uit. Dit is ‘n gerigtheid op mekaar wat gelaai is met bepaalde kwaliteite. Die dinamiek van ‘ons’-wees stel bepaalde eise en verpligtinge. In hierdie situasies word daar nie sommer net gepraat nie. Gesindheid is belangrik. ‘Ons’-wees word gerig deur agting en respek vir mekaar, ‘n besorgdheid oor en omgee vir die

ander tree na vore. Hier praat mense met mekaar van mekaar en oor mekaar met deernis en begrip.”

Die gelowige moet tot die beswil van sy/haar naaste en tot eer van God optree en besluite neem. Om diensbaar te wees vir God is rentmeesterskap, dit beteken nie noodwendig dat 'n mens finansiëel welaf en in totale veiligheid gaan leef nie.

Efesiërs 5:8-14 roep gelowiges op om soos lig te wees in die wêreld. Markus Barth (Meyer, 1999) verwys na die eienskappe van lig:

“Lig het 'n ontiese status. Dit is 'n krag buite en bokant die mens. Mense kan lewe in die lig en kan die effek daarvan voel en geniet. Lig het ook 'n etiese kant. Lig en duisternis lei tot konflikterende lewenswyses, daarom beskryf dit goeie en slegte gedrag. Lig het ook 'n eksistensiële betekenis. Lig is nie alleen die gewer van lewe, verlossing ensovoorts nie, maar dit bied ook die resultaat van die gawe byvoorbeeld eienskappe soos vryheid, eer, vreugde, vrede en ander aspekte wat die bestaan en die lewe raak en verryk. Laastens vervul die lig ook 'n funksie in die kultus. Dit speel 'n belangrike rol in die kultiese en liturgiese vorme.”

Lincoln en Wedderburn (Meyer, 1999) som die taak van die kerk en die gelowige in die lig hiervan op:

"It (die kerk) is called to a distinctive life of holiness in the midst of its surrounding culture, and, according to the writer, the values the Church lives by are as opposed to that culture's values as light is opposed to darkness. The determining of the boundaries between the Church and the world is a task that each generation of Christians has to perform for its own time and place, yet it is not one that should lead to any isolationism in relation to the world. Instead, In Ephesians it is suggested that as the Church in the midst of society is true to its identification with the light of the risen Christ, so that light is able to transform any surrounding darkness..."

As gelowiges het elkeen 'n roeping tot rentmeesterskap wat tot uitlewing kom wanneer daar tot diensbaarheid oorgegaan word in God se skepping met die aarde en almal wat

deur God geskape is. Wanneer gelowiges diensbaar wil optree in Suid-Afrika, is die teenswoordige situasie waar soveel burgers wil emigreer, die ideale geleentheid. Suid-Afrika is ryk aan geleenthede tot diensbaarheid vanweë sosiale probleme soos armoede en werkloosheid om maar enkele te noem. In die lig van gelowiges se roeping tot diensbaarheid, mag die stap van emigrasie dalk juis beskou word as 'n ontvlugting van 'n gelowige se verantwoordelikheid tot diensbaarheid in hierdie land met soveel ellende. In ellende en moeilike omstandighede word gelowiges opgeroep tot medelye.

Medelye

Die opdrag om medelydend te wees, word regdeur die Bybel gevind as 'n tema. Dit is dus ook 'n algemene vereiste van 'n gelowige. In die Ou Testament word die opdrag ontvang om liefde en barmhartigheid aan mekaar te betoon (Sag. 7:9) en trou en bedagsaamheid (Miga 6:8). In die Nuwe Testament kan dieselfde tema gesien word, Galasiërs 6:2 vereis dat mense mekaar se laste moet dra. Daar kan nog talle voorbeelde genoem word waar die tema herhaal word. Om medelye met mekaar te hê beteken om regtig intiem empatie te hê met 'n mens se naaste en die moeilikhede wat die medemens in die gesig staar elke dag. Dit beteken om opreg om te gee en ander mense te help dra aan hulle laste.

Die Suid-Afrikaanse konteks van vandag, behels baie swaarkry en ongelukkigheid vir baie wat daarin leef. Die blankes, van elke ouderdomsgroep in die land, ervaar die swaarkry, vernedering en frustrasie van sogenaamde regstellende aksie. En elkeen hanteer dit op hul eie manier. Wat bydra tot die paniek in soveel mense se harte is dat daar dikwels 'n gevoel van magteloosheid in die meeste mense se harte heers, aangesien hulle nie uitkoms sien nie, en dus ook nie 'n toekoms in Suid-Afrika nie. Dan het die hoë vlak van geweldsmisdade, waaronder plaasmoorde, oor etlike jare 'n groot verlies beteken vir talle gelowiges. Hierdie was nie net 'n emosionele verlies nie, maar ook 'n verlies aan vertroue in die bekwaamheid van die land se beskermingsmagte. Hier kan nog tientalle voorbeelde genoem word van die onsekerheid en pyn waarmee inwoners van Suid-Afrika gekonfronteer word elke dag. Dus is hier 'n belangrike oproep en geleentheid tot medelye. Dit is hier waar gelowiges mekaar se laste moet dra. Al beteken dit om mekaar bloot te verseker daarvan dat jy nie alleen is nie. Christene kan nie toelaat dat die tipiese individualisme wat in die wêreld heers gelowiges ook insluk

nie, siende dat individualisme nie 'n aanvaarbare karakterseienskap van 'n Christengelowige is nie.

Gelowiges behoort te besin oor hulle verantwoordelikheid teenoor hulle medemens in die donker tyd waarin Suid-Afrika homself bevind. Daar is baie mense in Suid-Afrika wat empatie en vertroosting nodig het. Gesinne wat beroof en aangeval word. Kinders wat hulle ouers verloor deur moord en dergelike dinge. Dit is hier waar gelowiges, in plaas daarvan om te emigreer, moet intree en 'n helpende hand uitsteek. Gelowiges kan ander help om pyn te verwerk en moeilike omstandighede te bestuur. As gelowiges emigreer ten spyte van soveel mense in Suid-Afrika wat hulle kundigheid en medelye nodig het, word naasteliefde en roeping nie suksesvol uitgeleef nie. Die burgerlike samelewing en verantwoordelikheid teenoor die medemens word hier getoets.

Deursettingsvermoë

'n Christen is nie iemand wat moed opgee nie. Die getuienis hiervan kry ons regdeur die Bybel. Die mense wat naby aan God geleef het, het nie besluite geneem vir hulle eie gewin nie en het aangehou om vir God te leef en hulle roeping na te kom, ongeag wat die omstandighede of gevolge mog wees. In Hebreërs 11 word talle voorbeelde genoem van gelowiges wat slegs gedoen het wat God van hulle verwag het. Soms het hierdie dinge na belaglike versoeke gelyk, soos byvoorbeeld die Israëliete wat vir sewe dae om Jerigo marsjeer het sodat sy mure sou ineenstort. Moses het geweier om bekend te staan as die seun van die Farao se dogter. Die lewe sou beslis vir hom baie makliker gewees het, maar hy het op God vertrou en die waarheid gepraat.

Deursettingsvermoë kom na vore as die gelowige werklik glo in die dinge wat nog nie gesien kan word nie, as die gelowige vashou aan die beloftes van die Here en op Hom vertrou. In Suid-Afrika heers daar tans groot kommer oor die grootskaalse emigrasie en die implikasies daarvan. Vir baie inwoners van Suid-Afrika is dit 'n onsekere toekoms wat voorlê in Suid-Afrika. Party mense raak moedeloos en onttrek hulleself bloot van die samelewing en ander kies die hasepad oorsee. Dan is daar ook nog diegene wat, om watter rede ookal, agterbly in Suid-Afrika. Helberg (1990:137) lê klem daarop dat dankbaarheid en vertroue in God se sorg twee pilare is waarop die regte houding teenoor 'n land en teenoor mense binne en buite 'n land rus.

“Die vraag is dus nie of ‘n land vir die gelowige bewoner belangrik is nie. ‘n Land is vir hom net so belangrik as die dinge wat vir sy daaglikse bestaan nodig is. ‘n Land is daarby nie slegs ‘n stuk grond wat ‘n mens ploeg of waarop jy bou nie. Daar sit ook geskiedenis aan vas. ‘n Land kan so belangrik wees dat iemand bereid moet wees om sy lewe daarvoor te gee – soos in feitlik alle oorloë die geval is. Dit beteken egter nie dat ‘n land of volk se geskiedenis die maatstaf vir beoordeling word nie. Die deurslaggewende vraag is wel of die land opsigself bekyk en verabsoluteer word en of hy binne die raamwerk van hierdie perspektief van Jesus oor die koninkryk van God gesien en gehanteer word. Verabsoluttering van dinge, en dus verafgoding daarvan – ook van dinge wat baie belangrik is – is trouens een van die basiese sondes van die mens, ‘n sonde wat reeds in die eerste gebod deur God veroordeel word. Reeds in die tuin van Eden het die mens hom skuldig gemaak aan verabsoluttering; hy het sy besit van ‘n grondgebied nie ondergeskik gestel aan die eis van God en sy geboorte nie, sy eis om die dienende verhouding tot God en die naaste” (Helberg, 1990:142).

Dus moet die mens nie op ‘n land opsigself vertrou nie, maar solank God nog gedien mag word in sy/haar geboorteland (dié land waar God hom geplaas het), moet hy/sy op Hom vertrou. Elke mens is histories gebonde aan ‘n land. Dit mag wees omdat dit ‘n individu se geboorteland is of omdat die individu ‘n roepingsplig ervaar teenoor ‘n bepaalde land. Hierdie gebondenheid bring mee dat elkeen ‘n verantwoordelikheid dra vir die land waaraan hy/sy gebonde is. Hierdie verantwoordelikheid moet met deursettingsvermoë uitgeleef word. Deursettingsvermoë in hierdie konteks vereis geloofsvolwassenheid. “Die lewenspatroon van die gelowige kan die kenmerke van die geloof vertoon, omdat die Heilige Gees in die hart van die gelowige, in sy bewussyn, denke en gevoel, in die binneste van sy siel, werk. Dan weet die gelowige wat met hom gebeur het, en dat hy deur die genade van God van harte glo en God liefhet en Hom in alles moet doen” (Van der Merwe, 2010:8). Belangriker as die land waarin gewoon word, is die verantwoordelikheid wat deur elke individu nagekom moet word met vertrou op God se voorsienigheid.

Hoop

Hoop is 'n nie maar slegs 'n abstrakte idee wat moontlik iewers in die toekoms bestaan nie. Nee, vir 'n gelowige is hoop 'n konkrete vaste sekerheid van God se getrouheid en van Sy voorsienigheid en voorsiening vir Sy kinders. Hoop word in die Bybel verbind met geloof (1 Kor. 13:13) en volgens Hebreërs 11:1 is ware geloof 'n vaste sekerheid dat die dinge waarop ons hoop inderdaad sal gebeur. Hoop word ook verbind met vertrouwe (Rom. 15:13) en verwagting (Rom. 4:18-19; Tit. 1:2). Daarom impliseer hoop vir 'n gelowige dat sy/haar omstandighede nie altyd aangenaam mag wees nie. Ten spyte van wat die omstandighede dalk mag wees, is daar darem die sekerheid van geloof en hoop om aan vas te hou.

Tydens die aardse menslike bestaan, word keuses en besluite geneem, wat die gelowige se geloofsekerheid ten toon stel. Byvoorbeeld die keuse om op mense of op God te hoop (Ps. 33:16-19). 'n Mens kan nie sy vertrouwe in 'n ander mens wil stel nie, net God kan voorsien aan alle menslike behoeftes. Dan ook die keuse om op rykdom of op God te hoop (1 Tim. 6:17). In die emigrasie-debat is daar dikwels sprake van beter geleenthede en meer betaling wat te vinde is in die buiteland. Dit mag 'n pragmatiese oplossing wees indien finansiële gemak die doelwit is, maar vir die gelowige kan dit nie geldig wees as 'n beweegrede tot emigrasie nie. Ps. 25:5 bemoedig mense om nooit hoop te verloor nie. Let op dat die Psalm nie sê dat die mens nie maklik moet ophou hoop nie, maar dat hy nooit mag ophou hoop nie. Hoop op God is soos 'n stabiele anker (Heb. 6:18-19). Hierdie hoop wat God gee, is die gelowige se enigste sekerheid in hierdie wêreld en daarom kan hy/sy nie laat los nie. Die mens sal verlore gaan as daar nie aan hierdie hoop vasgeklou word nie. Dit kan die donkerste nag in Suid-Afrika laat lyk soos die helderste dag, omdat niks hoop kan wegneem nie.

Gelowiges moet oor hulle hoop getuig (1 Pet. 3:15) en dit is nie moontlik as moed opgee word in moeilike omstandighede nie. Bosch (1991:510) vat hierdie tema netjies vas as hy stel dat die transendente boodskap van God se sekere triomf aan gelowiges die nodige afstand en nugterheid ten opsigte van die wêreld gee, maar ook aan hulle die motivering verskaf om hulleself betrokke te kry in die transformasie van die status quo. Wat hiermee bedoel word is dat gelowiges 'n wyer perspektief het, waarin die aardse lewe beskou word as die begin van 'n Ewige Lewe. As gevolg hiervan is die gelowige nie bevrees oor die bedreiging van lewe op aarde nie. Die lewe waarna daar uitgesien word,

is die Ewige Lewe na die dood. Omdat gelowiges met die sekerheid en die hoop van hierdie Ewige Lewe leef, het hulle die durf om hulleself te beywer vir die koninkryk van God alreeds in hierdie lewe.

Gehoorsaamheid aan God

Bogenoemde beginsels ter sprake in 'n Christelik-etiese gesprek oor emigrasie, kom almal neer op gehoorsaamheid aan God. God is die Skepper en die Gewer van alles wat die mens het en dus is Hy ook die Persoon waaraan rekenskap gegee moet word. Hy het vir mense gawes gegee om tot mekaar se saligheid aan te wend. Gehoorsaamheid aan God vereis ook om in moeilike tye op Hom alleen te vertrou en nie weg te hardloop na makliker omstandighede nie. Dit is die een kant van die muntstuk oor gehoorsaamheid aan God. Die ander kant van die muntstuk is dat God somtyds die mens beveel om te trek, oftewel te emigreer. 'n Voorbeeld daarvan is toe Hy Israel uit Egipte uitgelei en van slawerny bevry het. Daar kan gevra word of die uittogverhaal (opgeteken in Eksodus) gebruik kan word as 'n voorbeeld vir optrede vandag. Burden (1993:148) wys daarop dat 'n mens in ag moet neem dat God, anders as in die algemene wêreldgeskiedenis, hier in die besonder besig was om Homself bekend te maak as die enigste ware God. Hy het hulle met wondertekens uitgelei. Dit is ook belangrik om te let daarop dat die uittog uit Egipte 'n opdrag van God was, die inisiatief het nie van die Israelitiese slawe af gekom nie, maar van God af. Die uittog uit Egipte kan dus nie vergelyk word met emigrasie vandag nie.

God soek gehoorsaamheid onder alle moontlike omstandighede, al vra dit ook ingrypende besluite, al sou jy dit as onmenslik wou beskryf (Van Helden, s.a.). Hierdie verantwoordelikheid spruit nie vanuit 'n behoefte om te lei en swaar te kry nie, maar vanuit 'n vertroue dat God gelowiges 'n pad wil laat stap waarvan hulle nog nie die bestemming ken nie. God het Suid-Afrikaners in Suid Afrika geplaas vir 'n rede.

Die gevolgtrekking waarby bogenoemde beginsels mens bring is dat die mens gehoorsaam moet wees aan God in die land waar Hy hom/haar geplaas het. In Handeling 17:26 kan bevestiging gevind word daarvan dat God die grense van die mens se blyplek bepaal het. Ten spyte hiervan gebeur dit wel dat God mense beweeg tot emigrasie. Ongelukkig is roeping nie die enigste rede tot emigrasie nie, intendeel, dit is die uitsondering waar 'n individu geroepe voel om te emigreer. Dit is 'n aanduiding

daarvan dat daar bepaalde situasies, gebeure of landswette is wat mense motiveer om die land te verlaat. In die volgende hoofstuk sal daar gepoog word om hierdie motiverings uiteen te sit en te verduidelik, voordat dit beoordeel word aan die hand van bogenoemde beginsels.

HOOFSTUK 3 – Argumente in die emigrasie-debat

In hierdie hoofstuk sal voortgegaan word om 'n kort historiese oorsig te gee oor die Franse Hugenote, om aan te toon hoe die teenswoordige emigrasie nie in dieselfde lig beskou kan word nie. Die emigrasie van die Franse Hugenote is 'n voorbeeld van emigrasie waar daar sinvolle eties-verantwoordbare redes was vir landsverlating. Daarna sal aandag gegee word aan die mees algemene motiverings wat aangevoer word vir emigrasie.

Historiese oorsig: Die Franse Hugenote

Daar word soms na die Franse Hugenote verwys wanneer daar gepraat word oor emigrasie. Die Hugenote kan gesien word as 'n moderne voorbeeld van emigrasie wat die toets van Christelik-etiese norme kon deurstaan. Die geskiedenis van die Franse Hugenote volgens die Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika (s.a.) kan soos volg opgesom word: Op 29 Januarie 1536 is daar 'n algemene Edik uitgereik wat die uitroeiing van die Hugenote aangespoor het. Die Hugenote was die Franse Protestante. Op 1 Maart 1562 is 1 200 vermoor by Vassy in Frankryk. In die nag van 23/24 Augustus 1572, wat bekend staan as Bartholomeusnag, is 8 000 protestante vermoor. Dit is opgevolg deur 'n dankseggingsoptog in die strate van Rome vir die dood van die "Hugenote-plaag" op die 8ste September. Op 13 April 1598 het Hendrik van Navarre (Koning Hendrik IV van Frankryk) die Edik van Nantes geteken, wat vereis het dat die oorloë gestop moet word en dat daar 20 Franse vrystede sal wees waar protestante hulle geloof mag beoefen in vrede. In 1610 is hy vermoor en Kardinaal Richelieu het hierdie vrystede begin oorneem. Die sterkste en vernaamste een van die stede was La Rochelle, hy is laaste ingeneem in 1629. Lodewyk XIV het koning geword en die Edik van Nantes herroep op 22 Oktober 1685. Hier volg voorbeelde van wat die protestante moes verduur in die daaropvolgende jare:

- Kerke, huise, psalmboeke en Bybels is verbrand,
- Party het op die brandstapel gesterf,
- Emigrasie is onwettig verklaar,
- Baie is dood in tronke of tereggestel op die martelwiel,
- Baie is verban en het galeislawe geword op Franse galeiskepe of is verkoop aan Turkye as galeislawe,
- Elke aanbiddingsplek is verbrand, predikante of leraars moes konformeer of hulle is verban tot slawerny op die Wes-Indiese eilande wat onder Franse beheer was.

- Die kinders van die Hugenote is van hulle af weggeneem om monnike of nonne te word,
- 250 000 is vermoor in Frankryk.

Dit was die realiteit in Frankryk gedurende die 16de en 17de eeue en hierdie situasie het aanleiding gegee tot die grootskaalse emigrasie vanuit Frankryk. Daar was geen sekerheid oor hoe hulle 'n bestaan sou maak in hulle land van heenkome nie en daar was geen sekuriteit vir hierdie vlugtelinge nie. Al wat hulle wou hê, was 'n land waar hulle God vrylik kon dien sonder om vervolgt te word. Ongeveer 250 000 Franse Hugenote het gevlug na Switserland, Duitsland, Engeland, Amerika, Nederland, Pole en Suid-Afrika. In 1692 was daar 'n totaal van 201 Franse Hugenote aan die Kaap. Dit is die geskiedenis van die Franse Hugenote en dit is duidelik dat hierdie situasie nie vergelyk kan word met die emigrasie wat ons vandag beleef nie. Indien owerhede menseregte weer so sou skend, sou emigrasie eties geregverdig kon word.

In die tydperk hier onder bespreking was menseregte nie gedefinieer soos vandag en in wetgewing beliggaam nie, maar volgens die reformatoriese benadering is elke mens deur God na sy beeld geskep en dus geregtig op menseregte, ongeag of dit in die wet beliggaam is of nie. Die Franse Hugenote se menseregte is hulle ontnem en dus het hulle gevlug. Hierdie mense het geen reg gehad op vryheid en gelykheid (Artikel 1) nie. Hulle het geen reg gehad om nie teen gediskrimineer te word (Artikel 2) nie, maar daar is teen hulle gediskrimineer op grond van geloof. As gevolg van hulle geloof, is hulle vermoor, dit beteken dat hulle ook nie die reg op lewe (Artikel 3) gegun was nie. Die feit dat hulle verkoop is om as slawe op skepe te werk, dui daarop dat hulle nie die reg gehad het om nie in slawerny gehou te word nie (Artikel 4). Party protestante het op die brandstapel gesterf, dit is marteling (Artikel 5) waarteen hulle nie beskerming gehad het nie. Artikel 7 vereis dat elkeen gelyk is voor die wet, maar die protestante was minderwaardig geag omdat hulle nie Rooms-Katoliek was nie. Die Franse Hugenote het nie die reg tot privaatheid (Artikel 12), reg tot godsdienstvryheid (Artikel 18) of vrye assosiasie (Artikel 20) gehad nie. Die Hugenote se basiese reg om soos mense te leef en behandel te word is hulle ontnem, en daarom was dit geregverdig om te emigreer. Hierdie is menseregte wat die burgers van Suid-Afrika bevoorreg is om tot toegang te hê. Dit maak die huidige situasie in Suid-Afrika baie anders as die situasie van die

Franse Hugenote in Frankryk, daarom moet die meriete van elke emigrasie vanuit 'n Christelike etiek beoordeel word.

Mense emigreer om verskeie redes. Hierdie redes klink dikwels geldig as dit vanuit 'n antinomianistiese sisteem, soos intensionalisme, beskou word. Intensionalisme beteken dat die intensie goed is, byvoorbeeld om selfverryking en persoonlike geluk na te jaag, wat weer aansluit by hedonisme waar genot 'n daad reg maak. Daar is talle standpunte wat aandui waarom dit die regte stap is om bloot te emigreer na die buiteland, maar die vraag is of dit beantwoord aan die Christelik-etiese verantwoordelikhede. Siende dat hierdie 'n Christelik-etiese studie is, moet daar probeer word om hierdie redes tot emigrasie te beoordeel op grond van moreel-etiese beginsels wat ontgin is uit die Bybel. Christene kan en mag eenvoudig nie net op grond van die praktiese oplossing emigreer sonder om die moreel-etiese in ag te neem nie, want dit sal 'n eensydige en onverantwoordelike besluit wees. Die praktiese of pragmatiese benadering, soos vroeër gestel, behels om iets te benader soos 'n wiskundeprobleem, waarin die lewenstandaard, behuising, mediese sorg en inkomste, wat gebied word in die land waarheen geëmigreer wil word, opgeweeg word teen die standaard van hierdie dinge wat Suid-Afrika bied.

'n Deontologiese model verwys na die moreel-etiese dinge wat dikwels nie tasbaar is nie, soos die gelowige se verantwoordelikheid voor God, liefde aan God en die naaste, wie in die steek gelaat word deur te emigreer, die verhoudinge wat opgegee word ensovoorts. Vervolgens 'n lys van die mees algemene redes wat deur emigrante verskaf word as die gronde vir emigrasie. Elke rede tot emigrasie word telkens omskryf en bespreek. Hierdie redes sal in die volgende hoofstuk deeglik beoordeel word op grond van die moreel-etiese riglyne hierbo genoem.

3.1 Ekonomiese faktore (Bornman, 2005:388)

Die mens strew na ontwikkeling en selfverbetering, dit sluit 'n strew na beter ekonomiese omstandighede in. Artikel 22 vereis dat elkeen, as 'n lid van die gemeenskap, die reg tot bestaansekereheid het en kan aanspraak maak op die verwesenliking van die ekonomiese, sosiale en kulturele regte wat noodsaaklik is vir sy/haar waardigheid en die vrye ontwikkeling van sy/haar persoonlikheid, deur middel van nasionale pogings en internasionale samewerking en volgens die organisasie en

hulpbronne van elke staat (United Nations, 2009). Die Eerstewêreldlande is ekonomies baie sterk in vergelyking met Suid-Afrika. Suid-Afrika is 'n land met baie natuurlike hulpbronne en dus ook 'n land met baie geleenthede. Hier is egter ook groot maatskaplike en sosiale probleme as gevolg van werkloosheid, armoede en oorbevolking. Hierdie sosiale probleme hou direk verband met die ekonomiese faktore wat aanleiding gee tot emigrasie.

Navorsing toon dat die werkloosheidskoers (soos nagevors April 2008) 56% was, van die ongeveer 30.4 miljoen burgers van werkende ouderdom in Suid-Afrika, het slegs 13.124 miljoen werk (Ray, 2008). Altesame 66% van voornemende emigrante emigreer omdat hulle beter werkgeleenthede oorsee het (Grobelaar, 2009). Die politieke wanbalans, wat kenmerkend van Suid-Afrika is, dra dalk tot 'n groot mate by tot hierdie sosiale probleme in die land. Die wanbalans waarna hier verwys word is dat, ten spyte daarvan dat Suid-Afrika nou demokraties en vry is, een party soveel beheer het dat daar in die werklikheid nie onderskei kan word tussen die ANC en die regering nie. Die gevolg is ook 'n ekonomiese wanbalans. Statistieke van die vakbond Solidariteit dui daarop dat daar onder swartmense in Suid-Afrika in 1994-2005 'n toename van 13,7 % in arm mense, gemeet aan sekere standaarde, was. Onder gekleurdes was dit 17,3 % en onder blankes – 'n ander geskiedenis – 95%. Onder die wit deel van die bevolking het dit vanaf 1994-2005 met 150% toegeneem (Strauss, s.a.). Wanneer na hierdie persentasies gekyk word, moet die effek van regstellende aksie in ag geneem word, asook die feit dat swart mense die grootste deel van Suid-Afrika se populasie beslaan. Armoede het onder alle rasse toegeneem. Mense voel onveilig en sonder sekuriteit in die see van armoede wat heers in Suid-Afrika. Die mense wat emigreer, is dikwels opgeleide kundiges, wat werkseleenthede kon verseker.

3.2 “Laaste druppel” (Bornman, 2005:388)

Die “laaste druppel” verwys na 'n deuslaggende gebeurtenis wat aanleiding gee tot die finale besluit om te emigreer. Hierdie laaste druppel kan verwys na enigiets wat die mens laat besluit “genoeg is genoeg”. Almal het 'n versadigingsvlak, party verbind dit aan die mensereg tot werk en die beskerming teen werkloosheid (Artikel 23) en is oortuig daarvan dat regstellende aksie teen hierdie reg indruis.

Die “laaste druppel”-ervaring kan wees wanneer ‘n blanke, as gevolg van die toepassing van regtellende aksie, van ‘n bepaalde pos ontnem word sodat ‘n swart persoon aangestel kan word. Regstellende aksie is ‘n wetlike proses waardeur ongelykhede ten opsigte van ekonomiese geleenthede, toegang tot opleidingsinstellings, arbeidsgeleenthede en grondbesit deur doelbewuste wetlike handeling reggestel word om historiese ongelykhede uit te skakel (Vorster, 2006:225). In Suid-Afrika word regstellende aksie sedert 1994 deur die ANC-regering toegepas, met die doel om die ekonomiese agterstand van nie-blanke groepe, wat ontstaan het as gevolg van die apartheidsbeleid van die Nasionale Party-regering, uit te wis. Die wyse waarop hierdie regstellende aksie toegepas en ervaar word skep egter probleme. Verder in hierdie studie word meer aandag daaraan geskenk.

Ander mense verbind die “laaste druppel” aan die mensereg tot lewe (Artikel 3) en redeneer dat hierdie reg aangetas word in Suid-Afrika, gewoonlik as gevolg van iets soos ‘n kaping, moord of aanranding van ‘n geliefde. Hierdie bedreiging op lewe funksioneer dan as die “laaste druppel”.

Die mens is ‘n aanpasbare wese, en die geskiedenis staan as bewys van hierdie aanpasbaarheid. Die mens pas dikwels aan by finansiële probleme, huishoudelike probleme, ‘n toename in geweld, en selfs tye van oorlog. Aan die positiewe kant pas die mens aan by vooruitgang, ontwikkeling, rekenarisering van besighede en tegnologie. Die “laaste druppel” is egter die punt waar die individu nie meer kan aanpas nie. Dit is wanneer die individu mag voel dat sy/haar geleentheid tot lewe ingeperk word, dat hy/sy of ‘n gesin se lewensmoontlikhede amper onmoontlik gemaak word. Dit is hierdie tipe gewaarwording wat baie mense aanspoor om eerder die bekende, met die voordele wat daarmee gepaard gegaan het, op te gee vir ‘n veiliger omgewing waar geglo word ‘n meer menswaardige leefstyl gevoer kan word.

3.3 Misdaad en geweld (Bornman, 2005:389)

Misdaad en geweld is een van die grootste redes vir emigrasie uit Suid-Afrika. Baie burgers van Suid-Afrika ervaar onsekerhede oor hulle basiese menseregte, soos die reg op lewe (Artikel 3). “Die reg op lewe, net soos die reg op vryheid van geweld, verbied nie net die owerheid om lewens te neem nie en om wederregtelik geweld te pleeg nie; dit plaas ook ‘n verpligting op die owerheid om te sorg dat andere – persone anders as die

staat self – nie hierdie regte skend nie. Wederregtelike doodslag is uiteraard die ergste moontlike inbreuk op die reg op vryheid van geweld. Daarom kan die reg op lewe as 'n aspek van die reg op vryheid van geweld beskou word” (Malan, 2007:121).

Ten spyte van bogenoemde verantwoordelikheid van die owerheid, word daar gemiddeld 25 000 mense per jaar vermoor in Suid-Afrika (Du Preez, 2002:83). 'n Groot hoeveelheid hiervan is mense in die polisiemag en boere. Steingo (2005:195) noem dat geweldmisdaad in Suid-Afrika tussen 1994/5 en 2001/2 met 33% gestyg het. Volgens Du Preez (2002:4) het plaasmoorde reeds minstens 800 boere se dood beteken tussen 1994 en 1999.

Volgens Steenkamp (2008) sê die georganiseerde landbou-afvaardiging in 'n besprekingsdokument dat minstens 1 600 boere vermoor is in sowat 24 000 aanvalle sedert 1989. Elke dag kan gelees word oor nog 'n moord of verkragting wat in Suid-Afrika plaas gevind het.

Daar is bevind dat slegs een uit elke 25 verkragtingsake, wat aangemeld word, tot 'n skuldigbevinding lei. Meisies en babas onder die ouderdom van sewe jaar maak 'n skokkende 14,6% van verkragtings uit (Du Plessis, Pienaar & Olivier, 2009:191). Wat egter 'n vreesaanjaende realiteit is, wat duidelik word as die koerante gelees word, is dat hierdie moorde dikwels gepleeg word op jong kindertjies en oumense. Dit is mense wat geen verweer het nie en baie gereeld word hierdie slagoffers gemartel tot die dood. “Die bejaarde egpaar van Nigel is vermoedelik reeds Maandag om 19:00 in hul huis oorval. Hul hande en voete is vasgebind met onder meer telefoonkabels, gordels en linne waarna hulle met lakens aan mekaar vasgebind is. Martinson is erg aangerand met 'n stomp voorwerp waarna plastiek om sy kop gedraai is” (Van Niekerk, 2005). Behalwe vir die fisiese en materiële skade wat dikwels aangerig word, is daar ook die emosionele gevolge wat in ag geneem moet word. “Being a victim can cause severe emotional and psychological strain for both direct and indirect victims and even though the nature and extent of these emotional- and psychological consequences differ from one victim to another, it is of great importance to make these consequences known” (Van der merwe, 2008:151).

Hierdie is die statistieke en voorbeelde van die geweld wat mense land-uit dryf. Geweld kom so algemeen voor in Suid-Afrika dat meeste volwassenes nie meer geskok is daardeur nie. Verster (2004:168) verwys na "...die toenemende spiraal van geweld, waar die lewe van die slagoffer minder werd geag word as die lewe van die misdadiger."

"Die unies sê die moorde en martelings dryf produktiewe boere van hul plase en bedreig voedselsekerheid. Boonop word hulle rot en kaal besteel: tot 220 000 veediefstal-sake is van April 2001 tot Maart 2007 by die polisie aangemeld. Boerderybedrywighede naby die landsgrense word bedreig omdat die polisie die instroming van onwettige immigrante nie kan keer nie" (Steenkamp, 2008).

Hierdie diefstalle skep die persepsie dat die basiese mensereg van die besit van eiendom (Artikel 17) nie meer beskore is in Suid-Afrika nie. Daar word soms gespekuleer daaroor of die doodstraf moontlik 'n effek sou hê. Die tronke in Suid-Afrika is nie groot genoeg om hierdie mense agter slot en grendel te hou nie. Daar was in Februarie 2009 164 755 gevangenisgevangenes in Suid-Afrikaanse tronke, terwyl die sisteem slegs 114 822 inwoners kan hanteer (Pillay, 2009).

Die algemene beeld wat geskep word deur die media is dat die regering nie in staat is om misdadigers suksesvol te stuit nie. "Ongeveer 500 polisie-offisiere is in die laaste jaar tydens interne verhore skuldig bevind aan moord, verkragting, aanranding, diefstal, korrupsie, drank- en dwelmmisbruik. In die tydperk 2008/2009 is 38 lede van die polisiediens aangekla van moord en/of skuldig bevind daaraan. 33 is van poging tot moord aangekla en 33 vir verkragting. 669 offisiere het in dissiplinêre verhore verskyn en 538 is skuldig bevind aan die klagtes wat teen hulle gemaak is" (Du Plessis, Pienaar & Olivier, 2009:615). Die beskerming van burgers is 'n baie belangrike verantwoordelikheid van die staat, en gegewens soos hierdie skend die burgers se vertroue in die regering.

Dit wil blyk asof die korrupsie-noodlyn ook besig is om te faal. Anoniem (2009) berig dat slegs ongeveer 'n agste van die klagtes gelê in 2008 opgevolg is. Van die 4 202 klagtes wat ontvang is, is slegs 12.4% opgevolg, teenoor die 35% wat dit in vorige jare was. Du Plessis, Pienaar & Olivier (2009:191) sê dat slegs 6% van sake wat by die Polisie aangemeld word lei tot skuldigbevindings en slegs 33% word verhoor. As die situasie vanuit hierdie lig beskou word lyk dit na 'n uitkoms om te emigreer na 'n land waar die

risiko, om sonder rede vermoor te word, kleiner is. Volgens Grobbelaar (2009) is geweld en misdaad 82% van voornemende emigrante se beweegrede tot emigrasie.

3.4 Rassisme (Bornman, 2005: 389)

Rassisme is 'n saak wat al male sonder tal en sonder enige sukses aangespreek is in Suid-Afrika. Voor 1994 was die rassisme sterk teen die nie-blankes gerig. Hierdie rassisme was moontlik uit vrees gebore. “Die karakter en manifestering van regse blanke vrese in die tagtigerjare is grootliks gevorm en beïnvloed deur die verwikkelde politieke dinamika van die tydperk. Die verregsing in die blanke politiek is versnel deur die toenemende swart militantheid en terselfdertyd was swart radikalisme weer 'n reaksie op onder meer groeiende regse sentiment. Dit was hierdie aksie-reaksie-dinamika wat veral in die middel van die tagtigerjare die “politiek van vrees” en veral die “politiek van regse vrees” onderlê het. Die bykomende inwerking van eksterne buitelandse druk en veroordeling moet ook nie buite rekening gelaat word nie. Daar kan gevolglik aangevoer word dat die gekombineerde uitwerking van interne opstand en eksterne druk kumulatief-versterkend op veral die regse politieke houding ingewerk het” (De Bruyn & Wessels, 2010:122).

Na 1994 het die situasie egter omgeswaai en die nie-blanke is aan bewind. Omgekeerde diskriminasie en rassisme word ervaar. Die rassisme wat tans ervaar word in Suid-Afrika, word grotendeels ervaar deur die toepassing van regstellende aksie in die werksomgewing. “Hoewel statistieke toon dat die meeste jong Afrikaners hier wel een of ander betrekking verkry, is dit 'n realiteit dat 'n groot persentasie geskoolde en goed opgeleide, en gegradueerde professionele jong mense (25-40-jariges) hulleself in die buiteland bevind, in goeie betrekkinge, met gemiddelde tot hoë salarisse en met goeie vooruitsigte. Interessant genoeg is dit nie net wit mense nie, maar soms ook gekleurde Suid-Afrikaners wat meen dat die weivelde elders beter en groener is. Dit raak ook nie net volwassenes nie, maar ook kinders teen wie soms gediskrimineer word (in terme van sportgeleenthede, beurse, ens.) omdat hulle deel is van die sogenaamde bevoorregte wit bevolking” (Du Plooy, 2008:10).

Soveel blankes kry vandag swaar as gevolg van omgekeerde diskriminasie en moedeloosheid begin intree. Selfs al is die rassisme vanaf die kant van die blanke nou nie meer so duidelik nie, word emigrante na die buiteland ook soms gebrandmerk as

rassiste wat nie onder die swart regering wil leef nie. Uit oudminister Mangosotho Buthelezi se toespraak by die loodsing van die Kom-huis-toe-veldtog blyk dit asof rassisme teen witmense eerder 'n rede tot emigrasie is (Bornman, 2005:389).

Die oorgrote meerderheid van die inwoners van Suid-Afrika is waarskynlik al blootgestel aan die een of ander vorm van rassisme. Die feit dat die rassisme gewoonlik van die maghebbers se kant af kom, maak die situasie meer ingewikkeld. Die menseregtekommissie speel hier 'n belangrike rol om te waak oor die regte van die landsburgers. Indien die menseregtekommissie aan sy doel beantwoord, behoort elke burger te weet dat sy menseregte gerespekteer word. Die ontstaan en doel van die menseregtekommissie word soos volg deur Kollapen (2002) uiteengesit: "The South African Human Rights Commission is the national institution established to entrench constitutional democracy. It is committed to promote respect for, observance of and the protection of human rights for everyone without fear or favour." Die taak van die menseregte-kommissie word opgesom in die volgende punte:

- Develop an awareness of human rights among the people of South Africa.
- Make recommendations to the state to improve the carrying out of human rights.
- Undertake studies and report to Parliament on matters relating to human rights.
- Investigate complaints of violations of human rights and seek appropriate relief. (Kollapen, 2002)

"The Commission works with government, civil society and individuals, both in South Africa and internationally, acting as both a watchdog and a visible route through which people can access their rights" (Kollapen, 2002). Soos reeds genoem is daar egter bittermin reaksie op korrupsie-noodlynklagtes. Die implikasie hiervan is dat daar 'n persepsie ontstaan dat daar geen plek is waar 'n landsburger 'n klag kan lê en gehoor word nie, aangesien dit baie keer ignoreer word en die minderheidsgroep is oortuig daarvan dat hulle bloot nie die mag het om die regering te laat luister of te laat omgee nie. Die logiese gevolg hiervan is dat burgers verneder, minderwaardig en onbelangrik voel. Dit blyk asof menseregte nie meer in ag geneem word nie en dikwels ervaar blankes dit as 'n "terug-kry"-reaksie op die rassisme van die Apartheids-regime.

Mnr. Julius Malema van die ANC-jeugliga was al verskeie male in die media as gevolg van rassistiese uitsprake teenoor blankes. Gesien in die lig van die nuutste misdaadstatistieke, kan daar met reg ernstige kommer wees oor uitsprake soos hierdie en die feit dat die morele leierskap ontbreek om dit aan te spreek. “Aan die een kant het Julius Malema as ekstreme element van swart rassisme dit in die openbaar begin bedryf en die regering se gesloer om hom tot orde te roep, het die persepsie geskep dat hulle stilswyend sy optrede goedkeur. Die moord op die AWB-leier Eugène Terreblanche het weer die ekstreme ander kant van blanke rassisme op die spits gedryf” (Venter, 2010:8).

Suid-Afrika het 'n brose demokrasie wat beskerm moet word. Hierbinne is die Grondwet die fondament, met die parlementêre stelsel, die regstelsel en 'n vrye media die pilare vir die demokrasie. Uitsprake soos hierdie ondermyn die demokrasie en is 'n ernstige vergryp en herinner sterk aan die ANC se verbintenis tot geweld voor 1990.

Regstellende aksie is gemik daarop om die rassisme van die verlede reg te stel deur middel van wetlike diskriminasie. Regstellende aksie moet onderskei word van blote onbillike diskriminerende handelingte waar daar teen mense op grond van geslag, ras, etnisiteit of geloof gediskrimineer word. Die bedoeling is juis om die gevolge van sodanige onbillike diskriminasie reg te stel (Vorster, 2006:226). Sommiges huldig die persepsie dat hierdie 'n grysarea is, wat veroorsaak dat die veronderstelde wetlike diskriminasie eerder toegepas word in die vorm van onbillike diskriminasie. Dit is wat gebeur het in 'n onlangse voorval.

Die saak, wat deur vier forensiese wetenskaplikes aanhangig gemaak is, is geskik deur alle eise toe te staan waarom hulle reeds in November 2004 gevra het: Onmiddellike bevordering wat destyds geweier is weens hul velkleur, asook volle terugwerkende vergoeding asof hulle destyds reeds bevorder is. In dié saak het die SAPD besluit om kernposte vakant te laat eerder as om wit kandidate aan te stel. Die wit aansoekers wat geweier is, was ten volle vir dié hoogs-kundige poste gekwalifiseer – met formele opleiding en jarelange ervaring. Dié gebruik om poste eerder vakant te los wanneer gekleurde kandidate nie daarvoor gevind kan word nie, is algemene praktyk – nie net in die SAPD nie, maar regdeur die staatsdiens, het twee onafhanklike staatsdiensvakbonde gesê (De Lange, 2009). Bogenoemde situasie is ervaar as onbillike diskriminasie wat direk aansluiting vind by die ervaring van rassisme. Verder mag hierdie

gebeure die persepsie skep dat die regering van die dag 'n spesifieke rasgroep se vooruitgang belangriker ag as die menseregte van medeburgers.

3.5 Xenofobie

Hierdie konsep hou nou verband met rassisme, alhoewel dit nie na presies dieselfde konsep verwys nie. “Die verskynsel van vreemdelinge haat word met die term xenofobie beskryf” (Vorster, 2008:30).

Xenofobie verwys na 'n vrees of haat vir vreemdelinge. Soos reeds genoem is daar 'n groot invloed van immigrante vanuit Zimbabwe en Mosambiek na Suid-Afrika. Ray (2008) berig dat SA-amptenare beweer dat daar tussen 5 miljoen en 8 miljoen onwettige immigrante in Suid-Afrika is, die Human Rights Watch & International Crisis Group reken dat daar 5 miljoen is, waarvan 4 miljoen Zimbabwiërs is. Onwettige immigrasie het met 300% toegeneem sedert 1999. “Hierdie vreemdelinge is emigrante uit Afrikastate wat wettig en meestal onwettig die land binnegekom het op soek na 'n beter bestaan of om moeilike toestande in hulle eie lande te ontvlug” (Vorster, 2008:30).

Dikwels kom hulle na Suid-Afrika omdat hulle vertroue het dat menseregte beter gehandhaaf sal word in Suid-Afrika en dat die land vir hulle veiligheid en werkseleenthede sal bied. Werkgewers in Suid-Afrika laat ook nie maklik op hulle wag om hierdie mense in diens te neem nie, siende dat hulle bereid is om vir baie kleiner salarisse of lone te werk as die meeste Suid-Afrikaanse hande-arbeiders. Volgens Botes (2008) wissel die salarisse van onwettige immigrante tussen R330 en R1200 per maand. Dit beteken dus goedkoop arbeid.

Vorster (2008:30) verwys na twee redes waarom die teenwoordigheid van vreemdelinge in Suid-Afrika maklik tot xenofobie lei:

- Enersyds word immigrante daarvan verdink dat hulle werkseleenthede en ander voordele van landsburgers ontnem en vanweë hulle armoede in misdaad betrokke raak.
- Tweedens lei die vreemde kultuur en gewoontes van die vreemdelinge tot spanning met die plaaslike bevolking, omdat emigrante nie maklik assimileer nie en neig om 'n eie enklawe met 'n eie taal en kultuur in stand te hou in die nuwe land.

Xenofobie kom nie slegs voor onder spesifieke rasse nie, maar onder elke rasgroep in Suid-Afrika is daar mense wat bedreig voel deur hierdie groepe wat instroom, want hulle kom hierheen vir werksgeleenthede en dit laat soveel burgers van die land sonder werk of inkomste. Artikel 23 van die Handves van menseregte maak dit duidelik dat elkeen die reg het tot werk. Die probleem is dat Suid-Afrika reeds 'n groot werkloosheidprobleem het en daar is nie strukture in plek om eers werk te verseker vir burgers van Suid-Afrika, voordat dit aan onwettige immigrante gebied word nie. Burgers is dus uit die staanspoor negatief teenoor enige immigrante. "Politici, die pers asook die Suid-Afrikaanse publiek blameer buitelanders oor die algemeen daarvoor dat hulle sosiale probleme soos misdaad, werkloosheid en die verspreiding van siektes vererger" (Cronjé & Van Wyk, 2008:17).

Hierdie immigrante na Suid-Afrika word dikwels ontnem van 'n menswaardige bestaan. Olivier (2008) berig oor die 26ste aanval op Somaliërs in die Oos-Kaap tussen Mei en Oktober 2008. Verder is tien Somaliërs in dieselfde tydperk in die provinsie vermoor. Ook by Uitenhage was daar soortgelyke aanvalle op 21 Somaliese winkels in Jeffreysbaai. Dit het gebeur nadat Somaliërs van die verkragting van minderjarige Suid-Afrikaanse kinders beskuldig is.

Immigrante vanaf Suid-Afrika se buurstate word glad nie in 'n goeie lig beskou nie.

"Dit moet duidelik gestel word dat die Department van Binnelandse Sake vlugteling of migrante nie as mense behandel nie. Ons lede wat in ander lande gebore is, vertel afgryslieke verhale oor eindelose lang rye wat tot nog meer langer rye lei en dan uitloop op minagting, wreedheid en korrupsie. Hulle vertel van polisielede wat omkoopgeld eis, wat hul dokumente opskeur, hulle geld steel en hulle na Lindela – 'n plek erger as 'n deurgangskamp en totaal ongeskik vir menslike verblyf – stuur. 'n Mens kan selfs na Lindela gestuur word as jy in Suid-Afrika gebore is as die polisie dink dat jy 'te swart' lyk, of as jy uit Giyani kom en nie weet wat die isiZuluwoord vir elmboog is nie" (Alunampumulo, 2008).

TLU SA (2005) som die probleem as volg op: "Onvoldoende grensbeheermaatreëls lei tot 'n gevaarlike toename in onwettige vreemdelinge en dieresiektes. Dit het ook tot

gevolg die toename in misdaad, 'n toename in die druk op die infrastruktuur soos paaie, behuising, leefruimte, sanitasie asook hulpbronne soos water en voedsel.”

Van der Walt (2007:32) sê dat polisie-statistiek erken dat daar 'n verband bestaan tussen onwettige immigrante en misdaad. Hy gaan verder deur te stel dat landsomstandighede 'n belangrike oorsaak van die probleem van onwettige immigrasie is, deurdat dit mense daartoe dryf om korttermyn-oplossings te soek vir langtermyn-probleme. In Zimbabwe is daar al baie lank politieke onstabiliteit en 'n gebrek aan lewensmiddele. “Daar is egter 'n onmiddellike behoefte aan lewensmiddele, en daarom is onwettige emigrasie en misdaad 'n korttermynoplossing” (Van der Walt, 2007:32).

Xenofobie is dus 'n ernstige probleem, en hierdie vreemdelinge-haat word gevoed deur die frustrasies van armoede en werkloosheid.

3.6 Individualisme (Bornman, 2005: 389)

Individualisme verwys na: (1) Die hoedanigheid van individueel, 'n afsonderlike persoonlikheid te wees. (2a) Opvatting dat die individu slegs ter wille van homself bestaan. (2b) Leer wat die regte van die individu bo of ten minste gelyk met dié van die gemeenskap stel (HAT, 2000:436).

Volgens Taylor (soos na verwys deur Bornman, 2005:389) is individualisme 'n kenmerk van die postmoderne era en alhoewel individualisme al sedert die 1700's een van die hoekstene van liberale denke in veral Westerse gemeenskappe gevorm het, nuwe en meer ekstreme vorme sedert die Tweede Wêreldoorlog begin posvat het. Hierdie individualisme is baie selfgesentreerd van aard. Individualisme is steeds kenmerkend van 'n groot deel van die samelewing se lewenswyse vandag. Dit is 'n gesteldheid op elke individu en die dinge wat vir elke persoon individueel van belang of lonend is.

Van der Walt (2008:202) noem die eienskappe van individualisme as samelewingsvisie:

- Die individu is die mees reële werklikheid, die fundamentele bousteen van die samelewing en die setel van gesag.
- Sosiale instellings of samelewingsverbande is bloot kolleksies van selfbepalende individue, wat saamkom om 'n gemeenskaplike doel te bereik.

- Samelewingsverbande dra 'n kontraktuele karakter en bestaan alleen solank die individuele lede dit goed vind en hulle individuele regte nie geskend word nie.
- Samelewingsverbande is dus menslike uitvindings, het geen transendente (goddelike) oorsprong nie en word ook volgens menslike goeddunke ingerig, omdat daar ook nie van goddelike norme sprake kan wees nie.

Baie mense wat emigreer stel ook individualistiese eienskappe ten toon wanneer 'n besluit tot emigrasie geneem word, sonder nadenke oor die implikasies daarvan vir diegene wat agterbly in Suid-Afrika. Artikel 14 van die Verklaring van Menseregte stel dit tog uitdruklik dat elkeen die reg het tot toevlug in 'n ander land. Hierdie mensereg is daargestel om te verseker dat mense 'n toevlug het indien hulle vervolgd word of ontnem word van 'n menswaardige bestaan. In die lig van individualisme, beteken dit dat die individu aan niks en niemand iets verskuldig is nie. As 'n persoon besluit om te trek na 'n ander land, dan kan hy/sy die besluit maak op grond van persoonlike gevoel.

Artikel 13 vereis ook dat elkeen die reg het tot vrye beweging, wat beteken dat elkeen die reg het om te trek binne die grense van elke staat. Elkeen het ook die reg om sy land te verlaat en daarheen terug te keer.

Artikel 21 van die Verklaring van Menseregte vereis dat elkeen die reg het tot demokratiese deelname in die regering van die land. Elke individu (van 'n volwasse ouderdom) het die reg (en ook die verantwoordelikheid) tot deelname. In Suid-Afrika vandag is die blanke die minderheidsgroep, of hulle onderdruk word is debateerbaar. Die feit bestaan egter dat baie die persepsie huldig dat selfs as hulle stem, tel die stem nie regtig nie, want die meerderheid se woord is wet. Hierdie persepsie kan lei tot emigrasie. Verder in hierdie studie word meer aandag geskenk aan wat demokrasie behels.

Die ander kant van individualisme is dat dit maklik lei tot onbetrokkenheid en isolasie, wat op sy beurt weer eensaamheid tot gevolg het. Dit is nie net van toepassing op emigrante nie, maar ook 'n groot groep mense wat in Suid-Afrika aanbly, maar wat inwaarts emigreer. Hierdie inwaartse emigrasie is niks anders as emigrasie sonder om tasse te pak en op 'n vliegtuig te klim nie. Dit is dikwels ook die gevolg van mense wat oortuig is daarvan dat hulle stem nie tel nie, en dat hulle nou net bestaan om te oorleef. Hulle rig hoë mure op rondom hulle huise, bly meestal by die huis, lees nie meer koerant

nie, kyk nie meer die nuus nie, en stem nie meer vir die land se regering nie. Rossouw (2003:15) is van mening dat Afrikaners hulle maklik tot hierdie soort patologiese individualisme wend as gevolg van politieke onmag en dat materialistiese doelwitte die enigste idealisme is wat vir baie Suid-Afrikaners oorgebly het.

Wanneer daar emigreer word op grond van hierdie individualisme, is dit 'n teleologiese benadering, siende dat die doel (van persoonlike gemak of sukses) belangriker geag word as die verantwoordelikheid teenoor die mense wat geraak word in die proses.

3.7 Kulturele en beskawingsverskille (Bornman, 2005:390)

Suid-Afrika is 'n land met 'n wye verskeidenheid kulture. Daar word elf amptelike landstale gepraat in Suid-Afrika. "Staatkundig leef ons in 'n land wat geweldige veranderings sedert 1994 beleef. Daar is geen eksklusiwiteit meer nie, veral in die regering sien ons 'n geïntegreerde werkerskorps. Daarom praat die politici van die "reënboognasie" (Kruger, 2010:10). Hierdie samevloeiing van kulture is nie vir almal ewe maklik om by aan te pas nie. Lüdemann (2009:640) sê dat die politieke versoening, wat tot die vestiging van demokrasie in Suid-Afrika gelei het, nie gepaardgegaan het met 'n ooreenkomstige en gelykwaardige versoening op die sosiale en veral kulturele terreine nie. Buthelezi verwys in 'n toespraak na "kulturele ongemak" as nog 'n moontlike rede vir die emigrasie van blankes (Nieuwoudt, 2003:8). Dit kan moontlik verwys na blanke Suid-Afrikaners se onvermoë om hulle te versoen met die meerderheidskultuur in Suid-Afrika. Kultuur word gedefinieer deur Huntington as 'n groep mense se totale manier van lewe, inklusief waardes, norme, instellings en morele milieu wat 'n aantal etnisierteite omvat. (Bornman, 2005: 390).

Blanke Suid-Afrikaners was voor 1994 gewoon daaraan dat dinge tot 'n groot mate op 'n Westerse manier gedoen is. Die Westerse kultuur kan gedefinieer word as 'n kultuur wat berus op rede, individualistiese bestaan, regte, kapitalisme, wetenskap en tegnologie (Westen Culture Global, 2009). Na 1994 het die Afrika-wyse van dinge doen begin intree. Keevy (2009:28) verduidelik hoe die Westerse en die Afrika regsbeskouing verskil: "In contrast with Western law, a crime or dispute in rural Africa secured a process which involved the community of the living and the living dead...As not only man but also ancestral spirits punish an offender...African law, in contrast with Western law, has a spiritual dimension that has to be attended to before a matter can finally be set to rest...As the aim of African law is not to create criminals, imprisonment is deemed

senseless...Various African sources maintain the ancestors are regarded as the legislators in traditional African societies”.

Die blanke Suid-Afrikaners ervaar nou 'n ongemak om hulle lewens te verander om aan te pas by die Afrika-wyse van doen. Van der Walt (2004:33-35) dui 'n aantal groot kulturele verskille aan:

- Vir Afrikane bepaal die geesteswêreld die fisiese wêreld – elke sigbare gebeurtenis het 'n geestelike oorsaak. Vir sekulêre Westeringe is die bestaan van 'n geesteswêreld bygeloof en daarom konsentreer hulle alleen op die sigbare werklikheid. Afrika word gekenmerk deur vrees vir die geesteswêreld wat dus tot 'n mens se voordeel gemanipuleer moet word. In die Weste beskerm die mens hom teen die magte van die natuur deur dit wetenskaplik te bestudeer en tegnologieë te beheers.
- Volgens 'n baie populêre benadering word (Afrika-) kommunalisme met (Westerse) individualisme gekontrasteer. Kommunisme is nie dieselfde as Westerse kollektiwisme, soos in byvoorbeeld sosialisme of kommunisme nie. Teenoor Westerse individualisme, wat samelewingsverbande as 'n blote kontrak tussen individue beskou en ook beperkte staatsgesag voorstaan, propageer kommunisme die min of volledige beheer van die staat oor die res van die samelewing. In sowel die geval van die individualisme as die kollektiwisme word die samelewing egter as 'n meganisme beskou wat deur wette en reëls tot 'n gemeenskap georganiseer word.
- Hierteenoor sien die kommunisme van Afrika die samelewing eerder as 'n organisme in plaas van 'n kunsmatige eenheid. Die mens is alleen mens in gemeenskap met ander. Die duidelike Westerse onderskeid tussen individu en gemeenskap geld nie. Die mens het 'n korporatiewe persoonlikheid.
- Hierdie werkswyse stel Afrika se gebeuregeoriënteerde tydsvisie teenoor die kronologiese (horlosie)tyd van die Weste.
- Oor die algemeen kan gesê word dat Afrika meer holisties, sinteties dink, terwyl Westeringe meer analities georiënteerd is.
- Navorsers is veral getref deur die kontras tussen die meer direkte kommunikasiewyse van die Weste en die meer indirekte maniere van Afrika waarin selfs die waarheid met omweë benader word – met al die implikasies en komplikasies wat dit meebring.

'n Ander argument wat dikwels gebruik word is dat Afrikaners vandag nie die geleentheid het wat hulle eens gehad het om hulle standarde, taal, kultuur en godsdienst uit te leef nie. Dus is dit nie so 'n groot saak om 'n land, wat in elk geval verengels het, te verlaat en te emigreer na 'n ander Engelssprekende land waar daar op 'n Westerse manier gedink en gedoen word nie (Bornman, 2005:391). Kruger (2010:11) wys daarop dat een kultuur nooit verabsoluteer mag word om oor ander kulture te heers nie, of beskou mag word as die norm waarteen ander gemeet moet word nie. In afdeling 4.7 van hierdie studie sal bespreek word hoe 'n gelowige kulturele verskille kan hanteer.

3.8 Verlies aan 'n etniese droom

Een van die grootste redes vir die Groot Trek in 1838 kan toegeskryf word aan die Afrikanerdroom van 'n eie land waarin hulle hulle eie kulturele, sosiale en politieke drome kon realiseer. Die uitvloeisels hiervan was die Transvaalse en Vrystaatse republieke, asook die opkoms van die Afrikaner-nasionalisme voor en na 1948, wat in die Republiekwording in 1961 verwesenlik is .

Vir sommiges is hierdie droom vernietig met die mag-oorgawe na die verkiesing in 1994. Skielik het die Afrikaanse Afrikanerdom sonder die etniese droom en vooruitsigte van hulle voorvaders gesit (Bornman, 2005:391). Die enigste noemenswaardige weerstand teen hierdie toedrag van sake was die sogenaamde Boeremag. Vir baie Afrikaner-blankes was dit net nog 'n beweging wat gelei het tot die skande van 'n hulpelose blanke minderheid, aangesien dit 'n simbool was van die apartheid van die verlede, waarvoor sommiges skaam is.

Omdat baie Suid-Afrikaners nie meer deur hierdie droom of mite aan die land gebind is nie, is dit dus vir baie Afrikaners makliker om hulle wortels uit te trek en te verhuis na die buiteland. Volgens Rossouw (2003:15) gaan 'n verlies van Suid-Afrikaanse plekidentiteit hand aan hand met die verlies aan 'n etniese droom. Baie Afrikaners voel vanaf 1994 nie meer dat Suid-Afrika hulle land is nie. Dit mag wees omdat die nuwe bedeling drastiese veranderinge teweeggebring het. Hierdie veranderinge het plaasgevind in politieke, sosiale, opvoedings- asook gemeenskapsfere.

Baie blankes, wat nie apartheid goedgekeur het nie, het die nuwe regering verwelkom. Die regering het egter bepaalde veranderinge, waaronder regstellende aksie, teweeggebring. Baie Suid-Afrikaanse burgers is ontnugter gelaat omdat hulle 'n raslose samelewing verwag het. In plaas van 'n raslose samelewing ervaar baie mense nou omgekeerde rassisme. Dit mag baie mense laat voel het dat Suid-Afrika hulle in die steek gelaat het en dat hulle hulle net nie kon vereenselwig met die nuwe stand van sake in 'n vaderland wat so skielik die rug op hulle gekeer het nie (Bornman, 2005:391).

3.9 Sekuriteit van eiendom (Bornman, 2005:393)

Dit is deel van die menslike bestaan om besittings te hê. Artikel 17 verwys ook na die mensereg om eiendom te besit. Besittings bepaal tot 'n groot mate die versorging van 'n gesin. Daar is ook geen fout hiermee nie, siende dat 'n mens die vrug van sy/haar arbeid mag geniet. Sonder hierdie faset van die menslike bestaan sou ekonomieë nie kon ontstaan nie, siende dat die ekonomie ook gebou is op die koop en verkoop van besittings, of dit nou materieel van aard is of kundigheid. Wanneer sekuriteit van eiendom egter bespreek word as 'n motivering vir emigrasie, gaan dit grotendeels oor die materiële eiendom.

Diefstal is 'n groot probleem in Suid-Afrika. Volgens Steenkamp (2008) sê die unies (TLU, AgriSA en Nafu) dat 220 000 veediefstalsake van April 2001 tot Maart 2007 by die polisie aangemeld is. R1 miljard se voertuie, kontant, graanprodukte, toerusting, saad en chemikalieë is die laaste paar jaar op plase geroof en gesteel; R357 miljoen se vee word jaarliks gesteel; grensdrade en hekke op plase word gesteel; telefone op die platteland is gereeld buite werking weens koperdiefstal en boere kan nie bel om hulp in afgeleë gebiede waar daar nie selfoonontvangs is nie. In 2002 en 2003 was daar 9 063 huisrooftogte landwyd, teen 2007 en 2008 het hierdie syfer gestyg tot 14 148 (Carstens, 2008:25). Volgens Burger (2009:4) het inbrake in residensiële omgewings toegeneem met 35 persent tussen 2007 en 2008. Verder is hervormingsprogramme van die regering, wat gemik was op die herstel van grondregte, ervaar as 'n bedreiging vir privaat-eiendomsreg in Suid Afrika (Van der Schyff, 2003:238).

Artikel 17 van die Handves van Menseregte vereis dat elkeen die reg tot eiendom het, maar as gevolg van bogenoemde statistiek en dan ook hoë syfers van kapings en inbrake in die stad, is dit te verwagte dat al hoe meer mense sal glo dat hierdie

mensereg net op papier geld, maar nie in die praktyk nie. 'n Algemene persepsie is dat die regering nie meer sy plig nakom om die burgers se reg tot eiendom (Artikel 17) te beskerm nie. Daarom is sekuriteit van eiendom vir baie mense nog 'n rede om te emigreer.

3.10 Toekomsmoontlikhede van kinders (Bornman, 2005:393)

Hierdie is seker een van die gewildste redes wat aangevoer word vir emigrasie. Ouers is van mening dat daar beter geleenthede in die buiteland is vir hulle kinders. Branson & Lam (2010:85) sê dat onderrig ook fundamenteel is in die bepaling van die ekonomiese vooruitsigte van toekomstige geslagte van Suid-Afrika. Op skoolvlak lyk dinge glad nie gunstig vir kinders se opleiding nie. "Teachers are still not being prepared adequately to assist all learners in being successful – including methods of differentiated instruction and/or training in and support for bilingual learners, or of aligning instructional and assessment policies and of conducting and tracking continuous assessment" (Spren & Valley, 2010:47).

Volgens Van der Walt (2010:16) lei 90% van die 27 000 skole in Suid-Afrika onder verskynsels soos die volgende:

- onderwysers en amptenare wat nie altyd by die skole is nie, en ook nie altyd goed voorbereid is vir hulle dagtake nie
- die agteruitgang van lees-, skryf- en reken-vaardighede;
- swak jaareinduitslae, ook by graad 12's;
- die nie-beskikbaarheid van leermateriaal;
- die voortsetting en die uitbreiding van oueronbetrokkenheid;
- onderwysers wat nie almal vir hulle take opgelei is nie;
- skoolhoofde wat nie goeie onderwysbestuurders is nie;
- die neiging onder goeie onderwysers om die onderwys te verlaat;
- en die onvermoë van die skole om die leerders voor te berei vir universiteitstudie.
- Volgens verskeie navorsings-projekte is dissiplineprobleme onder sowel leerlinge as onderwysers een van die grootste struikelblokke in die weg van goeie skoolonderwys.

Universiteite sukkel om vir studente kwaliteit-opleiding te verskaf wanneer studente onvoorbereid uit die skole uit kom. "A general agreement exists among lecturers to

consider that students have difficulty in adapting to the university environment. Finding themselves devoid of indispensable bases for the pursuit of their studies, the weakness of the level of the education given in poor schools is deemed responsible. Due to their cultural deficiencies, the students lack capacities of expression required by university standards. For most, English is only a second or third language. They refuse therefore to be confronted with academic texts in this language, therefore they refuse academic texts in a language that, if they could understand, would increase their chances of success. The quality of the teachers at secondary education level is equally challenged, with learners falling under the category of 'underprepared'. The evidence gathered through interviews establishes a link between the level of performance in 'matric' and subsequent success" (Cross & Carpentier, 2009:16).

Volgens Vandeyar (2010:344) veroorsaak xenofobie in skole ook probleme en ongemak. Stressors van hierdie aard is nie veronderstel om 'n rol te speel in kinders se opleiding nie. Verder mag die privatisering van godsdienstige en etiese waardes in skole moontlik bydra tot die hoë vlakke van misdaad en geweld (Van der Walt, 2010:87). Dit is dus te verstane dat ouers wantrouig is oor die skoling van kinders in Suid-Afrika.

Die skoolopleiding van kinders is van uiterste belang siende dat dit die kinders moet voorberei op tersiêre studies of betreding van die arbeidsmark. In die lig hiervan is die toekoms moontlikhede van kinders in Suid-Afrika vir baie ouers 'n groot kwelpunt.

3.11 Loopbaanbevorderingsmoontlikhede (Bornman, 2005:393)

In die bespreking van beroepsmoontlikhede as 'n rede vir emigrasie, is dit belangrik om te let daarop dat dit nie altyd spesifiek gaan oor beter betaling of 'n beter werk nie. Die handhawing en bevordering van 'n bevredigende lewensstandaard is dikwels die dryfveer agter hierdie argument.

Werkloosheid is 'n baie groot maatskaplike probleem in Suid-Afrika. Kingdon en Knight (2004) meld dat die werkloosheidsyfer in Suid-Afrika van die hoogste ter wêreld is – 42% in 2003. In 2000 was die amptelike werkloosheidsyfer 25.8% (Statssa, 2000). Die syfer styg net hoër en hoër elke jaar. Bornman (2005:393) wys dat elke gekwalifiseerde persoon wat na die buiteland emigreer, die land omtrent 8 werksgeleenthede kos. Baie beroepe wat 'n mens beoefen sal jou baie meer geld in die sak bring as dit oorsee

beoefen word. Volgens Carstens (2008:25) kan geskoolde Suid-Afrikaners en polisiemagde maklik soveel as vyf maal hul plaaslike salaris oorsee verdien.

Daar is ook 'n aantal motiverings wat aangevoer word waarom mense nie sal emigreer nie. Hier volg 'n kort beskrywing van hierdie motiverings.

3.12 Sosiale identiteit

In die navorsing wat gedoen is oor sosiale identifiseringspatrone deur Bornman (2005:390), het dit na vore gekom dat Afrikaanssprekende witmense die sterkste met hulle eie rasse- en etniese groepe identifiseer. "Social identity concerns networks within the same group, its social composition and its material culture. The latter aspect – material culture – is also part of cultural identity, as are education and the use of original language" (Wijsenbeek, 2007:80). Die meeste Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners het grootgeword in huise en omgewings waar mense baie na aan mekaar was en daar baie noue kontak en meegevoel was tussen families en vriende. Dit is die gasvryheid en liefde wat kenmerkend is van die meeste boeregemeenskappe. Dit mag dalk 'n eienskap wees wat oorgeërf is, die band wat voorsate tot noue kontak gedwing het toe hulle nog rondgetrek het en op mekaar en God staat gemaak het.

Vir baie Suid-Afrikaners is dit juis hierdie sentiment wat hulle in Suid-Afrika hou. Die feit dat hulle geliefdes hier is en dat hulle te na aan mekaar is om die verhoudinge eenvoudig agter te laat. Hulle sosiale identiteit het hier ontwikkel en dit sal ook hier vergaan. Volgens baie mense, wat hierdie standpunt huldig, lê die gelowige se verantwoordelikheid teenoor sy/haar familie daarin dat hulle hierdie geskiedenis moet koester en juis daarom in Suid-Afrika moet bly en hier sterwe omdat die voorgeslagte dit kon doen. Dit is asof dit 'n teken van dankbaarheid en respek is om vir altyd deel te bly van die "boeregemeenskap" en sosiale struktuur. Die mens word tog geskape binne 'n bepaalde verhouding met ouers, broers of susters waarin hy/sy 'n funksie het.

Dit is om hierdie rede dat baie Suid-Afrikaners besluit dat hulle nie sal emigreer nie, en dat emigrante hulle geliefdes 'n onreg aandoen deur te emigreer na die buiteland. Dit is ook nie net blankes wat hierdie sterk sosiale band het nie. Een van die duidelikste karakterseienskappe van baie swartes se kultuur is hulle gemeenskaplike

bestaanswyse. Dit mag dalk ook 'n wesenlike rede wees waarom emigrasie aanvanklik nie so gereeld onder swartes soos onder blankes voorgekom het nie.

3.13 Vaderlandstrots

Hierdie rede van meeste Suid-Afrikaners om nie te emigreer nie, is seker die sterkste rede wat burgers in Suid-Afrika hou. Vaderlandstrots en nasionalisme is baie nou verwant aan mekaar.

Vaderlandstrots is 'n gesonde liefde vir die land van geboorte. Patriotisme verwys na 'n slaafse navolging van die regering en sy demokratiese prosesse. Nasionalisme verwys meer na 'n ideologie waar ras, etnisiteit, taal of kultuur mense saambind (Heyns, 2004:453). Volgens De Klerk (2009:662) kan die opkoms en bloei van Afrikaner-nasionalisme verbind word met die Groot Trek.

Die vaderlandstrots leef ook sterk in musiek deesdae en al hoe meer jongmense begin opstaan vir hulle kultuur en taal.

Trots SA

“Ek was lank lank gelede in 'n land 'n land van vrede

Jy ken my land, my land Suid Afrika

Maar nou in die hede is vrede in die verlede

Onrus moord en kinders op die straat

Stryders wat gestry het en wit en swart bevry het

Alles net vir vryheid in ons land

Maar wat is ons anders as die oorsese lande

Ons is die trots, die trots van Afrika

Ek is trots Suid-Afrikaans

Ek is trots op my land en naam

En ek sal aangaan en daarby staan

Ek is trots op my land en naam

Baie van ons beste, vlug nou na die weste

Vlug nou uit ons land Suid-Afrika

Jy word hier benodig, niemand is oorbodig

Kom stry die stryd saam, saam met my ou maat

Ons wil misdaad nie ken nie, dit mag ons land nie wen nie
Ons sal aangaan en nog voortveg vir ons land
Hoe doen jy jou beste as jy bly in die weste
Hoe veg jy vir jou land Suid-Afrika” (Cloete, 2008)

Die Afrikanerdom en die Afrikaanse taal word baie sterk verteenwoordig. Al hierdie dinge maak deel uit van die groter prentjie van vaderlandstrots. Jongmense hoor gereeld, veral uit die mond van oumense, dat vaders en moeders kaalvoet oor die berge geloop het. Dat hulle dit gedoen het om hierdie rou aarde vir hulle nageslagte bewoonbaar te maak. Daarom sal dit volgens hierdie standpunt onsinnig wees om nie vaderlandstrots tot die uiterste te voer nie. Jong mans van vandag loop ook gereeld met die ou landsvlag op hulle moue, vir sommige is dit die uitdrukking van vaderlandstrots. Die refrein wat met groot nostalgie in baie se koppe draai “...ons vir jou Suid-Afrika!” Dit is waar dat hierdie vaderlandstrots en nostalgie vreemd is aan die post-modernisme wat regoor die wêreld heers. Dit mag dalk ‘n aanduiding wees van hoe sterk hierdie liefde vir Suid-Afrika as vaderland in sommige se harte is. In Hoofstuk 4.13 van hierdie studie sal gekyk word na die geldigheid en beperkinge van vaderlandstrots vir gelowiges.

Uit bogenoemde motiverings tot emigrasie kan afgelei word dat daar baie sterk emosies en onsekerhede is oor die standpunt wat die Christen behoort in te neem teenoor emigrasie. In die volgende afdeling word daar meer aandag hieraan gegee deur die beoordeling van genoemde argumente.

HOOFSTUK 4 – Beoordeling van argumente oor emigrasie

Hierdie hoofstuk behels die beoordeling van die argumente in die emigrasie-debat, soos genoem in hoofstuk 3. Die beoordeling geskied op grond van die Christelik-etiese norme, die etiese sisteme en die menseregte bespreek in hoofstuk 2. Die doel van hierdie beoordeling is om sinvolle gevolgtrekkings te maak in verband met die Christen se reaksie op emigrasie.

4.1 Ekonomiese faktore

Die rolspelende ekonomiese faktore in emigrasie moet gesien word teen die agtergrond van die geskiedenis wat die laaste ongeveer 70 jaar in Suid-Afrika afgespeel het. Die Apartheidsregering voor 1994 het die blanke bevoordeel wat skoling en werksgeleenthede betref.

“In order to enforce the segregation of the races and keep blacks in ‘their place’, the existing so called ‘pass’ laws were tightened and laws forbidding most social contacts between the races and authorized segregated public facilities were introduced. Furthermore the laws established separated educational standards, restricted each race to certain types of jobs, curtailed non-white labour unions, and denied non-white participation (through white representatives) in the national government.” (Beacon for Freedom of Expression, 1996)

Dit beteken dat ten minste vier van die basiese menseregte nie eweredig verdeel was oor alle rassegrense heen nie. Die staat het nie sy verantwoordelikheid nagekom nie, maar sy mag gebruik om ‘n sekere deel van sy burgers te bevoordeel. Swartes is selfs ontnem van basiese menseregte.

Artikel 2 van die Verklaring van Menseregte vereis dat elkeen die reg het om nie teen gediskrimineer te word nie. Tog moes die nie-blanke teen sewe-uur in die aand van die straat af wees en in sy eie ry staan by die bank. Dit is slegs voorbeelde, maar dit dui tog op ‘n duidelike onderliggende diskriminasie teenoor die mense van kleur.

Artikel 23 vereis dat elkeen die reg het tot ‘n werksgeleentheid. Werksgeleenthede was onerweredig verdeel in die Apartheidsera. Die meerderheid swartes se werksgeleenthede was basies beperk tot lae betalende beroepe soos tuindienste,

mynwerkers, bediendes en skoonmakers. As gevolg van die ongelykheid in onderwys en werkreservering, is die meeste van die swart mense beperk tot laer betalende beroepe. “Die feit dat daar wetgewing was wat stel dat nie-blankes slegs vir sekere beroepe mag studeer byvoorbeeld polisiëring, verpleging, onderwys en huishulpe was doelbewuste pogings deur die ou regering om hulle van die hoë-vlak beroepe te weerhou” (Fransman, 2002:33). Hulle is uitgebuit aangesien ‘n minimum-loon nie vasgestel was nie. Dit het veroorsaak dat hulle nie die lewenstandaard kon handhaaf wat blankes kon nie en weereens het dit gelei tot ‘n wanbalans op grond van ras.

Artikel 26 sê dat elkeen die reg het tot onderrig en opleiding. Wat onderrig aanbetref, is onderrig en opleiding wel verskaf, terwyl daar steeds seker gemaak is dat die meerderheid nie-blankes nie die nodige opleiding kon bekostig of kon bywoon om kompetisie te wees vir die blanke nie. Bantoe-onderwys in daardie tyd (in vergelyking met blanke onderwys) was minderwaardig (King, 2006). Gwede Mantashe stel dit so ekstreem: “Denying blacks access to education was the policy of the apartheid government” (Sapa, 2009). Die Apartheidsregering het wel skole laat bou vir swartes, maar die skoling is dikwels ervaar as onder-standaard in vergelyking met onderwys by wit skole. Met die politieke ommekeer wat die land beleef het in 1994, het die idee van “regstellende aksie” ontstaan.

Spesifiek het dit beteken dat blankes hulle poste en voordele verloor en dat hierdie poste aan swartes gegee is. Dit is natuurlik ‘n reaksie op die onreg en onregverdigheid wat geheers het tydens die era van Apartheid. Siende dat die opleiding voor 1994 van ‘n baie hoë standaard was, is die aanvraag groot in die buiteland. Vanuit ‘n ekonomiese perspektief is emigrasie na die buiteland die natuurlike volgende stap om te neem. As ‘n individu bevoeg is vir ‘n bepaalde taak, en in sy/haar vaderland ontnem is van ‘n werkseleentheid of daar blyk geen moontlikheid van bevordering te wees nie, lyk emigrasie na die beste opsie.

Daar mag gevra word waarom, onder die opskrif van “ekonomiese faktore”, regstellende aksie en politieke bestel bespreek word. Die antwoord lê ongelukkig daarin opgesluit dat ras in Suid-Afrika ‘n groot rol speel in ekonomiese vooruitgang. Du Toit (2006:498) sê met reg dat die korrelasie tussen ras en armoede verbreek moet word. Armoede en rykdom, asook die ekonomiese vooruitgang van individue moet in konteks beskou word.

Suid-Afrika se ekonomie is grotendeels gebasseer op die uitvoer van grondstowwe, siende dat Suid-Afrika 'n ontwikkelende land is wat nie self tans oor die vermoë beskik om hierdie grondstowwe op groot skaal te verwerk nie. 'n Ekonomie wat berus op uitvoer is baie kwesbaar, siende dat dit afhanklik is van aanvraag. Daar is onder die land se maghebbers in die verlede, asook in die huidige omstandighede baie groot foute begaan, wat tot 'n groot mate bygedra het tot Suid-Afrika se huidige swak ekonomiese toestand. Daar is verskeie redes vir die ekonomiese bloeitydperk wat Suid-Afrika beleef het na 1994. Die ANC het 'n ekonomiese stelsel oorgeneem wat goed op dreef was. Daar het wêreldwyd 'n bloeitydperk op ekonomiese gebied geheers. Die ANC het ook in hierdie tydperk 'n stelsel ingestel om belasting in te vorder sonder dat die betaling van belasting maklik ontduik kon word. Hierdie stelsel het gewerk. Die resessie het die situasie aansienlik verander. Wêreldwyd het die ekonomie 'n rusfase ingegaan. Hierdie is 'n sikliese verskynsel waarvan die spesifieke oorsake nie duidelik is nie. Wat wel 'n groot effek het op die Suid-Afrikaanse ekonomie, is die feit dat die lande waarheen Suid-Afrika grondstowwe uitvoer, ook die resessie beleef en dus is die aanvraag nie so groot soos vantevore nie.

Alhoewel hierdie feite moedeloosheid aanmoedig, het dit niks met die sin van die mens se bestaan op aarde te doen nie. Die mens is op aarde geplaas om oor dit te heers en God te verheerlik. Die maghebbers van die land is verantwoordelikheid teenoor God verskuldig en die inwoners moet vir hulle bid soos God beveel (1 Tim. 2:1-2). God gee wel nie die opdrag om oor die wêreld te heers slegs aan die maghebbers nie, maar aan elkeen as individu. Dit beteken glad nie dat God opstande of revolusies goedkeur nie. Hy stel wel steeds die regering bo-oor die individue om oor hulle te regeer (1 Pet. 3:5-6). Wanneer die maghebbers nie hulle verantwoordelikheid nakom nie, moet die inwoners profeties daarteen getuig. Die implikasie is dat elke individu 'n rol het om te vervul. Daarom kan die mens steeds sy/haar verantwoordelikheid en roeping om oor die aarde te heers nakom, onafhanklik van die ekonomiese stand van die land.

'n Swak ekonomie is nie genoegsame rede vir mense om in sak en as te sit nie, daar is talle blanke Suid-Afrikaners wat na 1994 en steeds vandag nog baie geld verdien in hulle beroepe. Daar is genoeg geleenthede wanneer iemand kreatief kyk na al die moontlikhede wat Suid-Afrika bied. Die mens het 'n verantwoordelikheid om sy/haar

Godgegewe potensiaal te bereik. Dan is daar ook nog die rol van diensbaarheid, wat in Hoofstuk 2 van hierdie studie bespreek is, wat in ag geneem moet word. Die christen kan en moet die Here dien asook sy/haar naaste, ongeag waar hy/sy bly. As die christen dienend wil wees sal hy/sy juis in Suid-Afrika, in hierdie omstandighede, baie geleenthede hê om hierdie norm uit te leef.

4.2 “Laaste druppel”

Hierdie “laaste druppel” sluit aan by die idee van hoop (wat later in hierdie studie bespreek word). Die “laaste druppel” beteken basies: “Ek gee moed op, ek gooi handdoek in, vir ‘n lewe in hierdie land is daar nie meer hoop nie.” Die diskriminasie wat gevoel word as gevolg van regstellende aksie is ‘n voorbeeld van waar Artikel 2 van die Verklaring van Menseregte geminag word. Regstellende aksie is met die Handves van Menseregte onderhandel met die oog op regstelling. Die Internasionale Arbeidsraad het ‘n definisie van regstellende aksie ontwikkel, hierdie definisie stel dat regstellende aksie tydelik en remediërend moet wees (Hermann, 2008:29). Tans is daar nog geen beëindigingsdatum vasgestel vir regstellende aksie nie, en vir baie mense is dit die laaste strooi, siende dat die toekoms dus onseker is.

Artikel 23 van die verklaring stel dit dat elkeen die reg het tot ‘n werksgeleentheid. Die vraag is of daar regtig aan die vereiste van hierdie artikel voldoen word in die lig van regstellende aksie? Vorster (2006:236) stel die volgende norme:

- Het die proses van regstellende aksie gelei tot die beste algemene voordeel van die hele samelewing? ‘n Proses wat omgekeerde benadeling, met ander woorde wat verontreg om te herstel, kan nie moreel geregverdig word nie.
- Dien die proses die groei van vrede en voorspoed in die samelewing? ‘n Proses wat onvrede, verset en aggressie tot gevolg het, is oneties ten spyte van goeie bedoelinge.
- Skakel die proses onregverdigheid uit of skep dit nuwe onreg? Bevorder dit nie-rassigheid of is dit gebou op ‘n rassistiese samelewingsbeskouing?

Dit kan nie regverdig wees om ‘n persoon op grond van velkleur ‘n bepaalde pos te weier nie. Regstellende aksie het wel ten doel om onregte van die verlede reg te maak, maar terselfdertyd skep dit frustrasie en gevoelens van onmag by soveel aansoekers wat nie werk kan kry in rigtings waarvoor hulle opgelei is nie, en dat hierdie onvermoë

gebaseer is op hulle velkleur. In die lig hiervan sê Du Toit (2006:501) dat Regstellende aksie in sy huidige vorm van wit mans tweedeklasburgers maak deur hulle hul waardigheid te ontnem op dieselfde manier waarop apartheidswetgewing swart mense van hulle waardigheid gestroop het. Die allesoorheersende gevolg van apartheid was dat individue se lewensvooruitsigte op die dag van hulle geboorte bepaal is deur die askriptiewe hoedanighede waarmee hulle gebore is, naamlik die ras van hulle ouers, wat altyd persoonlike hoedanighede soos talent, deursettingsvermoë, toewyding, lojaliteit en vasberadenheid getroef het.

Soos reeds genoem is daar, ten spyte hiervan, wel baie blankes wat werk het en wat vooruitstrewend is in Suid-Afrika, dalk net nie noodwendig in die rigtings waarvoor hulle opgelei is nie. Dus, dit is nie geregverdig om die land te verlaat bloot omdat daar nie tans veel werkseleentheid in 'n individu se veld van voorkeur is nie.

Vanuit 'n morele perspektief kan die volgende vraag gestel word: Wanneer is die mens geregverdig om moed op te gee en te sê dit is nou die laaste druppel in die emmer? As daar in die Woord van God gesoek word na riglyne vir wanneer genoeg nou maar genoeg mag wees en die mens maar kan tou opgooi, sal die soektog niks oplewer nie.

Sodra die mens emigreer op grond van persoonlike baat as hoofrede, is hy/sy besig om vanuit 'n antinomianistiese etiese sisteem 'n besluit te neem, omdat dit gaan oor die persoonlike intensie en voorkeur. God het nooit vir Moses toegelaat om op te gee toe die volk nie na hom wou luister nie. Ook Christus het nooit besluit dat dit nou genoeg is nie. Deursettingsvermoë is 'n Christelike beginsel wat van waarde kan wees om in ag te neem as 'n mens voel dat hy/sy wil tou opgooi. Die gelowige kan dus nie sonder meer wil tou opgooi sonder besinning hieroor nie.

Christus en die kruisdood staan missionêr in die geskiedenis en die hede, as die mens dit navolg behoort hy/sy, in soverre dit vir hom/haar moontlik is, die lyding wat oor sy/haar pad kom, ook missionêr te hanteer, sodat dit 'n uitnodiging van sekerheid en verlossing kan wees vir ander. Die gelowige moet wel versigtig wees om hierdie beginsel nie in ekstreme vorme toe te pas nie.

Daar is egter omstandighede wanneer die gelowige kan en moet vlug, is so 'n situasie is dit nie "tou opgooi" nie, maar verantwoordelikheid. Mark. 13:14: "En wanneer julle die ding wat 'n gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig, sien staan op die plek waar hy nie moet wees nie – wie dit lees, moet dit goed begryp – dan moet dié wat in Judea is, die berge in vlug." Dit verwys na afgode waarin God 'n gruwel het wat in die tempel geplaas is. Juis die plek waar God aanbid moes word. Dit beteken dat wanneer iets of iemand in die plek van God gestel word, wanneer Sy tempel vervuil word en vredevolle aanbidding onmoontlik gemaak word, wanneer die gelowige God nie mag aanbid nie en afgode moet aanbid, wanneer die mens se reg op lewe (Artikel 3) bedreig word en dit word vir hom/haar onmoontlik gemaak om sy/haar roeping of geloof (Artikel 18) uit te leef, mag die christen emigrasie oorweeg en sal dit geensins 'n onverantwoordelike stap wees om te emigreer nie. Dit beteken nie dat 'n voornemende emigrant vry sal wees van morele konflikte oor hierdie stap nie, maar dit is 'n geldige rede tot emigrasie.

4.3 Misdaad en geweld

Persoonlike veiligheid word in 'n onlangse studie aangevoer as die grootste rede vir emigrasie van Afrikaanssprekende witmense (Bornman, 2005:393). Du Rand (2005:341) sê dat daar in 2005 berig is dat Suid-Afrika die mees gewelddadige land buite 'n oorloggeteisterde gebied beskou word en dat beskermingsmagte spartel om misdaad die hoof te bied. Soos reeds gemotiveer vrees Suid-Afrikaners van alle rasse en kultuurgroepe elke dag vir hulle lewens, asook die lewens van geliefdes. Volgens Piet Retief se manifes op die webtuiste van Boerevryheid was dit selfs een van die wesenlike redes vir die Groot Trek in 1838:

"Ons wanhoop daaraan om die Kolonie te red van die euwels wat dit bedreig deur die oproerige en oneerlike gedrag van vabonde, wat toegelaat word om die land in alle dele te verontrus; en ons sien geen vooruitsig op vrede en geluk vir ons kinders in 'n land wat op dié manier gekwel word deur inwendige beroeringe nie...Ons kla oor die aanhoudende plundering wat ons hier moet verduur van Kaffers en ander kleurlinge, en veral deur die laaste inval in die Kolonie, wat die grensdistrikte verwoes en die meeste inwoners geruïneer het...Ons is vasbeslote om, waar ons ookal mag gaan, die regverdige beginsels van vryheid hoog te hou; maar terwyl ons sal sorgdra dat niemand in 'n

toestand van slawerny gehou word nie, is ons ook vas beslote om sodanige wette daar te stel wat misdaad sal onderdruk en 'n behoorlike verhouding tnsen heer en diensbode sal bewaar...Ons verklaar plegtig dat ons hierdie Kolonie verlaat met die begeerte om 'n rustiger lewe te lei as wat ons tot hiertoe gedoen het. Ons sal geen volk molesteer nie en aan niemand die geringste eiendom ontnem nie; maar as ons aangeval word, sal ons ons ten volle geregverdig beskou om ons persoon en eiendom tot die uiterste te verdedig teen enige vyand...Ons stel ons voor om in die loop van ons trek, en wanneer ons aangekom het in die land waar ons gaan woon, ons bedoelings en ons begeerte bekend te maak aan die inboorlingstamme, asook ons begeerte om in vrede en vriendskap met hulle te leef.”

Geweld was 100 jaar terug 'n probleem en dit is vandag nog 'n probleem. Die mens kan nie staatmaak op die goedhartigheid van sy/haar medemens of die feit dat sy/haar geliefdes niemand skade aangedoen het nie. Die rede hiervoor is dat moord nie noodwendig gebaseer is op 'n persoonlike wrok nie. Du Preez (2002:83) stel dat 800 boere vermoor is tussen 1994 en 1999. Laasgenoemde feit wil dit tog laat blyk of rassisme 'n groot rol speel in misdaad. Dit is nou reeds 'n geruime tyd dat 'n mens agterkom dat rassiespanning besig is om op te laai in ons land. Daar is heelwat faktore wat daartoe aanleiding gee. Byvoorbeeld: Die volgehoue misdaad en geweld en die brutaliteit waarmee dit geskied, laat rassistiese ondertone deurskemer. Dit het ook duidelik geword dat die landbougemeenskap en plaasboere geteiken word as sagte teikens vir misdaad (Venter, 2010:8). Baie burgers van Suid-Afrika lewe in vrees vir die veiligheid van hulle huisgesinne.

As ons bogenoemde situasie meet aan die standaard daargestel deur die Universele Verklaring van Menseregte, sien ons dat daar weereens 'n aantal fundamentele menseregte daargestel is, maar nie gehandhaaf word deur die regering nie.

Artikel 2 van die Verklaring vereis dat elkeen die reg het om nie teen gediskrimineer te word nie, maar tog ervaar so baie burgers 'n gevoel van diskriminasie teenoor hulle, en daarom emigreer hulle.

Artikel 3 sê dat elkeen die reg het om te lewe. Hoe word hierdie reg toegepas as so baie mense vermoor word in hulle eie huise of wanneer hulle bloot hulle daaglikse take verrig, waar hulle niemand skade aanrig nie? Is dit moontlik vir burgers om veilig te voel in 'n land waar lukrake moorde 'n alledaagse verskynsel is?

Artikel 5 stel dat elkeen die reg het om nie mishandel te word of onmenslik behandel te word nie. In stryd hiermee word so baie van die slagoffers van moord in Suid-Afrika gemartel tot die dood, of kindertjies word verkrag totdat hulle hulleself doodbloei. Jones (2009:1) berig dat 'n 16 maande-oue babatjie van Blikkiesdorp wreedaardig verkrag en aangerand is (haar skedel is gebreek, haar tong is geskeur en sy't onomkeerbare inwendige beserings opgedoen). Dit volg maar slegs twee weke na die verkragting en moord op die 18 maande-oue Laura-Lee Groenewald van die Paarl.

Berigte soos bogenoemde moet 'n gelowige emosioneel aanraak, dit moet ontstellend wees. Om as gevolg van hierdie berigte te emigreer is egter nie die oplossing nie. Ook is dit nie 'n oplossing om saam kwaadwillig te raak nie. "Deur wat ons praat en doen word onvrede en spanning tussen mense bewerk. In ekstreme gevalle word selfs gepraat van wapengeweld wat opgeneem moet word om ander rassegroepe uit die land te dryf of om grond van wit boere te gryp" (Venter, 2010:8).

Gelowiges is geroep om 'n verskil te maak en om hierdie misdaad en geweld teen te staan. Daar mag nie gewoon geraak word aan die geweld in Suid-Afrika nie. Venter (2010:8) sê dat christene se reaksie moet wees om vredemakers te wees. Hy gaan verder deur te stel dat gelowiges God se vrede moet verkondig, self moet vrede hê, en dan vrede moet praat en vrede moet maak in 'n wêreld vol spanning en onrus en oorlog. Op hierdie wyse kan die gelowige sy/haar taak uitrig om 'n verskil te maak in die samelewing.

Die lyding wat ervaar word as gevolg van misdaad en geweld, moet volgens Vorster (2002:202) in die lig van die Skrif verdra word:

- Lyde kom van God af (vgl. die Jobverhaal).
- Lyde word deur God gebruik in die opvoeding van sy kinders tot groter geloof en vertroue (Deut. 32:10-12; Jak. 2:1-8).

- Lyde word deur God ook aangewend as tugtiging van dié wat hy liefhet (Heb. 12:4-8).
- Lyde word oor die gelowige gebring ten einde hom/haar in staat te stel om oor God te getuig (Fil. 1:12-14). Die lydende kan die geloof van mense om hom/haar opbou.
- Lyde moet gedra word wanneer die mens goed doen (1 Pet. 2:21-24; 3:13-17).
- Lyde is deelgenootskap aan die lyde van Christus (1 Pet. 4:1 en 2; 4:12 – 16).

Die Christelike norm van deursettingsvermoë speel hier 'n rol en die feit dat gelowiges 'n verantwoordelikheid het om lig in hierdie wêreld te wees (Ef. 5:8-14). Dit beteken dat gelowiges lig, vrede en uitkoms moet verkondig in alle omstandighede waar hulle hulleself bevind. Die lig van die evangelie moet deur gelowiges se werk hier op aarde, die duisternis daarrondom verlig. Oliver (2010:1) sê dat 80% van die Suid-Afrikaanse bevolking aanspraak maak daarop dat hulle christene is. In 'n land waar dit die syfers is, behoort daar 'n drastiese verskil gesien te word.

Daar is op soveel vlakke in die verlede van Suid-Afrika verkeerd opgetree en mense het teen hulle naaste gesondig, dit mag dalk wraak wees wat hierdie lyding van vandag veroorsaak of dit mag dalk bloot 'n oorgangstydperk wees. “Dit is nie net in ons land waar daar rass spanning is nie, dit vind regoor die wêreld plaas. Waar ons hier in Suid-Afrika misdadig geweld ervaar, ervaar mense in ander lande burgeroorloë, godsdienstige geweld en etniese uitwissing” (Venter, 2010:8). Die slotsom is dat elke land geweld en misdaad het, dit kom net in verskillende vorme na vore, emigrasie is nie 'n waarborg teen misdaad of geweld nie.

Romeine 8:19-23 vertel hoe die hele wêreld verlang daarna dat God sal bekend maak wie Sy kinders is. Volgens Janse van Rensburg (2008:11) sal 'n koerantopskrif wat nog 'n sinlose moord aankondig, vir iemand wat hierdie Skrifwaarhede besef en beleef, nie tot depressie dryf oor die onreg waaraan die mens blootgestel word nie. Die individu sal eerder besef: geen politieke bedeling, in Suid-Afrika of in 'n ander wêrelddeel, gaan die mens van dié verganklikheid bevry nie – dis net Gód, op sý tyd.

Dus: Al slaag die regering nie daarin om sy verantwoordelikheid na te kom nie, moet gelowiges nogtans hulle getuienistaak en transformerende taak uitvoer.

4.4 Rassisme

Dit is te verstane dat diegene wat gelei het onder apartheid, wil hê dat die onreg van die verlede reggestel moet word. Daar moet met versigtigheid daarop gelet word dat onreg reggestel moet word, maar dit mag nie 'n rassistiese terugbetaalreaksie wees nie. Dit is hier waar die Waarheids-en-Versoeningskommissie 'n rol te speel het. “Die skepping van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK), wat in 1995 deur die nuwe, demokratiese Suid-Afrikaanse parlement deur die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoeningwet daargestel is, het deel van die skikking geword wat vrede na Suid-Afrika gebring het. Die Kommissie se belangrikste taak was om nasionale eenheid en versoening te bewerkstellig deur so 'n volledig moontlike prentjie van die oorsake, aard en omvang van ernstige skendings van menseregte tussen Maart 1960 en Mei 1994 te skets” (Nuwe Geskiedenis, 2009).

Vorster (2006:231-232) beskryf die rol van versoening en vergifnis ten opsigte van rassisme en regstellende aksie deur te wys daarop dat Versoening sonder regstelling inhoudloos is. Deur regstelling word die dienskneggestalte en die bereidheid tot offervaardigheid, wat eie is aan die Christelike gesindheid, gerealiseer. Aan die ander kant moet die eis om regstelling nie verwerping, vervreemding en verdeeldheid in die hand werk nie. Die eis moet in die gees van 'n soeke na versoening uitgevoer word. Die eiser is ook dienskneg en moet offervaardig wees. Versoening is 'n tweerigtingverkeer van toenadering. In die proses moet albei partye bereid wees tot skikking, en hierdie skikking kan selfs onvolledige herstel beteken ten einde die hoër doel van versoening te bereik. Die verontregte as dienskneg het ook 'n roeping tot versoening. 'n Ander belangrike element van versoening is vergiffenis. Die gedagte van eers regstelling, dan vergiffenis leef sterk in die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Dit is egter te betwyfel of so 'n beskouing neergelê kan word as 'n Christelike norm. Vergifnis kan ook 'n onvoorwaardelike aanvaarding wees van skulderkenning en berou. Hierdie norm kan met reg uit Jesus se onderrig in Matteus 5:23 afgelei word. Die subjek van kwade gevoelens (of haat, verontregting en benadeling) ontvang hier die opdrag om te gaan versoen en dit bewys weereens dat ook die benadeelde 'n taak in die proses van vergifnis en versoening het. Die beleid en proses van regstellende aksie moet daarom ook getoets word aan die vraag of dit vergifnis bevorder of bemoeilik (Vorster, 2006:232).

Dit is 'n outomatiese respons van die sondige mens om te wil wraak neem. Die Waarheids-en-Versoeningskommissie se taak behels om versoening te bewerkstellig in Suid-Afrika waar daar soveel onderliggende konflikte en gruwels van die verlede is. Ook die Bybel leer in Esegïël 18 dat wraak neem nie die mens se taak is nie. Esegïël 18:4b: "Dit is die mens wat sondig wat sal sterf." Dus is dit nie moreel geoorloof om die nageslagte te straf vir die voorouers se foute nie. Die tweede gebod stel dat God die derde en die vierde geslag, van dié wat Hom haat, sal straf (Eks. 20:5). Dit sê egter dat God self sal straf.

Vorster (2004:141-142) noem drie hoofredes vir rassisme:

- Ideologie: Dit verwys na die ideologie van die meerderwaardigheid van 'n persoon se eie groep en die minderwaardigheid van 'n ander groep/e.
- Selfsug: Elkeen wil die beskikbare natuurlike hulpbronne vir hulleself toeëien en gun die ander groepe min of niks.
- Vrees: Daar heers dikwels 'n kollektiewe vrees vir die toekoms, of 'n vrees vir 'n ander groep.

Artikel 1 van die Verklaring van Menseregte probeer om die oplossing te bied wat so baie van Suid-Afrika (en ander lande) se konflikte in die kiem kan smoor. Almal is gebore om gelyk en vry te wees. As dit geglo word, was Apartheid nie reg nie en dan was regstellende aksie ook nie nodig nie. Die gelowige moet dit dan juis oorweeg om in Suid-Afrika te bly en hom/haar te beywer om so 'n gemeenskap te help skep, waar mense regtig gelyk en vry is, en ook so behandel word.

Artikel 2 van die Verklaring gaan nog verder om te sê dat almal die reg het om nie teen gediskrimineer te word nie. Duideliker kan dit nie gestel word om aktueel te wees in die konteks van Suid-Afrika nie.

Maar, as die Christen rassisme wil aanvoer as 'n rede tot emigrasie moet hy homself die volgende afvra en eerlik beantwoord: Verhoed rassisme die gelowige om tot God se eer te leef? Of maak rassisme dit dalk net moeiliker om te vergewe en nie te haat nie. 'n Ander oorweging om in ag te neem, is of daar werklik naakte rassisme heers, en of die stappe van regstelling wat geneem word om verkeerdhede van die verlede reg te stel, dalk net ervaar word as rassisties.

Na aanleiding van die 4 wit polisielede wat nie bevordering ontvang het by die SAPD nie, en eers regshulp moes verkry voor Kapteinskop aan hulle toegeken is, wil dit blyk asof rassisme tog somtyds 'n rol speel. Hierdie is 'n duidelike voorbeeld van waar die staat sy verantwoordelikheid nagekom het deur die geregshowe. Hulle het uitgepluis waar regstellende aksie verkeerd toegepas was, en die regte stappe geneem. De Vos (2009) noem vier voorwaardes waaraan voldoen moet word voordat regstellende aksie konstitusioneel aanvaarbaar is:

“First, the different treatment had to form part of a broader plan or programme to correct the consequences of past unfair discrimination. Second, the programme mentioned above was required to be ‘designed to protect and advance a disadvantaged class’. Third, the measures had to be ‘designed to protect or advance’ those disadvantaged by unfair discrimination in the past. Lastly, the measures were required to promote ‘the achievement of equality’.”

Wanneer daar nie voldoen word aan hierdie vier voorwaardes nie, word regstellende aksie nie volgens die wet toegepas nie. De Vos (2009) huldig die volgende standpunt:

“The case clearly demonstrates how affirmative action should not be handled and how the state often uses affirmative action unlawfully to block the appointment or promotion of white candidates – embracing a view of transformation that is clearly not in line with constitutional jurisprudence and the ethos of non-racialism so movingly espoused by President Zuma just a few days ago (although the SAPS approach might well be in line with the views espoused by some Judicial Services Commission (JSC) members in recent interviews).”

Bogenoemde geval staan as bewys dat daar wettige stappe is wat burgers kan neem wanneer daar onregverdiglik teen hulle gediskrimineer word. Alle burgers is vry om 'n klag in te dien by die Menseregtekommissie. Daar is dus maniere om onregverdighe en rassisme reg te stel of te beveg sonder om bloot te emigreer. Die staat het die nodige instellings daargestel en tans funksioneer dit nog. Dit is mos juis 'n geleentheid om versoening te soek en in vernedering nog steeds op die Here te vertrou. Daar is geen groter voorreg nie as om ten spyte en te midde van verdrukking steeds op God alleen te vertrou en te doen soos Hy vra. Is dit nie dalk 'n toets vir die opregtheid van geloof nie?

Die Bybel getuig daarvan dat swaarkry die mens se hart toets (Deut. 8:2; 1 Pet. 1:6). Die gelowige word verder deur die Woord van God onderrig om te weet dat swaarkry mense leer om te volhard, asook dat volharding betroubaarheid van karakter kweek, en dat betroubaarheid van karakter die gelowige se hoop versterk en bowenal dat hoop nie sal teleurstel nie, want die mens weet hoe lief God hom/haar het (Rom. 5:3-5).

4.5 Xenofobie

Xenofobie is tot 'n groot mate die gevolg van 'n owerheid wat nie sy verpligting nakom en die nodige beheer uitoefen op immigrasie na Suid-Afrika nie. As hierdie verpligting nagekom, die nodige wette toegepas word en oortreding daarvan gestraf word, sal burgers nie noodwendig hierdie vrees/haat koester nie. Cronjé & Van Wyk (2008:19) noem 'n aantal onderliggende oorsake van xenofobie:

- 'n Tekort aan inligting oor buitelanders en hulle regte: Algemene wanpersepsies (mites) is dat Suid-Afrika “oorgeneem” word deur buitelanders; dat buitelanders 'n las is op diensverskaffing; dat buitelanders 'n ekonomiese bedreiging is en dat im-migrasie summier gestop kan word.
- Persepsies dat buitelanders 'n ekonomiese bedreiging is: Navorsing wat in 2004 gedoen is, het bevind dat buitelanders in Suid-Afrika meer geneig is om iemand in diens te neem as wat Suid-Afrikaanse burgers (wat permanent hier woon) doen.
- Persepsies dat buitelanders 'n fisiese bedreiging inhou: Daar is bevind dat buitelanders meer geneig is om slagoffers van misdaad te wees, as wat hulle die plegers daarvan is.
- Die skepping van “die ander”: Suid-Afrika se agtergrond van aparte ontwikkeling het 'n omgewing van wantroue tussen die verskeie etniese, kulturele en rasse-groepe in die land gekweek.
- Rassisme en isolasie: Wydverspreide diskriminasie is waarskynlik die gevolg van 'n denkwyse gebaseer op die era van apartheid wat gekenmerk word deur rassekategorisering, politieke fragmentasie en isolasie.
- Buitelanders word 'n politieke “scapegoat” (blaamverskuiwing): Die afgelope tien jaar het 'n groot gebrek aan dienslewering en 'n toename in gefrustreerde gemeenskappe getoon. Aantygings dat buitelanders 'n bykomende las op die regering plaas, verskaf 'n goeie verskoning vir hierdie tekortkomings. Sodanige

sienings dien dan as 'n aandag-afleier van die werklike stremming en hindernisse in die weg van dienslewering en armoedeverligting.

'n Ander faktor wat moontlik 'n rol speel is dat die staat nie genoegsame onderwys van gehalte aan die burgers verskaf nie en daarom kan armoede nie suksesvol bestry word nie. Die staat se eerste verantwoordelikheid behoort sy burgers te wees en daarna ook mense wat 'n veilige hawe soek in Suid-Afrika. In hierdie sin is die bekamping van xenofobie die verantwoordelikheid van die regering.

Dit beteken egter nie dat elke individu nie ook 'n verantwoordelikheid het nie. Xenofobie (asook rassisme) kan nie geregverdig word deur die Woord van God nie. Inteendeel, die onderskeid op grond van ras is teenstrydig met Bybelse beginsels. Vorster (2004:152) noem die volgende voorbeelde uit die Bybel:

- Die eenheid van die mensdom wat gevind kan word in die feit dat God almal geskape het (Gen. 1:28; 5:1-2; Hand. 17:26).
- Die mens is geskape na die beeld van God. Enige idee van meerderwaardigheid op grond van ras, geslag, etnisiteit ensovoorts is dus 'n verwrping van die Bybelse beskouing van die mens.
- Die verlossing wat Christus teweeg gebring het was om die mens se verhouding met God te herstel, daar is geen voorwaardes gestel op grond van ras, geslag of enigiets anders nie.
- Die voorbeeld van Jesus wys ook vir ons dat Hyself mense as gelyk geag het, hy het vroue, kinders, slawe, siekes en mans almal dieselfde hanteer. Hy het niemand hoër geag as 'n ander nie.
- Die Heilige Gees is op almal uitgestort, ongeag wat hul ras, taal of geslag was, die diversiteit van die mensdom vind hul eenheid in die een Gees en die een Verlossing (Hand. 2:4; 10:45-46).
- Die Nuwe Testament is 'n getuigenis van alle nasies en kulture wat saam verenig word in 'n internasionale en interkulturele eenheid in Christus.
- God beveel gelowiges om hul naaste lief te hê, daar word nie gespesifiseer dat dit slegs volksgenote of 'n sekere groep moet wees nie, dit is almal, in teenstelling met die Fariseërs wat net liefde vir hulle eie volk gehad het.

- Die eenheid en gelykheid van die mensdom word ook verkondig in die lig van die tweede koms van Christus, wanneer die enigste onderskeid sal wees tussen die wat vir Christus liefgehad het en die wat Hom nie liefgehad het nie. (Matt. 25:31-46).

Artikel 1 van die Verklaring van Menseregte stel dat almal gelyk en vry gebore is. Dit geld ook vir vreemdelinge. “Suid-Afrika het ... in sekere opsigte reuse vordering gemaak sedert 1994 om ’n nie-rassige, mense-regtekultuur te bou wat pas by die nuwe demokratiese orde; die sogenaamde “reënboognasie”. Daar is egter duidelike struikelblokke wat eers oorkom moet word voordat die Suid-Afrikaanse burgerskap bereid sal wees om die idee van gelyke behandeling vir buitelanders aan te neem en sodoende te verseker dat Afrika-migrante (wettig en onwettig) geregtig is op basiese mense- en arbeidsregte” (Cronjé & Van Wyk, 2008:18) .

Artikel 2 sê dat almal die reg het om nie teen gediskrimineer te word nie. Dit geld nie net vir die mense wat “wettig” in die land is nie, maar vir alle mense. Cronjé & Van Wyk (2008:19) sê dat publieke figure en senior politici soms diskriminerende stellings oor immigrante en buitelanders maak. Hulle sê verder dat sekere politieke partye al gekapitaliseer het op xenofobie (en sodoende daartoe bygedra het) deur veldtogte te hou om Suid-Afrika te beskerm teen die bedreiging wat buitelanders vir die land se sosiale en ekonomiese sekuriteit inhou.

Xenofobie kan dus onder geen omstandighede geduld of geregverdig word nie. Die Verklaring van Menseregte stel ook duidelik dat elkeen die reg het tot lewe (Artikel 3). Cronjé & Van Wyk (2008:19) sê tereg dat mense wat gedwing is om te immigrer as gevolg van konflik en vervolging, verdien om verwelkom te word en met empatie en ondersteuning behandel te word. “Die Skrif leer ons dat lewe ’n gawe van God is en dat die mens geroepe is om lewe sonder uitsondering te beskerm. Die lewe en menswaardigheid van die vreemdeling is net so belangrik soos die lewe van die volks- of landgenoot” (Vorster, 2008:30). Veral vir die christen, wat glo aan ’n roeping en verantwoordelikheid teenoor alle mense, behoort hierdie ’n belangrike saak te wees.

Die regering behoort daarna te streef om beheer te kry oor die instroming van onwettige immigrante, sodat die burgers van Suid-Afrika, swart en wit en elke kleur tussen-in, veilig

kan voel in hulle beroepe en in die gemeenskap. Die heersende xenofobie in Suid-Afrika staan as bewys daarvan dat die regering hierdie taak liederlik verwaarloos. Die regering moet verdraagsaamheid kweek by die inwoners van die land sodat hulle ingelig en met vrymoedigheid kan omgaan met vreemdelinge. Dit kan slegs gebeur as die Suid-Afrikaanse regering hulle grondwetlike verantwoordelikheid nakom deur planne te beraam dat alle burgers werksgeleenthede het. Wanneer hierdie grondwetlike regte nie gehandhaaf word nie, word emigrasie oorweeg en die mense wat emigreer wakker moontlik verdere xenofobie aan in die land waarheen hulle gaan. Die regering is veronderstel om strukture in plek te hê om te verseker dat slegs wettige immigrante oor Suid-Afrika se grens kan kom, en verder dat die werkloosheid en armoede in Suid-Afrika meer aandag moet geniet, sodat immigrante nie vanselfsprekend as 'n bedreiging ervaar hoef te word nie.

4.6 Individualisme

Afdeling 4.3 van hierdie studie verduidelik hoe emigrasie plaasvind op grond van individualisme. Daar word dikwels na Artikel 14 van die Verklaring van Menseregte verwys om te bewys dat die mens maar mag emigreer soos dit hom/haar pas. 'n Mens mag egter nie die doel van hierdie mensereg uit die oog verloor nie. Dit is slegs wanneer 'n mens onder vervolging lei, en nie vlug as gevolg van kriminele redes nie, dat hierdie mensereg ter sprake kan kom. Indien laasgenoemde wel die geval is, moet die vraag gevra word of die situasie in die land regtig volskaalse vervolging is.

Nog 'n mensereg waarheen daar gereeld verwys word, is Artikel 13 wat stel dat elkeen die reg het tot vrye beweging. Hierdie artikel kan aangewend word as 'n reg op emigrasie. Dit is elkeen se persoonlike verantwoordelikheid om hieroor na te dink, en voorbidding te doen, sodat sy/haar wil in lyn kan wees met God se wil en dit waarvoor God hom/haar geroep het, ook in belang van die breëre gemeenskap. Eers dan kan 'n verantwoordelike besluit geneem word. Dit is onregverdig en ongeoorloof om emigrante of voornemende emigrante uit te skel as individualisties sonder om hierdie persoonlike aspek en moontlike roeping in ag te neem.

Artikel 21 stel dat elkeen die reg het tot vrye en demokratiese deelname in die regering van die land. "Die konsep *demokrasie* verwys essensieel na 'n owerheidsvorm waar die finale regeergesag by die burgers van 'n staat berus. Vanweë die grootte en

kompleksiteit van moderne samelewings oefen die burgers hierdie gesag egter nie direk uit nie, maar op indirekte wyse deur die stelsel van politieke partye wat op 'n gereelde basis aan algemene verkiesings deelneem. Die verteenwoordigers wat op hierdie wyse verkies word, regeer dus met die toestemming en in opdrag van die burgers. Die wyse waarop die regeertaak verrig word, is normaalweg in 'n geskrewe grondwet uiteengesit met die regsprekende gesag as die bewaker en finale arbiter” (Nelson, 2010:63).

In 'n demokratiese bestel, soos die wat ons vandag ken in Suid-Afrika behels demokrasie volgens Akademie (2009) die volgende:

- Ware demokrasie gee uitdrukking aan die basiese sosiale waarde dat mense self die beste beoordelaars is van wat goed of sleg vir hulself is en nie die een of ander owerheid nie. Die mense met 'n belang by, of wat geraak word deur besluitnemingsprosesse, is die bron van die gesag van enige instelling.
- Demokrasie het ten doel om 'n reeks waardes in die samelewing te verwerklik of te beskerm: Besluitnemingsliggame en -prosesse moet verteenwoordigend wees, moet verantwoordbaar (accountable) en deursigtig wees, moet doeltreffend funksioneer, moet legitimiteit besit en moet mense se vryheid en gelykheid bevorder.
- Demokrasie moet ook die metodes en spelreëls voorsien om mededinging en die beslegting van konflik binne aanvaarde instellings te bestuur. Dit veronderstel vanselfsprekend dat die reg en praktyk om kritiek te lewer, veral deur middel van openbare debat beskerm moet word.
- Die bekendste meganisme van konflikbeslegting in demokratiese besluitneming is die oordeel en beslissing van die meerderheid. In pluralistiese samelewings kan hierdie meganisme soms ernstige probleme meebring. Indien die meerderheid die wense en aspirasies van minderhede konsekwent frustreer, is dit 'n formule vir eskalerende konflik en die afbraak van die geloofwaardigheid van instellings en prosesse. Dan regeer die meerderheid op 'n tirannieke wyse oor minderhede en gee in die proses voor dat hulle weet wat in die algemene of beste belang van alle mense is.
- Die wil van die meerderheid behoort in veral politieke besluitneming nie altyd die laaste toevlug in geval van onoorkomelike verskille te wees nie. Instellings soos 'n gereeld-verkose parlement, 'n onafhanklike regbank en 'n vrye pers behoort

die uitsuiwering en verantwoording van beleid en besluite in 'n samelewing te behartig. In 'n goed-funksionerende demokrasie is verskansde instellings die belangrikste konflikbeslegtingsmeganisme.

Baie burgers van Suid-Afrika is oortuig daarvan dat die meerderheidstem die bepalende faktor is in die besluite wat deur die regering geneem word. Alhoewel baie mense dit gebruik as 'n verskoning om nie te stem nie, hou die verskoning nie water nie, siende dat die verwagte gevolge van die nakoming van verantwoordelikheid, die mens nie vrystel van die verantwoordelikheid self nie. Die mens het steeds die verantwoordelikheid om te stem, ongeag hy/sy dink dit gaan 'n verskil maak of nie.

Wat hierby aansluit is die verantwoordelikheid om ander mense se regte te respekteer (Vorster, 2004:34). Zille (2009) stel dit kort en kragtig: "Rights and responsibilities are indivisible and mutually reinforcing, for better and for worse."

Selfs wanneer mense in Suid-Afrika bly, en nie emigreer nie, is dit nutteloos as hulle individualisties en tot hulleself gekeer leef. "Ons leef met persepsies dat dit al meer oor 'elke man vir homself' gaan, en wee jou as jy nie jou man kan staan nie. Om jou te laat geld in die harde lewe van vandag, moet jy sterk wees, onbeweegbaar, selfs ongenaakbaar as dit moet. Eerste prys is vir diegene wat dryfkrag en ambisie as eienskappe uitstraal en uitleef, maak nie altyd saak op wie jy trap om die boonste sport te bereik nie. Tweede prys is vir die swakkeling" (Van der Walt, 2009:32). Vanuit 'n reformatoriese benadering is dit lynreg in stryd met die wyse waarop God die mens geskape het. Die mens is geskape deur God om inherent gemeenskaplike wesens te wees. Wanneer God gelowiges beveel om kinders van die lig te wees (Ef. 5:8) beteken dit dat gelowiges ook die lig van Christus, van vryheid en van waarheid moet laat skyn in die wêreld en konteks waarin hulle, hulle bevind. Interaksie met ander is die enigste wyse waarop die mens die gebod van liefde kan nakom en leef.

Diensbaarheid is nie moontlik as die mens in hom-/haarself opgeneem is nie. Veral nie as die mens sy/haar eie belange voor die van sy/haar naaste stel nie. Dus, hierdie korttermynvreugde van isolasie vir gelowiges bring net eensaamheid en onproduktiwiteit mee omdat hy/sy nie vir die samelewing iets kan beteken nie. Gelowiges en die kerk het 'n rol om te vervul in die samelewing. Een of twee persone kan nie alleen 'n hele gemeenskap verander nie, maar individue moet groepe vorm en groepe moet saamwerk

om die gemeenskap te verander. “Christelike liefde, wat uit die liefde van Jesus as die Christus voortvloei, soek die belang van die naaste soos Jesus die belang van die sondaarmens gesoek het. Daarom het die Christelike liefde nie net ’n geestelike dimensie nie, maar moet dit konkreet uitgedruk word in die onderlinge verkeer tussen mense” (Vorster, 2006:230). In die lig hiervan kan ’n individualistiese bestaan nie geregverdig word nie, siende dat die mens nie liefde vir hom-/haarself mag hou nie.

4.7 Kulturele- en beskawingsverskille

Kultuur verwys na die ganse geestelike besitting van ’n volk of ander groep(ering) op elke terrein; geesteslewe, beskawingstoestand (HAT, 2000:624). Die laaste paar jaar (veral sedert die begin van die Mbeki-era) was daar ’n toenemende spanning en polarisasie tussen wit en swart (Burger, 2009). Hierdie polarisasie is te wyte aan die politieke geskiedenis van Suid-Afrika en die groot kulturele verskille tussen die Westerse kultuur (meestal blankes) en die Afrika kultuur (meestal swartes).

Artikel 27 stel die mensereg tot vrye deelname in die kultuur van sy of haar gemeenskap. Hierdie vryheid geld vir elkeen van elke kultuurgroep in Suid-Afrika. Die vryheid wat Christus aan die mens geskenk het toe Hy aan die kruis gesterf het, is nie die tipe vryheid wat gebind is aan taal en kultuur nie. Taal en kultuur bly egter die wyse, of hulpmiddels, waardeur die mens God gehoorsaam, sy evangelie verkondig en die wêreld bewerk en bewaar. “Soos wat ons in ons eenheid groei en volwasse word, begin ons aanvaar dat versoening en eenheid nie beteken dat kultuurverskille opgehef word nie. In Suid-Afrika het ons te make met ’n multikulturele samelewing wat baie konflik tot gevolg kan hê. Hierdie konflik sou egter onnodig wees indien mense mekaar se regte in ag neem en sensitief sou optree teenoor ander kulture en dinge wat moontlik aanstoot kan gee. Dit beteken ook nie dat die kultuur van een groep reg en die ander s’n verkeerd is nie – al is daar soms ’n groot verskil tussen die Westerse en Afrika-benadering tot die lewe” (Burger, 2009).

Christus het die mens vrygemaak om ten spyte van swarkry, lyding, vernedering of waaraan die mens ookal onderworpe is, die vryheid en vreugde in Hom te hê. Die mens kan dus nie sy/haar lewe op aarde meet aan die hoeveelheid vryheid wat hy/sy het (of nie het nie) om sy/haar kultuur en sy/haar taal uit te leef nie. Selfs al was die mens se kultuur en taal van soveel belang, is daar geen wet wat die mens verbied om sy/haar

taal te gebruik en sy/haar kultuur uit te leef nie. Die gelowige het juis net soveel vryheid soos ander kulture om hom-/haarself uit te leef soos hy/sy dit verkies in Suid-Afrika. Geen kultuur het alleenreg nie.

Mense kan vreedsaam saambestaan met mense van ander kulture en gelowiges moet ook daarna strew, want dit kan juis die gulde geleentheid bied om ook wat geloofsoortuiging aanbetref oop gesprekke en verhoudinge te kan hê met landsgenote van ander oortuigings. Burger (2009) skryf ook daarvoor: "... daar (is) soveel wit en swart mense wat gemaklik en vredevol met mekaar oor die weg kom. Jy vind dit orals – op plase, in vergaderings, in kantore, in gimnasiums, in wonings en in skole. Ja, daar is gevalle van messtekery in skole en konflik by universiteite, maar word daar kennis van geneem waar wit en swart en bruin vriendelik saam werk, kuier, lag en gesels?" Die konflik wat wel voorkom tussen swart en wit, se wortels kan dikwels baie dieper in die geskiedenis gevind word as wat die opponente oud is. Jansen (2003:2) wys daarop dat baie jongmense van vandag die produk is van stories wat volwassenes vertel, wat hersirkuleer word deur ouers, bevestig word deur die kerk, vertroetel word deur skole en verskans word in sportklubs en voorsien word van skerp kante deur tydgenote.

Hierdie stories en geskiedenis moet afgebreek word deur nuwe verhoudinge en 'n geskiedenis wat gemaak moet word. Dit is slegs moontlik as vriendelike verhoudings, naasteliefde en menseregte toegepas word. So kan gelowiges missionêr aktief wees in Suid-Afrika. "Die diversiteit van kulture vra begrip en aanvaarding. Om diversiteit bloot te ignoreer, is kortsigtig, daarom moet daar interaksie wees. Realiteite in verhoudings wat verdiskonteer moet word, is armoede, ontwikkeling, globalisering en verskillende leierskapsmodelle. God het ook die verskille daargestel (Gen 11) by die toring van Babel. Kulturele verskille moet gebruik word om God voluit te dien, elkeen in sy eie kultuur, met sy eie taal, maar in liefde vir mekaar tot uitbreiding van God se koninkryk... Christene moet nie ander kulture vermy of ignoreer nie, maar moet mekaar eerder aanvaar, akkommodeer en waardeer" (Kruger, 2010:11).

4.8 Verlies aan 'n etniese droom

Die Voortrekkers het om politieke redes getrek uit die Kaapkolonie, dieper in Suid-Afrika in. Hierdie redes is gelys in Piet Retief se manifes vroeër in hierdie studie. Die Groot Trek van verskeie geselskappe het plaasgevind in 1838. Op 16 Desember 1838 het die

“Slag van Bloedrivier” plaasgevind. Voor daardie dag het die Voortrekkers volgens oorlewering tot God gebid en gesmeek dat Hy hulle sal red en sal help om die geveg te wen. Hulle het ‘n gelofte aan die Here gemaak dat hulle, indien Hy hulle red, elke jaar daardie dag sal herdenk deur aanbidding en nagedagtenis.

Die Voortrekkers het die geveg teen ‘n baie groter en sterker mag, as wat hulleself was, gewen. Van daardie dag af word hierdie dag in Suid-Afrika gevier as Geloftedag, en in die nuwe bedeling as Versoeningsdag. Die gebeurtenis in 1938 het die vlam van Afrikanernasionalisme sterk aangeblaas, met die onvergeetlike simboliese ossewatrek vanaf Kaapstad tot by die Monument in Pretoria en die Voortrekker-Eeufeesviering en hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument. Daarvan getuig die geweldige skare van ruim 200 000 Afrikaners wat dit bygewoon het en tuisgegaan het in ‘n reuse tentdorp suid van die Monument (De Ridder, 2005).

Die Voortrekkermonument is ingewy op 16 Desember 1949 en staan van daardie dag af as teken van die oorwinning by Bloedrivier en die herdenking van die opofferings van die Voortrekkers. Nasionalisme, in die sin dat die Voortrekkers wou vry wees en self-regerend wou wees en ‘n eie tuiste skep het hooggety gevier. Op 31 Mei 1961 word die land amptelik die Republiek van Suid-Afrika, self-regerend, vry van Britse oorheersing. C.R Swart was die eerste president wat die onafhanklike Republiek sou lei. Vir die eerste keer het blanke Suid-Afrikaners gevoel dat hulle waarlik vry is. Apartheid is onder D.F. Malan ingestel, reeds in 1948 en het eers in 1994 tot ‘n einde gekom.

Alhoewel baie mense, ook blankes wat voordeel kon trek uit die Apartheidsregime, gestem het vir die verandering wat in 1994 sou intree, het die veranderinge wat wel plaasgevind het, vir baie as ‘n skok gekom. Hulle het gestem vir ‘n raslose, klaslose Suid-Afrika waar almal gelyke regte het. Wat die gevolg was, is die regstellende aksie, wat soveel sonder werk laat en ‘n ervaring van “omgekeerde rassisme” onder baie mense. In die lig van die geskiedenis van Suid-Afrika is dit te verstane dat baie Afrikaners mag ervaar dat hulle voorouers so hard gewerk het om vry te wees en die land te ontwikkel en nou bevind hulle hulself weer in die situasie voor die Groot Trek.

Van Niekerk (2009:23) beskryf wat die situasie vandag, in vergelyking met die “ou Suid-Afrika” behels: “Op suiwer morele gronde is ons daarom veel beter af. Maar dit beteken

allermens dat daar nie verskynsels en praktyke in die nuwe Suid-Afrika is wat moreel bedenklik is nie. Misdaad is die voor die handliggende voorbeeld; dit skep groeiende sosiale paranoia, en dit jaag duisende potensieel waardevolle bydraers tot ekonomiese en sosiale groei uit die land. Regstellende aksie is in beginsel verstaanbaar en moreel verdedigbaar, maar dit neem tans heeltemal te veel die gestalte aan van brute, ongemotiveerde en uiters onverstandige diskriminasie – weer op rassegronde! – teen mense wat werk veel beter kan doen as die aangesteldes, en wat boonop dikwels geen aandeel aan apartheid gehad het nie. Daar is daarom weinig rede vir selftevreedenheid en alle rede vir waaksaamheid op die morele front, ook en veral in ons nuwe bedeling. Ons sal volmaaktheid nie in hierdie lewe en in die samelewings van hierdie lewe bereik nie. Maar ons deel almal in die menslike natuur wat die goeie en die slegte kan onderskei, onreg wil beveg, verantwoordelikheid kan aanvaar en in vrede met alle mense en met die natuur wil lewe. Ons bevind ons, anders as tydens apartheid, uiteindelik in ‘n historiese konteks waarin ‘n wil tot moraliteit resoneer met die breë sosiale en politieke kultuur. Daardie wil behoort volhardend gevoed en gekultiveer te word, tot beswil van almal.”

Dit mag dalk net die antwoord wees op die vraag oor hoe Afrikaners die verlies van etniese drome moet hanteer. Daar was nie net een etniese droom in Suid-Afrika nie, maar meer etnisiteite en dus baie etniese drome. Suid-Afrikaners mag dalk by die punt wees waar hierdie drome een droom kan word.

4.9 Sekuriteit van eiendom

Artikel 17 van die Verklaring van Menseregte sê dat die mens elkeen die reg het tot eiendom. Baie boere wat moontlik verplig kan word om hulle grond te verkoop as gevolg van grondhervorming, is oortuig daarvan dat hulle voorouers hierdie eiendomme op wettige wyse en met geldige transaksies gekry of gekoop het, en dat hulle vir soveel jare of geslagte al ‘n eerlike bestaan voer daar en bydra tot die land se ekonomie.

Aan die ander kant weer is diegene wat die grond opeis dikwels van oortuiging dat hulle die volste reg het om die grond in besit te neem, aangesien hulle voorouers daar begrawe is en dat daar geen sekerheid is oor hoe hierdie boere besit gekry het oor die plase nie. Sekere mense is van mening dat die boere dit “gesteel” het tydens die Apartheidsera of voor dit. Alle mense het besittings en dit is swaar om afstand daarvan

te doen, veral as dit van sentimentele waarde is en die individu nie regtig 'n keuse het oor die verlies aan eiendom nie.

Die mens voel seergemaak en te na gekom wanneer so iets gebeur of as persoonlike besittings gesteel word. Die TLU SA (2005) huldig die volgende standpunt: “Die *status quo* is onaanvaarbaar. Moord, aanranding, verkragting, roof, diefstal (insluitend vee- en wilddiefstal), brandstigting, betreding en onwettige grondbesetting en intimidasie duur voort terwyl die Kommandostelsel uitgefaseer word voordat die Sektorpolisiëringstelsel na behore geïmplementeer is. Lg. bied nie vir landbouers 'n geloofwaardige alternatief nie. Gevolglik versleg die situasie met betrekking tot Landelike Veiligheid.”

Mense het die volste reg om ongelukkig te wees daaroor, want dit is 'n onreg wat 'n mens aangedoen word. Maar sal die skuif na 'n ander land regtig daarvoor kan vergoed?

Perspektief op die situasie moet gelowiges laat beseef dat God alles besit (Ps. 24:1; 1 Kor. 10:26) en dat rykdom van Hom af kom, Hy is die Gewer van alles wat die mens besit (Deut. 8:16-18; 1 Kor. 4:7). God beveel ook dat die mens sy/haar rykdom moet aanwend om die armes te help (Matt. 19:16-21; Luk. 18:18-22). In Mattheus 6:20-21, maak Hy 'n baie belangrike punt wanneer Hy sê dat die mens skatte moet versamel in die hemel waar geen mot of roes dit kan bykom nie, en waar die gelowige se skat is, daar sal sy/haar hart ook wees. Hierdie teksverwysings regverdig nie diefstal nie, maar dit gee wel perspektief op hoeveel waarde die mens behoort te heg aan aardse besittings.

Elke burger het egter die verantwoordelikheid om sy/haar besittings op so 'n wyse te beveilig dat diefstal nie maklik sal plaasvind nie. Verder is dit uiters noodsaaklik dat 'n klag gelê word by die polisie. As die polisie nie bevredigend vordering maak nie, moet burgers by die Menseregtekommissie 'n klag indien. Onder geen omstandighede mag die inwoners van Suid-Afrika hulle verantwoordelikhede as burgers nalaat nie. Die regering kan nie aksie neem teen probleme as dit nie aangemeld word nie. Mense moet hierdie saak deeglik deurdink wanneer hulle sekuriteit van eiendom aanvoer as 'n rede vir emigrasie. Die inwoners van Suid-Afrika het dalk 'n groter verantwoordelikheid teenoor Suid-Afrika (om 'n verskil te maak) as teenoor hulle eiendom (deur te trek sodat

dit veilig sal wees). Terwyl die regsprosesse in Suid-Afrika nog funksioneer, wat tans wel die geval is, is die sekuriteit van eiendom nie voldoende rede tot emigrasie nie.

4.10 Toekomsmoontlikhede van kinders

Baie van die bekommernisse wat ouers oor die algemeen het oor skoling in Suid-Afrika, is besig om uit die weg geruim te word. Onder die Zuma-bewind is daar reeds baie meer klem gelê op skoling en die belangrikheid van kwaliteit onderrig. 'n Taakspan is aangestel om skoolonderwys, te evalueer. Na aanleiding van die evaluasies is daar met voorstelle vorendag gekom. Dit blyk asof daar die vooruitsig is van skoling, soos dit was voor die Uitkoms Gebaseerde Onderrig (Van der Walt, 2010:17).

Artikel 1 van die Verklaring van Menseregte stel dat alle mense gebore word as vrye en gelyke wesens en Artikel 2 vereis dat elkeen die reg het om nie teen gediskrimineer te word nie. Daar is reeds in hierdie studie al telkemale daarna verwys, asook na die minagting daarvan. Dus is dit onnodig om dit weer in diepte te bespreek, maar daar kan net genoem word dat, in die lig van faktore soos regstellende aksie en werkloosheid, wit kinders nie dieselfde vooruitsigte het wat werksgeleenthede aanbetref in Suid-Afrika as in baie ander lande nie.

Aan die ander kant is dit ook so dat die moeite wat dit kos om werk te soek tot 'n mens dit vind, en die koste wat daaraan verbonde is, baie minder beloop as die koste van emigrasie na 'n ander land. In Suid-Afrika het alle burgers die reg tot opleiding, dit kan dus van geen kind af weggeneem word nie. Die werkloosheid in Suid-Afrika mag dalk van tydelike aard wees, maar indien kinders die opleiding ontvang waarop hulle geregtig is, kan hulle dalk juis 'n betekenisvolle bydrae lewe tot werkskepping in Suid-Afrika. Die kwaliteit van onderrig in Suid-Afrika is geensins van swak gehalte nie. Veral wat hoëronderdig aanbetref, sê Pienaar (2009:252) dat globalisering akademiese personeel dwing om studente op te lei om binne 'n internasionale werksomgewing te kan funksioneer. Globalisering oefen ook druk op hoër-onderwysinstellings uit om internasionaal te kompeteer ten einde oorlewing te verseker.

Suid-Afrikaanse jongmense is ook baie sterker as wat hulle ouers verwag. Kamper & Steyn (2007:518) het onlangs 'n studie onderneem, waarin hulle die algemene toekomsverwachting van die Afrikaanssprekende jeug (blank en bruin) getoets het. Slegs

9.7% van die respondente het getoon dat hulle graag permanent wil emigreer. Die res van die respondente wil hoofsaaklik dadelik in Suid Afrika begin studeer en 96.4% van die respondente sien uit na die toekoms in Suid-Afrika.

Hierdie respondente was ten tyde van 'n ondervraging van almal in standerd 9 (graad 11). Dit is dus die positiwiteit wat heers onder die jong amper-volwasse nes van Suid-Afrika. Is dit dan nog geldig om te sê dat daar beter toekoms moontlikhede vir die kinders elders lê, as die kinders wat elke dag al die konflik van die politieke situasie voel en van elke moord en verkragting hoor, dan so positief is? Vandag se jongmense is sterk en 96.3% van die respondente is oortuig daarvan dat God hulle lewens beskik. Wolhuter, Higgs, Higgs & Ntshoe (2010:145) verwys na 'n ambisieuse reeks maatskaplike doelstellings waarvoor die onus op die onderwysstelsel rus:

- Ekonomiese doelstellings: die uitwis van armoede en die bevordering van die land se ekonomiese produktiwiteit en ontwikkeling.
- Sosiale doelstellings: die bou van 'n samelewing vry van rasse-, geslags- en ander vorme van onbillike diskriminasie; die skep van 'n maatskaplik-mobiele samelewing en die verwydering van kunsmatige hiërargieë en versperrings in die pad van mense se vooruitgang.
- Kulturele doelstellings: die bemagtiging van mense sodat hulle doeltreffend kan deelneem aan die prosesse van kulturele uitdrukking.
- Politieke doelstellings: die bemagtiging van burgers om deel te neem aan alle prosesse in 'n demokratiese samelewing.
- Nasiebou: die bou van 'n gemeenskaplike waardestelsel vir 'n samelewing wat gekenmerk word deur demokrasie, gelykheid, vryheid, vrede, geregtigheid, verdraagsaamheid en stabiliteit.

In 'n onderwysstelsel met bogenoemde verantwoordelikhede, het die Christen-ouer en die Christen-kind 'n rol om te speel. Wolhuter & Steyn (2003:536) stel dat verantwoordelikhede soos volg beskou moet word: "...these guidelines, especially those pertaining to religion and values, should ideally be reinterpreted, as has been argued throughout, in the framework provided by the perspective-giving light of the Word of God, in other words from the perspective of a reformational view of the human being, schooling, education and discipline...". Onderwysers en beheerliggame het die verantwoordelikheid om die Menseregte te koester in skole. "While everyone should be

aware of the Bill of Rights, it would seem that education authorities have a greater responsibility to ensure that schools become places where the Bill is not only known and applied, but strongly promoted. With such an understanding, schools will need to re-examine their codes of conduct, school rules and disciplinary procedures to ensure that they are compatible with the Constitution. If the Bill of Rights is not accessible to an ordinary citizen, or a school-going learner, or if it is not understood and promoted, the constitutional guarantee of fundamental rights will remain merely a piece of paper with little or no meaning in the school context” (Alston, van Staden & Pretorius, 2005:156).

Die feit dat bogenoemde doelwitte nagestreef word in onderwys, staan as bewys dat daar probeer word om ‘n gemakliker omgewing vir kinders te skep. Ten beste kan die argument van beter toekomsverwagtinge vir kinders in die buiteland gebruik word as motivering om aan kinders die geleentheid te gee, om nadat hulle opleiding ontvang het, tydelik oorsee te werk. Daar is egter geen regverdiging om so ‘n drastiese en permanente besluit namens ‘n kind te neem nie.

4.11 Loopbaanbevorderingsmoontlikhede

Dikwels vind emigrasie plaas op grond van ‘n oortuiging dat daar meer geld gemaak kan word oorsee. Gelowiges moet egter mooi nadink of dit Christelik-eties is om geld ‘n groot faktor te maak. As die mens baie geld maak met sy/haar werk kan hy/sy ook meer besittings bekostig (soos vroeër bespreek). Artikel 25 sluit hierby aan deur te sê dat elkeen die reg het tot ‘n genoegsame lewensstandaard. Die vraag is egter wat geag word as genoegsaam. Is dit dalk net om genoeg kos en klere te besit vir elke dag, net genoeg. Of het emigrasie ook iets met die belofte van ‘n “gemakliker” leefstyl te doen. Dikwels bly hierdie belofte ook leeg, want dit gebeur gereeld dat die lewenskoste ook duurder is in omgewings wat ‘n groter inkomste bied.

Om te werk is ‘n opdrag van God aan die mens (Eks. 20:9; Ps. 104:23), dit is dus belangrik dat ‘n gelowige hierdie opdrag wil en moet gehoorsaam. God verwag van mense om te werk en met hulle talente te woeker. God sê ook dat Hy eerlike werk seën (Spr. 14:23). Dit is op hierdie punt wel belangrik vir die gelowige wat emigrasie oorweeg om sy/haar eie motiewe te ondersoek en duidelikheid te kry daarvoor of die stap van emigrasie oorweeg word omdat die geleentheid om God te verheerlik (1 Kor. 10:31) deur

sy/haar werk groter is oorsee en of die stap oorweeg word as gevolg van die moontlike finansiële voordele wat dit mag inhou.

Roeping speel ook 'n groot rol hier. Die gelowige oer het outomaties 'n roeping as oer, en terselfdertyd 'n roeping in sy/haar beroep. Hierdie unieke roeping van elke individu moet vervul word met vertroue op God. Roeping gaan meer oor wát 'n persoon doen as oor waar hy/sy dit doen, met enkele uitsonderings. God sê ook dat die mens op Hom moet vertrou in sy werk (Ps. 127:1-2; Jes. 26:12). Dit beteken dat Hy sal voorsien en Hy sal mense beloon vir hulle werk.

Die navorser is van mening dat wat hier bedoel word, is dat God die mens se werk seën, dat Hy vir die gelowige werkstevredenheid gee en dat hy/sy genoeg sal verdien om in sy/haar en sy/haar gesin se behoeftes te voorsien. As die mens sy/haar werk doen tot eer van die Here behoort die geleentheid om sy/haar roeping uit te leef en dat sy/haar gesin versorg is, genoeg te wees.

Sou 'n persoon wel 'n beter loopbaangeleentheid kry oorsee, is daar 'n paar nadele om in ag te neem. Soos byvoorbeeld dat meeste ander lande nie tradisioneel bediendes en tuiniers het wat huis-en tuinwerk hanteer soos in Suid-Afrika nie, maar dit word meestal self behartig. In baie ander lande is wonings kleiner, maar nie noodwendig goedkoper nie. Hou in gedagte dat ekonomies maklik kan platval, soos dié van Amerika onlangs, en die implikasies wat dit vir 'n mens mag inhou as 'n mens hom-/haarself dan in 'n vreemde land bevind sonder 'n ondersteuningsstelsel.

Verskynsels soos swak ekonomiese fases en werkloosheid kom nie slegs in Suid-Afrika voor nie. Dit kom meestal onverwags, indien dit nie onverwags voorgekom het nie, sou dit dalk nie gebeur het nie, omdat die staat voorbereiding daarvoor sou kon tref. Die meeste lande is onderling verbind met, en in sekere opsigte selfs afhanklik van, mekaar. Die implikasie hiervan is dat geen land kan waarborg dat daar altyd werkseleenthede sal wees nie. Indien werkloosheid in die verkose land van emigrasie 'n probleem word, is die kans groot dat werkseleenthede eerder aan die primêre burgers van daardie land toegeken sal word as aan 'n immigrant. Wanneer 'n individu egter werkloos is in Suid-Afrika is daar vriende en familie wat hom/haar kan ondersteun en wat 'n oor op die

grond sal hou vir vakante poste. Die sosiale identiteit, soos vroeër bespreek, voorsien mense wat kan identifiseer met die situasie en medelydend sal wees.

Daar is ook 'n paar argumente teen emigrasie. Almal van hulle is nie ewe geldig nie en dikwels spruit hierdie argumente vanuit die frustrasie wat diegene ervaar wat agterbly in Suid-Afrika wanneer geliefdes emigreer. Vervolgens 'n lys van die algemeenste argumente wat aangevoer word teen emigrasie.

4.12 Sosiale identiteit

Dat die mens binne bepaalde verhoudings gebore word en gewoonlik in 'n groot mate in daardie selfde verhoudings grootword is algemene kennis. So ook die feit dat elke mens 'n bepaalde verantwoordelikheid het teenoor geliefdes en sy/haar naaste. Elke mens se sosiale identiteit is uiters belangrik vir daardie persoon en sy/haar ontwikkeling as mens. Die gemeenskap, familie en vriende beïnvloed die individu se sosiale identiteit tot 'n groot mate.

Dit blyk duidelik uit die leringe wat ons vind in die boek Spreuke (1-7) van die Bybel, waar 'n vir pa sy seun advies gee oor besluite en keuses in sy lewe wat voorlê. Ons sien die rol van vriende in die boek Job, waar sy vriende hom probeer advies gee. Wanneer iemand die besluit om te emigreer op 'n verantwoordelike wyse oorweeg, gebeur dit nie geïsoleerd nie, maar hand-aan-hand met hul sosiale identiteit. Navorsing het getoon dat Afrikaans een van die hoekstene is waarop 'n Afrikaner-identiteit gebou word (Bornman, 2005:13). Daar word met rede vanuit bepaalde kringe die vraag gehoor, as Afrikaans dan so belangrik is vir die identiteit, waarom emigreer so baie mense na Engelssprekende lande?

Baie Suid-Afrikaners wat in die buiteland woonagtig is, getuig van Afrikaanse gemeenskappe wat al vorm aangeneem het in verskeie lande. Op die stadsplein in Sydney (Australië) is daar selfs 'n Afrikaanse erediens wat gelei word vir Suid-Afrikaners. Dit mag ook wees dat die dryfvere agter emigrasie so sterk is, dat mense ten spyte van hierdie sentimente land-uit trek. Dit beteken nie dat 'n individu noodwendig sy/haar geliefdes 'n onreg aandoen of sy/haar identiteit en afkoms weggooi deur te emigreer nie. Wanneer iemand sulke aantygings wil maak, moet hy/sy versigtig wees daarvoor dat taal en sosiale identiteit nie verabsoluteer word nie.

'n Persoon se sosiale identiteit is nie noodwendig daarmee heen as hy/sy emigreer nie, maar die individu funksioneer net nie meer presies op dieselfde wyse as wat hy/sy vantevore gedoen het in dieselfde omgewing nie. As 'n emigrant sy/haar emigrasie op 'n verantwoordelike wyse hanteer, kan daar nog deur middel van e-pos, briewe, telefone, skype en al die wyses wat tegnologie die mensdom bied, steeds in noue kontak met geliefdes geleef word. Wanneer 'n gelowige dan besluit om te emigreer, het hy/sy die verantwoordelikheid om steeds aktief deel te neem in die verhoudings waarin hy/sy gebore is.

4.13 Vaderlandstrots

In afdeling 3.13 is onderskeid getref tussen vaderlandstrots, patriotisme en nasionalisme. Wanneer mense oordrewe patrioties is, sou daar gevra kon word wat hierdie mense onthou van Suid-Afrika, hoeveel hulle weet van die waarheid van die geskiedenis van Suid-Afrika? Dit is verseker reg en goed om te herdenk watter stryd voorouers deurgemaak het, en hoeveel struikelblokke hulle moes oorkom om Suid-Afrika bewoonbaar te maak. Daarmee is niks fout nie en dit is ook noodsaaklik vir elke persoon se identiteit om te weet waar hy/sy vandaan kom. Helberg (1990:139) stel die verantwoordelikheid wat vaderland betref soos volg: "Land, en die besit van 'n land, moet altyd in diens wees van die roeping teenoor die hele aarde en in besonder van die heerskappy van God – wat oor die grense van lande en selfs van hierdie huidige bedeling strek. 'n Land (volk) wat homself isoleer of net in terme van sy eie belange dink en optree, leef nie sy roeping uit nie."

Ongelukkig moet mense ook kan erken dat daar vreeslike foute begaan is deur hulle voorgeslagte in Suid-Afrika juis omdat elkeen aan sy/haar eie belange gedink het. Wat ookal die redes was, gelowiges moet nederig genoeg wees om dit te kan herken en erken. Dan moet mense dalk soek na 'n balans, as hulle wil trots wees en nostalgies raak oor die dade van hulle voorgeslagte, moet hulle ook kan sien watter foute gemaak is en nie in ontkenning leef nie. Wat in die geskiedenis oor en oor gebeur het en vandag nog gebeur, is dat die mens dikwels uit 'n verwronge perspektief kyk na sy/haar verhouding tot die land.

Die mens is deur Christus se kruisdood gered, maar so ook is die aarde gered. Die mens se verantwoordelikheid is om die aarde, en dus die land, op 'n verantwoordelike wyse te benut om God te verheerlik en volgens Sy gebooie te lewe. Wat dikwels gebeur is dat die mens, die land waarin hy/sy woon, ophef tot 'n eiendom in 'n magspel, waar elkeen die land wil besit, maar die gebooie van God raak verlore. Die besit van 'n land moet slegs belangrik wees, omdat dit vir die mens 'n plek gee om God te dien en Sy gebooie te gehoorsaam. Helberg (1990:140) beklemtoon die feit dat 'n vaderland opsigself nie verabsoluteer mag word nie, maar belangrik moet wees as 'n plek waar jy God vrylik mag dien.

Daar is ook 'n morele verantwoordelikheid wat op elke gelowige se skouers rus. 'n Gelowige moet in al sy doen en late probeer om nie aanstoot te gee nie. Vir baie burgers van Suid-Afrika is die ou landsvlag en die vierkleur, 'n simbool van die diskriminasie en apartheid van die regering voor 1994. 'n Gelowige moet eerder nie dinge doen of sê wat kan aanstoot gee nie, maar altyd bewus wees van hoe 'n boodskap ontvang sal word. Vaderlandstrots kan maklik lei tot, of bloot lyk soos, nasionalisme. "...the cosmopolitan ideal demands that loyalty to family, state, nation and so on, should not transgress the functional and structural boundaries of these communal spheres, for this is the beginning of the road to totalitarianism" (Heyns, 2004:468).

Helberg (1990:137) skets die situasie soos volg: "Die mens het sy beskutte woonplek op aarde verloor oor drie basiese leemtes by hom: sy gebrek aan dankbaarheid, aan vertrou en aan gehoorsaamheid. Hy het gemeen dat hy op meer aanspraak het as wat God hom gegee het, daarom het hy onvergenoegd geraak en die weg van sy begeerte gevolg. Hy het nie vertrou dat God die beste vir hom bedoel nie; daarom het hy sy ore uitgeleen om groter aansprake te maak...Om die land met vrede, harmonie en seën te kan bewoon vereis 'n gesindheid wat vanuit die wortel positief is."

Laat die mens se doelwit dan eerder gehoorsaamheid aan God wees wanneer Hy vereis dat die mens Hom moet liefhê en hulle naaste soos hulself, as om so trots te wees op die land dat die mens vergeet wat die doel daarmee is. Burgers van die land behoort nie Suid-Afrika, die vaderland waarvoor daar so 'n groot liefde heers, net te bewoon in vrede nie, maar moet dit ook ten beste kultureel en preserveer vir die volgende geslagte. Dit is nie net die taak van die individu nie, dit is ook 'n gesamentlike taak, wat elke groep en

elke regering ten doel moet hê. Suid-Afrika moet bewaar en bewerk word as 'n land waarin God vry gedien mag word. Terselfdertyd moet versoening bewerk word tussen etnisiteite, rasse, geslagte en partye, sodat hierdie doelwitte met verantwoordelikheid nagestreef kan word.

Bogenoemde beoordeling en bespreking het ten doel gehad om beide kante van die saak aan die lig te bring. Op grond hiervan en in die lig van Christelik-etiese norme en tersaaklike menseregte kan bepaalde gevolgtrekkings gemaak word en riglyne neergelê word. Hierdie gevolgtrekkings en riglyne word vervolgens bespreek in hoofstuk 5.

HOOFSTUK 5 – Gevolgtrekking en Aanbevelings

Na aanleiding van bogenoemde studie en nadenke daaroor sal enige Christen beseef dat daar nie 'n eenvoudige antwoord op die kwessie van emigrasie is nie. Dit is waarom dit moreel-eties beskou en beredeneer moet word sodat 'n ingeligte besluit geneem kan word.

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie was om vas te stel wanneer emigrasie 'n gelowige geoorloof is en wanneer dit indruis teen die Christelike etiek? Om sinvolle antwoorde te vind op bogenoemde doelstelling is die volgende spesifieke doelstellings daargestel:

- Om te ondersoek wat die Christelike etiek bepaal ten opsigte van emigrasie;
- Om die argumente vir en teen emigrasie te ondersoek;
- Om die argumente te beoordeel volgens die Reformatoriese tradisie;
- Om sinvolle gevolgtrekkings en aanbevelings te maak.

Daar is tans sterk argumente vir, asook teen, emigrasie wat aangebied word in die emigrasie-debat. In die lig hiervan is die mees algemene redes in hierdie studie uiteengesit en bespreek. Die sentrale teoretiese argument van die studie is dat emigrasie van gelowiges uit Suid-Afrika bevraagteken kan word in die lig van deontologiese Christelik-etiese argumente.

In die uiteensetting en bespreking van die Handves van Menseregte, het dit duidelik te voorskyn gekom dat die menseregte Christelik gefundeer kan word en dat dit sinvol daargestel en saamgestel is om mense en hulle regte te beskerm. Die staat het 'n verantwoordelikheid teenoor die land se burgers. Die staat moet verseker dat die menseregte beskerm en toegepas word in ooreenstemming met die Handves van Menseregte en die Grondwet. Dit geld veral wat betref die fundamentele regte in die Handves van Menseregte: Artikel 2 – 13, Artikel 16 – 21 en Artikel 24. Behalwe vir hierdie regte moet die regering en die staat daarna streef om 'n gemeenskap te skep waarin almal bewus is van die regering se motiewe te alle tye.

- Hulle moet 'n gemeenskap kweek, deur deursigtigheid en betroubaarheid, wat die regering kan vertrou met die beheer van Suid-Afrika.

- Die regering en die staat moet onpartydig wees wat ras betref en moet reg en geregtigheid laat geld.
- Die president moet sy motiewe en die motiewe van sy bestuur op 'n gereelde basis aan die burgers van die land bekend maak, sodat niemand bekommerd hoef te wees oor 'n onsekere toekoms in Suid-Afrika nie.
- Daar moet bevredigende antwoorde verskaf word oor vrae betreffende die tydperk van regstellende aksie, die verbetering van toestande in skole, hospitale en algemene dienste.
- Dit is die regering se verantwoordelikheid om almal van elke ras, ouderdom, geslag, kultuur en politieke party die geleentheid te bied om sy talente tot voordeel van almal in SA aan te wend.

Die burgers het ook bepaalde verantwoordelikhede. Regte en verantwoordelikhede loop hand-aan-hand. Geeneen kan aanspraak maak op regte as hulle nie hulle verantwoordelikhede nakom nie.

- Elke burger in Suid-Afrika het die verantwoordelikheid om die regering te help skep aan 'n samelewing wat vergewingsgesind en verdraagsaam is teenoor almal in die gemeenskap, ongeag ras, geslag, kultuur, ouderdom of politieke party.
- Die burgers van die land het die verantwoordelikheid om 'n etos te skep waarbinne die menseregte as etiese beginsels bereikbaar is. Dit sluit die volgende Artikels van die Handves van Menseregte in: Artikel 1, 14, 15, 22, 23, 25 – 27.
- Burgers het die verantwoordelikheid om te stem, asook die verantwoordelikheid om misdaad en korrupsie aan te meld. Burgers mag nie ophou om die regte dinge te doen nie. Misdaad en korrupsie kan nie bekamp word as mense moed opgee en dit nie aanmeld nie.
- Dit is die taak van elke inwoner van die land om positief te wees oor Suid-Afrika en om op te hou gal braak oor die verlede. Dit is tyd om te vergewe, soos God beveel, en 'n nuwe geskiedenis te skep waarop ons nageslagte, van alle rasse, kan trots wees.
- Elke gelowige burger moet aanhoudend bid vir die regeerders van die land, asook vir elke burger, sodat daar versoening mag kom tussen rasse, gelowe, politieke partye ens. Daar is wettige maniere waarop ongelukkighede met die regering of die toepassing van wette aangemeld en hanteer kan word. Mulder

(2008:30) stel hierdie verantwoordelikheid soos volg: “Volgens ons Nederlandse Geloofsbelydenis (art.36) moet ons die owerheid gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie. Ons moet ook vir hulle voorbidding doen sodat die Here hulle in al hulle handelinge mag bestuur, sodat ons in alle godsvrug en eerbaarheid ’n rustige en stil lewe kan lei (1 Tim 2:2). Dit beteken beslis nie om net passief te sit nie. Kritiseer leiers waar nodig. Neem asseblief deel aan verkiesings; registreer en stem vir die politieke party die naaste aan jou denke.”

In aansluiting by bogenoemde verantwoordelikhede van die burgers is daar een kwalifikasie wat bygevoeg moet word by die sentrale teoretiese argument van hierdie studie. Dit is dat ondeurdagte emigrasie van gelowiges, sonder Bybelse oordenking en leiding, uit Suid-Afrika bevraagteken kan word in die lig van deontologiese Christelike argumente. As Christene glo die mens dat God mense na Sy beeld geskape het en op aarde geplaas het om rentmeesters te wees, om Hom te verteenwoordig op aarde. Dit beteken om vir Hom en tot eer van Hom diens te doen aan mens, dier en natuur. Wanneer iemand emigreer sonder nadenke oor die rol waarvoor God hulle geroep het en sonder inagneming van die bepaalde verantwoordelikhede wat God op hulle skouers geplaas het, kan dit nie kwalifiseer as ’n God-gewilde emigrasie nie, maar ten beste as ’n God-toegelate emigrasie. Handeling 17: 26 bevestig tog: “Uit een mens het Hy al die nasies gemaak. Hy het hulle gemaak om oor die hele aarde te woon. Hy het bepaal hoe lank hulle sal bestaan en waar hulle sal woon.” Gelowiges vertrou uiteraard die woorde van die Bybel. As die Bybel dan bevestig dat God bepaal het waar sy skepsels woon, dan is daar geen rede om die oproep tot ’n verantwoordelike bestaan in Suid-Afrika te bevraagteken nie.

Terwyl die menseregte toegepas word, of ’n poging aangewend word, en die vryheid tot aanbidding geld, is daar geen rede tot emigrasie nie. Dit mag dalk voorkom asof die menseregte nie aangehang word in Suid-Afrika nie, siende dat al die menseregte nie tans haalbaar is nie, soos byvoorbeeld die reg tot werksgeleentheid en sekuriteit. Hierdie regte word egter wel nagestreef en emigrasie van kundiges vererger net die probleem. Vir geen gelowige kan dit bevredigend wees in die lig van sy/haar roeping nie. Die gelowige mag emigreer indien:

- Die staat nie meer sy verantwoordelikhede teenoor die burgers nakom nie;

- Wanneer dit duidelik raak dat die staat nie meer die lewens van inwoners belangrik ag en beskerm nie;
- Wanneer dit vir die gelowige onmoontlik gemaak word om God te dien in Suid-Afrika;
- Wanneer dit onmoontlik is vir die Christen om sy/haar roeping uit te leef in Suid-Afrika;
- Wanneer hy/sy oortuig is van 'n roeping wat oorsee uitgeleef moet word.

Wanneer 'n gelowige nie mag emigreer nie:

- Wanneer dit nog vir hom/haar moontlik is om die roeping waarvoor God hulle geroep het uit te leef in Suid-Afrika;
- Wanneer hulle lewens nie in gevaar is nie en hulle steeds vrylik God mag dien;
- Wanneer die rede tot emigrasie as gevolg van korrupsie of rassisme is, waar die voornemende emigrant nog geen poging aangewend het om dit aan te meld of op te los nie;
- Wanneer die motivering tot emigrasie bloot ekonomies is, 'n kans of belofte van welvaart, dit is die laaste ding waarvoor 'n gelowige geroep word.

Daarby moet ook gestel word dat geen gelowige die reg het om 'n ander te veroordeel wat wel die stap van emigrasie oorweeg en/of neem nie. Die Christen word nooit geroep tot veroordeling nie, maar altyd om diensbaar en ondersteunend te wees. Gelowiges moet mekaar aanspoor tot verantwoordelike en morele besluitneming ten opsigte van emigrasie. Die feit dat ondeurdagte emigrasie indruis teen die Christelike etiek beteken ook nie dat dit 'n persoon verdoem tot die doderyk nie. Dat dit indruis teen die Christelike etiek staan meer as 'n waarskuwing dat 'n mens homself/haarself in 'n onnodige pynvolle situasie kan bevind deur te probeer om so 'n groot besluit te neem sonder God. Verder het elke gelowige 'n verantwoordelikheid om sy/haar roeping teenoor hul medemens uit te leef.

Helberg (1990:143) sê dat God ten diepste die eis stel: om Hom lief te hê en jou naaste soos jouself – alle naastes. Dit dus sinvol om te kyk na wat liefde behels, en dit in terme van emigrasie te beskou. Coetzee (2009:33) verwys na die veelsydigheid van die vrug van die liefde gebaseer op Galasiërs 5:22:

1. Liefde kom na vore in VREUGDE: Innerlike vreugde en blydskap wat gebore is uit 'n lewende verhouding met God; 'n vreugde wat selfs in moeilike omstandighede steeds geld; 'n vreugde gebore uit die wete dat ek verlos is van sondes; 'n vreugde wat onuitspreeklik en vol van glorie is (1 Pet. 1:8).
2. Liefde kom na vore in VREDE: Vrede wat gewortel is in die herstelde verhouding met God; vrede wat nie net ontvang word van God nie, maar wat ook weer toegepas word in die verhoudings met ander mense; 'n soeke om die eenheid te handhaaf wat die Gees tussen gelowiges gesmee het deur in vrede met mekaar te lewe (Ef. 4:3).
3. Liefde kom na vore in GEDULD: Geduld, wat tog so teen die mens se natuur is en wat alleen maar gevind word in die wete dat God alles onder beheer het en dat Hy self onreg sal straf; geduld van 'n sondaarmens wat weet dat ander mense soos hy sondig en onvolmaak is; geduld met die vooruitsig dat ons Here Jesus weer kom – op sy tyd (Ps. 130).
4. Liefde kom na vore in VRIENDELIKHEID: Om soos Christus op te tree teenoor ander deur hulle te verwelkom; vriendelikheid wat die saak van die ander mens voorop stel en wat nuttig is vir ander (Kol. 4:5-6).
5. Liefde kom na vore in GOEDHARTIGHEID: Om op morele gebied reg te lewe en om bo verdenking en opreg te bly; onberispelike kinders van God; goedhartigheid wat jou binne en buitekant dieselfde laat lyk (1 Pet. 3:8).
6. Liefde kom na vore in GETROUHEID: Gelowiges is betroubare mense; mense wie se “ja”, “ja” en wie se “nee”, “nee” is; lojale mense waarop jy kan staatmaak; mense wat veral lojaal en getrou aan God en sy wil lewe (Open. 2:10).
7. Liefde kom na vore in NEDERIGHEID OF SAGMOEDIGHEID: Wie besef dat hy sondaarmens is en voor die almagtige God lewe, sal nederig wees; hy sal op die Here vertrou en aanhou om te doen wat goed is, selfs al doen ander mense hom kwaad aan (Ps. 37:1-8).
8. Liefde kom ook uit in SELFBEHEERSING: Wie liefhet sal nie homself verloor in sy verhouding met ander mense nie; hy sal homself beheer in die wete dat hy voor God self lewe; hy sal nie sommer agter sy eie begeertes en luste aan hardloop en lewe nie, maar hy sal beheers wees (Spr. 25:28).

Die gelowige burger van Suid-Afrika of enige ander land, mag nie uit die oog verloor dat die mens nie om sy eie ontwil bestaan of primêr om sy/haar eie begeertes na te streef

nie. Die mens is geskape om God te verheerlik en om Sy grootheid te verkondig. Dit word bevestig deur Matteus 28:19-20: “Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” Die implikasie hiervan is dat die mens bestaan vir God, deur Sy genade en om Hom te behaag en die evangelie van Jesus Christus uit te dra.

Coetzee (2010:19) verduidelik hoe gelowiges die toekoms reeds moet deel maak van ‘n hoopvolle bestaan en roepingsbeleving nou:

- So moet ons die ewige lewe van die toekoms vandag lewe, selfs al moet ons by die graf van ‘n medegelowige staan.
- So moet ons die traanlose lewe van eendag nou reeds in ons onmiddellike wêreld inleef deur siekes te versorg en hartseer mense te vertroos.
- So moet ons die vreugdevolle toekoms van eendag nou reeds in ons gesinne en by ons werksplekke inleef deur blymoedig in die Here te wees. Ons erediensle moet dit weerspieël. Ons hantering van beproewinge moet dit vir die wêreld sigbaar maak.
- So moet ons die vryheid van eendag inlewe in ons situasies waar ons gevange of beperk is deur siekte, finansiële beperkinge of iets dergeliks.
- So moet ons die vrede van die ewige lewe om ons uitstraal deur vredemakers te wees en deur in moeilike tye biddend die onverstaanbare vrede van God vir onself en die mense om ons af te bid.
- So moet ons die verhouding van liefde wat ons eendag met medegelowiges sal hê, intrek in die beleving van ons verhoudinge in ons gesinne en tussen gelowiges.
- So moet ons die harmonie wat tussen God, sy skepping en die mens op ‘n nuwe aarde sal bestaan, nou reeds in hierdie wêreld inleef deur verantwoordelikheid vir God se skepping te neem.
- So moet ons die toekoms van saam met God wees in die wêreld inleef deur die evangelie van versoening deur Jesus Christus aan ander mense te bring wat geen toekoms met God het nie.

Die mens is missionêr in God se diens, Hy is die Sender deur wie gelowiges in die wêreld ingestuur word. Die mens is deel van die Missio Dei (God se sending), en solank God hom/haar wil en kan gebruik in Suid-Afrika om reg en geregtigheid te laat geskied, solank moet hy/sy hier bly. Bosch (1991:512) sê dat die christen se sending of missie in die gebroke wêreld multidimensioneel moet wees om geloofwaardig en getrou aan sy oorsprong te wees. Hy doen aan die hand dat hierdie missie uitgedruk kan word aan die hand van die ses “verlossende gebeure” in die Nuwe Testament:

- Die Vleeswording – Die belang hiervan is dat gelowiges nie ‘n prentjie van Christus mag skilder as slegs ‘n heilige wese nie, maar ook as die man wat vlees geword het, swaargekry en seergekry het net soos mense vandag. Christus het mens geword en vir jare geleef in die gebroke wêreld en Hy het Homself opgeoffer om ‘n verskil te maak. Aktueel vir die huidige situasie in Suid-Afrika, gee hierdie missionêre beeld vir Suid-Afrikaners die berusting dat hulle nie die eerste mense is wat swaarkry nie, maar dat Christus dit reeds deurleef het en presies weet waarmee geworstel word. Juis omdat Christus dit gedoen het, moet gelowiges sy voorbeeld volg en betrokke raak in die nood in Suid-Afrika en probleme help oplos, eerder as om individualisties te leef en deel te word van die probleem. Gelowiges hoef dus nie bang te wees of weg te hardloop nie, maar kan vertrou dat Hy niemand bo hul vermoëns sal beproef nie.
- Die Kruis – Die relevansie van die kruisdood lê daarin dat Christus geslaan en gemartel is tot die dood toe. Hy het dit eerste beleef, nog voordat Hy die sendingsopdrag gegee het. Hy het die swaarste pad gestap en die walglikste dood gesterf, juis sodat die sending van God hierop gebaseer kon word. Die perfekte het Homself laat breek, sodat die gebroke wêreld perfek kan wees voor God. Die kruisdood dui ook op versoening, tussen onderdrukkers en onderdrukktes, tussen individue. Versoening behels opoffering en onselfsugtige diens. Dit is waarin Christus vir gelowiges as model staan om na te volg. Nie die letterlike kruisiging nie, maar die onselfsugtige diens aan ander, ongeag of hulle dit verdien of nie. Christene word gestuur om sy/haar medemens te dien, in Suid-Afrika, ongeag wat hulle velkleur of kulturele of godsdienstige oortuigings is.

- Die Opstanding – Die opstanding van Christus uit die dood is ‘n vreugdevolle boodskap. Dit beteken dat Christus die dood en pyn en swaarkry oorwin het. Hy het dit uitoorlê. Die mensdom is op daardie oomblik vrygemaak in Christus. Sy opstanding was die eerste vrugte van God se oorwinning oor Satan. Dit beteken dat gelowiges se oorwinning, alreeds ‘n realiteit is in Christus. Die gelowiges word opgeroep om hierdie opgestane, nuwe lewe uit te leef reeds in hierdie tydelike lewe op aarde. Om aan die res van die wêreld die goeie nuus te bring. In Suid-Afrika is daar baie ruimte vir goeie nuus, mense raak so vasgevang in die koerante en televisie se slegte nuus en in politieke gevegte, dat gelowiges mekaar, en ander, kan herinner aan die goeie nuus van die verlossing in Christus.

- Die Hemelvaart – Christus se hemelvaart dui op die “reeds” en “nog nie” van God se plan. Christus het reeds die dood en die bose oorwin, maar die plan sal eers tot volkome uitvoering kom met die wederkoms. Daarom mag gelowiges nie die taak as afgehandel deur Christus beskou nie, maar juis as motivering en aanmoediging om hierdie boodskap te verkondig. Christene mag nie klein individualistiese groepies vorm om hulle te onderskei van ander nie, maar moet soos sout die geur versprei. As gelowiges wat hierdie boodskap glo mag die mens nie wag vir die regte geleentheid of die maklike opsie om die “reeds” van sy/haar verlossing uit te basuin en uit te leef nie. Daar is geen rede om te wag vir beter omstandighede of beter geleenthede oorsee nie, maar hier en nou is daar reeds geleenthede om die sendingsopdrag uit te voer.

- Uitstorting van die Heilige Gees – Die uitstorting van die Heilige Gees beteken dat Christus die Trooster en Raadgewer gestuur het om by elkeen te woon. Die kerk kan slegs beweeg deur die Heilige Gees se werking. Die gelowige kan slegs glo deur Sy werking. Die Heilige Gees is met die gelowige en moedig hom/haar aan tot aksie, tot deelname en tot aktiewe beywering vir geregtigheid op aarde. Na aanleiding van die geskiedenis van Suid-Afrika, het gelowiges hier die gulde geleentheid en plig om hulleself te beywer vir geregtigheid te midde van die ongeregtigheid wat seëvier in Suid-Afrika.

- Die Wederkoms – Met die wederkoms word alles duidelik. Dit is waarna die kerk uitsien. Dit is met die wederkoms wat die ewige lewe, wat reeds realiteit is, intree as 'n permanente bestaan. Die gelowige hoef nie die dood of enige ander angste te vrees nie, siende dat die wederkoms verseker is en hierdie wete verdryf alle vrees. Gelowiges sien hoopvol daarna uit om saam met Christus die ewige lewe te leef. Dit is waarom die gelowige geen rede tot vrees het nie, ongeag waar hy/sy hom/haar bevind, ongeag die misdaad en ongeregtigheid, want Christus is die mens se enigste hoop. Geen land kan daardie hoop oortref nie.

BIBLIOGRAFIE

ALSTON, K., VAN STADEN, J. & PRETORIUS, L. 2005. The Bill of Rights: implications for South African schools ten years into democracy. *Acta Academica*, 37(2):143-158.

ALUNAMPUMULA, U. 2008. Abahlali baseMjondolo Persverklaring: Abahlali baseMjondolo Verklaring oor die Xenofobiese Aanvalle in Johannesburg. <http://www.abahlali.org/node/3615> Datum van gebruik: 24 Sept. 2009.

ANON. 2009. Korrupsie-noodlyn raak jammerlike mislukking. *Rapport*. <http://152.111.1.87/argief/berigte/rapport/2009/09/08/RS/1/james.html> Datum van gebruik: 24 Sept. 2009.

BEACON FOR FREEDOM OF EXPRESSION. 1996. South Africa http://www.beaconforfreedom.org/about_database/south%20africa.html Datum van gebruik: 25 Sept. 2009.

BORNMAN, E. 2005. Emigrasie onder Afrikaners vandag. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 45(3):386-399.

BOSCH, D.J. 1991. Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission. New York: Orbis Books. 510 p.

BRANSON, N. & LAM, D. 2010. Education inequality in South Africa: Evidence from the national income dynamics study. *Studies in Economics and Econometrics*, 34(3):85-109.

BURDEN, J. 1993. Die uittog en bevrydingsteologie. *In Die Bybel in Praktyk*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 2120 p.

- BURGER, I. 2009. Versoening ís moontlik.
http://www.beeld.com/Content/Rubrieke/Gasrubriekskrywers/2149/ac127b63727c4ce598b59aaf489588c1/05-10-2009-07-39/Versoening_%C3%ADs_moontlik Datum van gebruik: 15 Okt. 2009.
- BURGER, J. 2009. Worrying trends: The official 2008/09 South African crime statistics. *SA Crime Quarterly* (30):3-11, December.
- CARSTENS, S. 2008. Dit jaag mense landuit. *Brandpunt*, November(24-26).
- CLOETE, A. 2008. Trots SA (lirieke)
<http://www.huisgenoottempo.com/kunstenaars/album/alex-cloete/cindy> Datum van gebruik: 9 Okt. 2009.
- COETZEE, H.S. 2010. Die Christen en ... die toekoms. *Die Kerkblad*, 113(3239):18-19, September.
- COETZEE, F. 2009. Fokus op verhoudings. (Handleiding uitgegee as hulpmiddel in "40-dae-van-fokus" by Gereformeerde Kerk Potchefstroom.) Potchefstroom. 65 p. (Ongepubliseer.)
- CRONJÉ, J.F & VAN WYK, L.J. 2008. Xenofobie in Suid-Afrika. *Woord en Daad*, 48(404):17-24.
- CROSS, M. & CARPENTIER, C. 2009. 'New students' in South African higher education: institutional culture, student performance and the challenge of democratization, *Perspectives in Education*, 27(1):6-18, March.
- D'ASSONVILLE, V.E. 2009. Sacrum suum verbum – aspekte van Calvyn se Skrifbeskouing in sy Kategismus van 1545. *Koers: Bulletin vir Christelike Wetenskap*, 74(4):731-764.

DE BRUYN, D. & WESSELS, A. 2010. Swart protes versus wit teenstand: Die politiek van regse blanke vrese, 1982-1987. *Journal for Contemporary History*, 35(1):99-122, Junie.

DE KLERK, P. 2009. Was die Groot Trek werklik groot? 'n Historiografiese ondersoek na die gevolge en betekenis van die Groot Trek. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(4):658-673, Desember.

DE LANGE, J. 2009. Regstelaksie kry bloedneus – Beeld.
<http://www.solidariteit.co.za/Tuis/tuis.php> Datum van gebruik: 27 Okt. 2009.

DE RIDDER, J. 2005. Die geboorte van Pretoria. <http://anbsa.co.za/?p=43> Datum van gebruik: 28 Okt. 2009.

DE VOS, P. 2009. SAPS shows how not to implement “affirmative action”.
<http://constitutionallyspeaking.co.za/saps-shows-how-not-to-implement-affirmative-action/> Datum van gebruik: 19 Okt. 2009.

DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS. 2009. Standpunt van die Akademie oor demokrasie.
<http://www.akademie.co.za/standpunte/demokrasie.html> Datum van gebruik: 15 Okt. 2009.

DE BEER, C.S. 2009. Vrye spraak, verantwoordelike spraak. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 49(1):5-19, Maart.

DOUMA, J. 1990. Etiek en recht. Kampen : Uitgeverij Van den Berg. 127 p.

DU PLESSIS, J.A. 2009. Management Briefing: Jacob Zuma and the future of South Africa. p11. http://www.vriendevanafrikaans.com/images/artikels/jan_dup.pdf Datum van gebruik: 9 Okt. 2009.

DU PLESSIS, W., PIENAAR, J. & OLIVIER, N. 2009. Onrus en Geweld: 2009 (1):
Joernaal.
SA Publiekreg, 24(1):191-204.

DU PLESSIS, W., PIENAAR, J. & OLIVIER, N. 2009. Onrus en geweld: 2009 (2)):
Joernaal.
SA Publiekreg, 24(2):611-621.

DU PLOOY, A le R. 2008. Emigrasie - realiteite en perspektief. *Die
Kerkblad*, 110(3210):10-12.

DU PREEZ, J. 2002. The Depletion of the Human Resources pool in South Africa.
Acta Comercij, 2:80-84.

DU RAND, J.A. 2005. Die doodstraf: 'n teologiese standpunt. *Verbum et ecclesia*,
26(2):341-356.

DU TOIT, P. 2006. Regstellende aksie, menseregte en die openbare mening oor
goeiepraktyk-kode. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 46(4):498-514, Desember.

FRANSMAN, C. 2002. Regstellende aksie in perspektief. *Die Kerkblad*,
105(3139):33-55, Augustus.

GEISLER, N.L. 2005. Christian Ethics: Options and Issues. Michigan : Baker. 335 p.

GROBBELAAR, R. 2009. Ekonomie beïnvloed emigrasie.
http://www.sake24.com/articles/default/display_article.aspx?ArticleId=6-98_2534436
Datum van gebruik: 8 Okt. 2009.

HERMANN, D. 2008. Hoe moet regstellende aksie reggestel word? – Internasionale
lesse. *Woord en Daad*, 48(404):28-30.

HELBERG, J.L. 1990. Die verbondsvolk se verhouding tot sy land. Potchefstroom :
Departement Sentrale Publikasies (PU vir CHO). 165 p.

HEYNS, M. 2004. A cosmopolitan politics of loyalty. *Koers: Bulletin vir Christelike Wetenskap*, 69(3):449-472.

HUGENOTE-VERENIGING VAN SUID-AFRIKA. s.a. Wie was die Hugenote?
<http://www.hugenoot.za.org/gesk-hug.htm> Datum van gebruik: 8 Okt. 2009.

JANSE VAN RENSBURG, F. 2008. Gaan dit regtig so sleg met ons hier in Suid-Afrika? *Brandpunt*, 110(3208):10-13, Februarie.

JANSEN, J. 2003. Wit en swart kán leer om hul ruimtes te deel. Rapport 2 November 2002. p17.
<http://repository.up.ac.za/upspace/bitstream/2263/429/1/Jansen%20%282003%29c.pdf>
Datum van gebruik: 15 Okt. 2009.

JONES, S. 2009. Delft se baba Tshepang. http://jv.news24.com/Rapport/Kaap-Rapport/0,,752-799_2496793,00.html Datum van gebruik: 24 Sept. 2009.

KAMPER, G.D. & STEYN, M.G. 2007. 'My toekoms in Suid-Afrika : perspektiewe en verwagtings van die Afrikaanssprekende jeug'. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 47(4):516-530.

KAPUR, D. & McHALE, J. 2006. Should a Cosmopolitan Worry about the "Brain Drain"? *Ethics and International Affairs*, 20(3):305-320.

KATTS, D.J. 2009. Die rol van 'n etiek van verantwoordelikheid en morele vorming in die bou van 'n menswaardige samelewing. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 50(3&4):397-408.

KEEVY, I. 2009. *Ubuntu* versus the core values of the South African Constitution. *Journal for Juridical Science*, 34(2):19-58, December.

KERR-PHILLIPS, B & THOMAS, A. 2009. Macro and Micro challenges for talent retention in South Africa. *SA Tydskrif vir Menslikehulpbronbestuur*, 7(1):1-10.

KING, T. 2006. Onderwys in Suid-Afrika: Anderkand die drome van onderwysburokrate
<http://vryeafrikaan.co.za/lees.php?id=754> Datum van gebruik: 16 Okt. 2009.

KINGDON, G. & KNIGHT, J. 2004. Unemployment in South Africa: The Nature of the Beast. <http://www.csae.ox.ac.uk/resprogs/usam/default.htm> Datum van gebruik: 16 Okt. 2009.

KOLLAPEN, J. 2002. Human Rights Commission.
<http://www.southafrica.info/about/democracy/sahrc.htm> Datum van gebruik: 27 Okt. 2009.

KRUGER, G.S. 2010. My verhouding met... my landsgenote. *Die Kerkblad*, 113(3237):10-11, Julie.

KRÜGER, A.J. 2008. God gaan met Abraham op trek – perspektiewe op Abraham se lewe: fokusartikel. *Die Kerkblad*, 110(3215):18-19, September.

LAMBRECHTS, L. & VISAGIE, J. 2009. "De la Rey, De la Rey, sal jy die Boere kom lei?" *LitNet Akademies*, 6(2):76-105, Augustus.

LÜDEMANN, W. 2009. Musiek en kulturele diversiteit in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(4):639-657, Desember.

MALAN, K. 2007. Die brose wisselwerking tussen die (reg op) eierigting en die (falende) staat. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 7(4):119-133, Desember.

MALAN, N. 2009. The performance of the right to have access to social security. *Law, Democracy and Development*, 13(2):91-95, November.

MCGREGGOR, M. 2007. A legal historical perspective on affirmative action in South Africa (part 2). *Fundamina*, 13(2):99-110.

MEILAENDER, P.C. 2007. Immigration: Citizens & Strangers. *Religion & Public Life: 10-12*, Mei.

MEYER, O. 1999. Vierde Sondag in Lydenstyd.
http://academic.sun.ac.za/buvton/leesrooster/Efesi%C3%ABrs050814_140399_lyd1999.htm Datum van gebruik: 19 Okt. 2009.

MOSES, J.W. 2006. International Migration: Globalization's last frontier. Kaapstad: David Phillip. 235p.

MULDER, P. 2008. Thabo Mbeki vs Jacob Zuma: Ons reaksie op die politieke onsekerhede van ons tyd. *Die Kerkblad*:29-30, April.

NELSON, C. 2010. Die stand van demokrasie in Suid-Afrika: 'n kritiese perspektief. *LitNet Akademies*, 7(1):61-98, Maart.

NUWE GESKIEDENIS. 2009. Waarheids-en-Versoeningskommissie.
<http://wiki.nuwegeskiedenis.co.za/index.php/Waarheids-en-Versoeningskommissie>
Datum van gebruik: 27 Okt. 2009.

ODENDAAL, F.F. & GOUWS, R.H. 2000. H.A.T: Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Stellenbosch : Perskor. 1387 p.

OLIVER, E. 2010. Afrikaner Christianity and the concept of empire. *Verbum et Ecclesia*, 31(1):1-7.

OLIVIER, R. 2008. VN vra hulp ná nog "xenofobie-aanvalle".
<http://jv.dieburger.com//Stories/Streek/OosKaap/18.0.960425900.aspx> Datum van gebruik: 24 Sept. 2009.

PIENAAR, C. 2009. Is die akademiese werksbedeling steeds volhoubaar? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(2):249-265, Junie.

PILLAY, V. 2009. The problem with prisons.
http://www.news24.com/Content/SouthAfrica/News/1059/ff4e1e1e69d24905ae884b23803ea3c5/29-05-2009-02-28/The_problem_with_prisons Datum van gebruik: 5 Nov. 2009.

PRETORIUS, C. 2009. Bybellennium.
<http://ngmeyerspark.co.za/default.php?ipkCat=252&ifkCat=326&sid=339&ipkArticleID=89&> Datum van gebruik: 23 Sept. 2009.

PRETORIUS, S.P. 2008. The need to understand the emotions of anger, fear and guilt when counselling religious cult victims. *Koers: Bulletin vir Christelike Wetenskap*, 73(2):265-282.

RAY, M. 2008. Tydbom.
http://www.fin24.com/articles/default/display_print_article.aspx?ArticleId=1518-1446-1865_2305360&Type=News Datum van gebruik: 24 Sept. 2009.

RETIEF, P. 1837. Piet Retief se manifes.
<http://www.boerevryheid.co.za/forums/showthread.php?t=3367> Datum van gebruik: 18 Okt. 2009.

SAPA. 2009. Mantashe: Education struggles with apartheid legacy. *Mail & Guardian*.
<http://www.mg.co.za/article/2009-10-08-mantashe-education-struggles-with-apartheid-legacy> Datum van gebruik: 16 Okt. 2009.

SENTRUM VIR GRONDWETLIKE REGTE. 1996. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. https://www.givengain.com/cause_data/images/2137/afrikaans.pdf Datum van gebruik: 13 Okt. 2009.

SIMELANE, S.E. 1999. Trend in international migration among professionals, semi-professionals and miners in South Africa. 1970-1997, *Statistics South Africa*. 6-7: 5 Julie.

SMIT, C.J. 2008. Sleutels vir die toepassing van die kerkorde. *In die Skriflig*, 42(4):603-612.

SNYMANS INCORPORATED. s.a. Emigration could unlock SA's struggling affordable market. <http://www.snymans.com/news/emigration-could-unlock-sa2019s-struggling-affordable-market.html/> Datum van gebruik: 8 Okt. 2009.

SPREEN, C.A. & VALLEY, S. 2010. Outcomes-based education and its (dis)contents: Learner-centred pedagogy and the education crisis in South Africa. *Southern African Review of Education*, 16(1):39-58.

STATISTICS SOUTH AFRICA. 2000. Labour Market Trends In September 2000. <http://www.statssa.gov.za/publications/DiscussLFS/DiscussLFSSeptember2000.pdf> Datum van gebruik: 25 Sept. 2009.

STATSSA. 2003. Documented Migration, 2003. <http://www.statssa.gov.za/publications/Report-03-51-03/Report-03-51-032003.pdf>

STEENKAMP, L. 2008. Só word hulle op plase vermoor, beroof en besteel. http://jv.news24.com/Rapport/Nuus/0,,752-795_2328486,00.html Datum van gebruik: 24 Sept. 2009.

STEINGO, G. 2005. "I am proud to be a South African because I am South African": reflections on "white pride" in post-apartheid South Africa. *African Identities*, 3(2): 196-210.

STRAUSS, P. s.a. Armoede nie rasgebonde. http://www.voortrekkers.org.za/Sake_van_die_dag/Armoede_nie_rasgebonde.pdf Datum van gebruik: 8 Okt. 2009.

TLU SA. 2005. TLU SA Standpunte. <http://www.agriwebsa.com/SEE/TLU%20SA%20STANDPUNTE.doc> Datum van gebruik: 8 Okt. 2009.

UNITED NATIONS. 2009. Universal Declaration of Human Rights <http://www.un.org/en/documents/udhr/> Datum van gebruik: 23 Sept. 2009.

VAN DER MERWE, C.N. 2010. Geloofsvolwassenheid. Die Kerkblad, 112(3233):7-8, Maart.

VAN DER MERWE, N. 2008. Empirical phenomenological research on armed robbery at residential premises: Four victims' experiences. *Acta Criminologica, CRIMSA Conference*, Special Edition (2):139-161.

VAN DER MERWE, W. & DE VOSS, V. 2008. The ethics of responsibility: The ethical philosophy of Emmanuel Levinas. *Acta Academica*, 40(1):1-30.

VAN DER SCHYFF, E. 2003. Staatsinmenging in privaat-eiendom – verantwoordbaar vanuit Christelike perspektief? *Koers: Bulletin vir Christelike Wetenskap*, 68(2 & 3):237-254.

VANDEYAR, S. 2010. Responses of South African teachers to the challenge of school integration. *South African Journal of Education*, 30(3):343-359.

VAN DER WALT, B.J. 2004. Globalisering: Die nuwe gees van die 21ste eeu? *In die Skriflig*, 38(2):263-289.

VAN DER WALT, B.J. 2004. 'n Skande- versus 'n skuldgeoriënteerde Gewete: 'n Verklaring vir die botsing tussen die Afrikakultuur en die Westerse kultuur? *Koers: Bulletin vir Christelike Wetenskap*, 69(1):27-55.

VAN DER WALT, B.J. 2008. 'n Reformatoriese samelewingsfilosofie: 'n sistematiese uiteensetting, kritiese evaluering en praktiese toepassing. *In die Skriflig*, 42(3):499-529.

VAN DER WALT, J.L. 2010. Resente ontwikkelings met betrekking tot uitkomsgebaseerde onderwys op skoolvlak. *Woord en Daad*, 50(411):16-21.

VAN DER WALT, J.L. 2010. Religion in education: Is there yet another solution? *Koers: Bulletin vir Christelike Wetenskap*, 75(1):79-98.

- VAN DER WALT, P.C. 2007. Onwettige emigrante, misdaad en xenofobie. *Die Kerkblad*, 110(3199):32-33, Mei.
- VAN DER WALT, S.P. 2009. Nederigheid... die agste aspek van die vrug van die Heilige Gees. *Die Kerkblad*, 112(3229):32-33, November.
- VAN HELDEN, M. s.a. Gehoorsaamheid kos jou soms baie.
<http://www.gkcenturion.org.za/prediking17b.html> Datum van gebruik: 24 Sept. 2009.
- VAN NIEKERK, S. 2005. Broers op dieselfde wyse en tyd vermoor.
http://jv.news24.com/Rapport/Nuus/0,,752-795_1821664,00.html Datum van gebruik: 24 Sept. 2009.
- VENTER, P. 2010. Gelowiges God se vredemakers! *Die Kerkblad*, 113(3237):8-9, Julie.
- VERSTER, P. 2004. Respek vir die lewe en die doodstraf. *Acta Theologica* 2004(2):168-179.
- VORSTER, J.M. 2002. Die reg op lewe. *In die Skriflig*, 36(2):185-206.
- VORSTER, J.M. 2004. Ethical Perspectives on Human Rights. Potchefstroom Theological Publications. 292 p.
- VORSTER, J.M. 2006. Die Etiek van Regstellende Aksie (*In Acta Theologica*) 2006(1) p225-248. <http://www.ufs.ac.za/faculties/documents/journal/6/16/111/12-Vorster.pdf>
Datum van gebruik: 13 Okt. 2009.
- VORSTER, J.M. 2007. Is regstellende aksie reg? *Die Kerkblad*, 110(3198):27-28, April.
- VORSTER, J.M. 2008. Die vreemdeling in ons midde. *Die Kerkblad*, 110(3214):30-31, Augustus.

VORSTER, N. 2006. Ons taak as rentmeesters. http://www.gkbult.co.za/Data/17-092006_Ps24_Jy_mag_nie_steel_nie_Dr_Nico_Vorster_1395.asp Datum van gebruik: 15 Okt. 2009.

WESTERN CULTURE GLOBAL. 2009. Western Culture Knowledge Centre: What is Western culture <http://www.westerncultureglobal.org/what-is-western-culture.html> Datum van gebruik: 16 Okt. 2009.

WIJNBEEK, M. 2008. Waar wil mens wees? Emigrasie of nie. Die Kerkblad, 110(3212):34-37, Junie.

WIJSENBEEK, T. 2007. Identity Lost: Huguenot Refugees in the Dutch Republic and its Former Colonies in North America and South Africa, 1650 to 1750: A Comparison. *South African Historical Journal*, Vol.59:79-102.

WOLHUTER, C.C. & STEYN, S.C. 2003. Learner discipline at school: A comparative educational perspective *Koers: Bulletin vir Christelike Wetenskap*, 68(4):521-538.

WOLHUTER, C.C., HIGGS, P., HIGGS, L.G. & NTSHOE, M.I. 2009. Die tanende aantreklikheid van die akademiese professie in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 50(2):141-156, Junie.

ZILLE, H. 2009. Helen Zille's speech on election as Western Cape premier. <http://www.politicsweb.co.za/politicsweb/view/politicsweb/en/page71619?oid=127838&n=Detail> Datum van gebruik: 14 Okt. 2009.